# Hoofstuk 1
# Inleiding, oriëntering en navorsingsontwerp

## 1.1 Inleiding

Die Suid-Afrikaanse boekuitgewerybedryf verteenwoordig binne die Afrika-konteks ’n besonderse inheemse prestasie: dit is die grootste, mees diverse en tegnologies mees gevorderde boekuitgewerybedryf op die kontinent (PICC, 2004:51). Die ontwikkeling van dié bedryf hou direk verband met die breë Suid-Afrikaanse geskiedenis van kolonialisme, apartheid en die oorgang na demokrasie, sowel as met die verbandhoudende ekonomiese, politieke, institusionele en tegnologiese faktore wat uitgee beïnvloed (Evans & Seeber, 2000:4; Galloway, 2002a:204, 219).

In die eras van Nederlandse kolonialisme, Britse imperialisme en etniese Afrikaner-nasionalisme het die staat streng beheer toegepas oor dít wat uitgegee kon word of verbied is. Nienaber (1943a:3-4) toon aan dat die Here XVII telkens versoeke (in 1783 en 1786) van die Vereenigde Oostindische Compagnie (VOC) vir die invoer van ’n drukpers na die Kaap afgekeur het (gevolglik sou die eerste drukwerk op plaaslike bodem, ’n almanak, eers in 1795 deur Johannes Christian Ritter geproduseer word). Later, onder Britse bewind, het Lord Charles Somerset streng beheer toegepas op die eerste onafhanklike koerant, *The South African Commercial Advertiser* (gestig in 1824), wat hom herhaaldelik vir persvryheid en teen korrupsie in die regering uitgespreek het. Dié blad is dan ook deur Somerset verbied. Dit het gelei tot die eerste debakel oor sensuur en vryheid van die pers. Op 12 Februarie 1825 is persvryheid vir die eerste keer toegestaan (Nienaber, 1943a:9-15).

Gedurende die apartheidsera (1948-1994), het die invoering van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede van 1963, die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme van 1966 en die Wet op Publikasies van 1974, die strengste sensuurstelsel verseker (Mpe &

Seeber, 2000:23) en het dit aanleiding gegee tot die ontstaan van ’n alternatiewe uitgewerybedryf. Volgens Andries Oliphant (2000:109-110) is hierdie streng beheer oor die produksie en verspreiding van literatuur ’n belangrike kenmerk in die geskiedenis van die plaaslike boekuitgewerybedryf en het dit die ontwikkeling van al die letterkundes van Suid-Afrika direk geraak. In vergelyking met die relatiewe sterkte van plaaslike boekproduksie in die algemeen, is die skrale en oneweredige produksie van fiksiepublikasies in al die inheemse tale van Suid-Afrika en in alle fiksiegenres volgens hom een van die skrilste historiese ironieë omtrent die bedryf. Annari van der Merwe (2000a:2-4) sluit by hierdie beskouing aan wanneer sy verwys na die “oneweredige literêre erfenis” van die plaaslike boekuitgewerybedryf wat die toekomstige ontwikkeling van dié bedryf ’n besonderse uitdaging maak. Teen die begin van die 1990’s was die boekproduksie van Afrikaanse fiksie, in vergelyking met produksie van inheemse fiksie in Engels en in Afrikatale, die florerendste in terme van die hoeveelheid titels wat geproduseer is en die verskeidenheid waarin uitgegee is. In die verloop van die 1990’s het Afrikaanse fiksieproduksie sy dominante posisie in die plaaslike produksielandskap behou, maar die aantal fiksietitels wat per jaar uitgegee is, was aan die afneem (Galloway, 2002a:207-208, 221).

Die ontstaansgeskiedenis van die Afrikaanse boekuitgewerybedryf in die tweede helfte van die 1870’s, hou direk verband met doelbewuste pogings om Afrikaans te verhef as taal van geskrewe en gedrukte kommunikasie, die sogenaamde Eerste Afrikaanse Taalbeweging (1875-1900). Die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in 1875 en die mondstuk daarvan, *Die Afrikaanse Patriot* (gestig in 1876), wou die nasionale belang van die Afrikaner bevorder. Dié doel is nagestreef deur die produksie van publikasies in Afrikaans en die drukkery D.F. du Toit & Co. is in 1878 daarvoor gestig.

Die imperialistiese ideale van Lord Alfred Milner met die invoering van sy omvangryke verengelsingsbeleid, wat gevolg het op die Anglo-Boereoorlog (1989-1901), het aanleiding gegee tot die Tweede Afrikaanse Taalbeweging (1900-1930) wat sou lei tot grootskaalse bestendiging van die Afrikaanse taal en sy funksies. Dit het ook gelei tot

verdere momentum in die ontwikkeling van die Afrikaanse boekuitgewerybedryf. Van die vroegste uitgewerye wat bygedra het tot produksie van Afrikaanse fiksie was die Hollandsch-Afrikaansche Uitgeversmaatschappij (gestig in 1894), die Suid-Afrikaanse takke van die Amsterdamse uitgewery J.H. de Bussy (1894), Het Westen Drukkerij (1904) en Van der Sandt de Villiers Drukpers Maatschappij Beperkt (1845).

In 1914 breek Generaal J.B.M. Hertzog en sy volgelinge weg van die Suid-Afrikaanse Party en hy stig die Nasionale Party. Kort hierna word twee uitgewerye gestig wat oor ’n lang periode ’n belangrike en standhoudende bydrae tot Afrikaanse boekproduksie sou lewer: J.L. van Schaik in Pretoria (1914) en Nasionale Pers in Kaapstad (1915). Nuwe Afrikaanse koerante, byvoorbeeld *Ons* (later *Die*) *Vaderland* (1915), *De* (later *Die*) *Burger* (1915) en *Die Volksblad* (1916) sowel as tydskrifte soos *Die Huisgenoot* (1916, oorspronklik *Ons Moedertaal*) en *Die Boerevrou(w)* (1919) sien die lig wat die taalstryd ondersteun en waarbinne Afrikaanse skeppende leesstof ’n belangrike komponent vorm (Kannemeyer, 1988:27-45; Nienaber, 1943a:64-65, 105-118). Teen die laat 1920’s bestaan daar dus ’n reeks gekonsolideerde prosesse vir die amptelike erkenning van Afrikaans (wat plaasvind in 1925), die ontwikkeling van ’n Afrikaanse uitgewerybedryf en die popularisering van Afrikaans onder Afrikaanssprekendes. Hofmeyr (1987:95-123) betoog dat die Afrikaanse boekuitgewerybedryf reeds van vroeg af verbind was met die etniese konsep van Afrikaner-nasionalisme en dat die produksie van ’n Afrikaanse literêre kultuur ’n belangrike rol daarin gespeel het (vergelyk ook Du Plessis, 2004:128-133).

Die politieke en kulturele verbintenis van die Afrikaanse boekuitgewerybedryf het verder versterk met die oorwinning van die Nasionale Party in 1948 en die apartheidsera wat daarna gevolg het. Mpe & Seeber (2000:19-20) toon byvoorbeeld die verbintenis tussen dié bedryf en Afrikaner politici aan deur te verwys na die feit dat destydse Eerste Ministers redakteurs van Afrikaanse koerante was of op die direksie van media-maatskappye gedien het, byvoorbeeld D.F. Malan as redakteur van *Die Burger* en H.F. Verwoerd as redakteur van *Die Transvaler*. Ná 1948 het dié uitgewerye wat in Afrikaner-besit was ’n dominante rol gespeel in die voorsiening van skoolhandboeke waarvan die

inhoud onkrities teenoor die apartheidsbestel gestaan het (vergelyk die essays in Kromberg, Govender, Birrell & Sibanyoni *et al*, 1993) en hierdie uitgewerye het vinnig en suksesvol uitgebrei (Mpe & Seeber, 2000:19-23). Hierteenoor beweer sommige meningsvormers dat hierdie opinie oor sodanige uitgewerye as ’n eensydige siening van Engelse liberale beskou kan word. Hierdie groei (gestimuleer deur institusionele aanklank) het meegehelp tot die vestiging van ’n lewenskragtige bedryf wat die produksie van ook Afrikaanse fiksiepublikasies en akademiese publikasies positief geraak het. Afrikaanse fiksieproduksie was gedurende die apartheidsera bevoordeel deur die regering se institusionele ondersteuning van die boekuitgewerybedryf in die vorm van substansiële aankope van skoolboeke en ruim biblioteekbegrotings (Van der Merwe, 2000a:4; vergelyk ook Oliphant, 2000:117). Op die lange duur sou hierdie bevoordeling egter negatiewe gevolge vir die Afrikaanse uitgewerybedryf inhou: dit het tot ’n kunsmatige lewensvatbaarheid aanleiding gegee wat moeilik sonder substansiële institusionele ondersteuning in ’n post-apartheid Suid-Afrika gehandhaaf sou kon word en ná 1994 moes dié bedryf van hierdie bevoordeelde posisie gespeen word.

Aan die vooraand van die 1990’s het die Afrikaanse taal, kultuur, letterkunde en Afrikaanse instellings (in beide die openbare en privaatsektor) ’n geïnstitusionaliseerde posisie van gevestigdheid én bevoordeling beklee. Met die aanbreek van ’n demokratiese bestel in Suid-Afrika gedurende die vroeë 1990’s (wat reeds vóór 1990 ’n aanloop gehad het – vergelyk Giliomee, 2004:585-592) en die daaropvolgende transformasieprosesse, kon die Afrikaanse taal se uitdrukkingswyses en funksies nie meer op institusionele bevoordeling staatmaak nie. Afrikaans was nie meer een van slegs twee amptelike tale nie, maar een van elf amptelike tale en in die praktyk is Engels nie-amptelik tot die *de facto* amptelike taal verhef – die erkenning van ’n multitalige Suid-Afrika in die Grondwet het tot op hede nog nie inslag in die praktyk gevind nie. In die verloop van die 1990’s en vroeë 2000’s het die Afrikaanse taal, kultuur en letterkunde en Afrikaner-institusies stelselmatig begin inboet aan sy voormalige bevoorregte posisie ten opsigte van hoër funksies (vergelyk Giliomee, 2004:622-626, 628-631; Carstens, 2004:4-8 en Van Coller & Steyn, 2001:158-174): Afrikaans as uitsaaitaal op nasionale televisie is ingekort (sien 3.3.1.2); voormalige Afrikaanse universiteite het oorgeskakel na

aanvanklik parallelmediumonderrig in Afrikaans en Engels en later toenemend na hoofsaaklik enkelmedium, naamlik Engels (sien 3.3.4.4); die posisie van Afrikaans as taal van die wetenskap en navorsing het verswak (vergelyk Mouton, 2005:370-385); Afrikaans in die openbare sektor is in ’n groot mate verdring; al hoe minder besigheid in die privaatsektor is in Afrikaans gedoen; die posisie van Afrikaans as regstaal en juridiese taal in die howe het onder druk gekom; en Afrikaanse skole is gedwing om onderrig in ook Engels in te voer.

Die Afrikaanse spraakgemeenskap het, in verskeie hoedanighede (binne akademiese kringe, maar ook op voetsoolvlak deur, soms emosionele, mediadebatte), vinnig gereageer op hierdie funksieverliese en beredenering oor die stand en toekoms van Afrikaans voortgesit. ’n Taaldebat oor die posisie van Afrikaans het reeds in die vroeë 1980’s begin – vergelyk byvoorbeeld Prinsloo & Van Rensburg *et al* (1984), die Taal en Stryd-kongres van 1989 (Du Plessis & Van Gensen *et al,* 2000) en Steyn (in Prinsloo & Van Rensburg *et al,* 1984:26) wat die inwyding van die Afrikaanse Taalmonument in 1975 en die uitbreek van die Soweto-opstande in 1976 uitsonder as twee taalpolitieke gebeurtenisse en bakens wat die “gesprek oor Afrikaans” ontketen het. Ná 1994, binne die multitaligheidsopset van post-apartheid Suid-Afrika, het die taaldebat geïntensiveer – in só ’n mate dat sommige meningsvormers na ’n derde taalstryd verwys. Die Afrikaanse spraakgemeenskap speel tans ’n leidende rol in die stryd om erkenning van gelyke taalbereëling en veeltaligheid en president Thabo Mbeki het die voorbeeld wat hierdeur aan ander taalgemeenskappe gestel word as lofwaardig geprys (aangehaal in Gwatyu, 2005:2). Enkele konkrete en resente voorbeelde van hoe dié wyd uiteenlopende taaldebat kristalliseer, is die Afrikaanse Taalberaad wat in 2004 onder leiding van die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans (NTLA) op Stellenbosch plaasgevind het; die taaloudit van Afrikaanse inisiatiewe (Prinsloo, 2004) wat die beraad voorafgegaan het; en die taaldebat oor die invoering van parallelmediumonderrig (die sogenaamde T-opsie) by die Universiteit van Stellenbosch (sien 3.3.4.4). (Politieke transformasie en veranderde taalbereëling word in meer detail in 3.4.1.1(a) en 3.4.1.1(d) bespreek.)

Een van die besondere prestasies van Afrikaans, as ’n relatiewe jong taal, is die bestaan van ’n omvangryke letterkunde en ’n ontwikkelde literêre tradisie en literêre kultuur (vergelyk Van Zyl, 2000a:4). Dit hou direk verband met die kragtigheid van Afrikaans se funksie as taal van die letterkunde en Afrikaans as uitgeetaal en taal waarin boek-produksie plaasvind. Van der Merwe (2000a:5) beskou die Afrikaanse boekuitgewery-bedryf binne die konteks van Afrika as “niks minder nie as ’n wonderwerk”. Binne die bovermelde konteks van die funksieverlies van Afrikaans binne die eerste fase van die post-apartheidsera, ontstaan die vraag na die stand van die Afrikaanse boek en die Afrikaanse letterkunde in die breë, en in die besonder na die stand van boekproduksie in Afrikaans en Afrikaans as uitgeetaal.

’n Debat oor die voortbestaan van die Afrikaanse boek het nie agterweë gebly nie en is sedert die laat 1990’s, soms hewig, gevoer (vergelyk briewe en artikels in die media soos deur Weideman, 1998:8; Scholtz, 1998:8; en Van Zyl, 1998a:1 en 1998b:7-8). Bekommernis oor die Afrikaanse boek, spesifiek die Afrikaanse fiksieboek, kom op formele wyse in 2002 na die oppervlak wanneer Afrikaanse fiksieskrywers uitgewerye van (ook) Afrikaanse fiksie in ’n “gespreksdokument” verwyt dat hulle minder fiksietitels (veral poësiepublikasies) uitgee (Weideman *et al*, 2002). Teen 2003 word kommer oor die stand van Afrikaanse fiksie deur verskeie literatore uitgespreek. Helize van Vuuren (2003:11) beskryf die toekoms van die Afrikaanse letterkunde as “duister”: “’n Oorsigtelike blik op die tendense in Afrikaanse letterkunde (resepmatigheid soos in die jongste bosboek van Dalene Matthee [*Toorbos* (Tafelberg, 2003)], ’n steeds groterwordende lys ligte, populêre boeke, die afwering van uitgewers van hoë, ernstige literêre tekste ten gunste van blitsverkopers en geldmakers soos die populêre, avontuurlike en sensasionele, die inkrimping van boekeblaaie) laat die vermoede ontstaan dat ’n soortgelyke regressie as waaroor [N.P. van Wyk] Louw dit had gaande is” (Van Vuuren, 2003:11). In 2000 verwys Van Vuuren (aangehaal in Odendaal, 2002:51) grappenderwys na die stand van die Afrikaanse poësie as “Dood soos ’n mossie!”. Joan Hambidge verwys na Sonja Loots (2003a:18), boekeredakteur van *Rapport*, se uitspraak dat 2003 “’n vaal jaar vir Afrikaanse fiksie, veral literêre fiksie” was en poneer ’n omstrede opinie oor die “impasse in ons letterkunde”: “Daar het waarskynlik vroeër te

veel boeke verskyn en ja, die Afrikaanse letterkunde was oorbemark en dit was ’n media-spel wat later so leeg soos ’n penneblikkie was. Inderdaad is dit goed dat daar min(der) verskyn, dat daar strenger gekyk en gekeur word, maar dit moet nie ten koste van belangrike en grensverskuiwende tekste gebeur nie” (Hambidge, 2004:13). Dan Roodt (2004a:17), taalaktivis en eienaar van die uitgewery Praag, voer ’n aantal redes aan vir die kwyning van die Afrikaanse letterkunde: (i) in die verlede het akademici van skrywers verwag om polities en ideologies veilige boeke te skryf, vol simbole of verwysings, wat gerig was op die voorskryfmark, en dié mark het verdwyn; (ii) die meeste Afrikaanse uitgewerye was “verbonde aan die groot persgroepe vir wie die uitgee van boeke ’n soort gesubsidieerde prestige-bedrywigheid was” en hulle het nie voldoende aan boekwinkels bemark nie en het op die voorskryfmark staatgemaak; (iii) “Afrikaanse koerante is nie meer lojaal teenoor die Afrikaanse boek nie”; en (iv) Afrikaanse skrywers weet vandag nie “hoe om sin te kry uit die politieke veranderings in Suid-Afrika nie”, skryf nie vernuwend en met waagmoed nie en lewer gevolglik produkte wat die Afrikaanse leser verveel. Ten spyte van hierdie omstandighede voel Roodt steeds dat “ons aan die vooraand van ’n bloeityd vir Afrikaanse boeke” is en maak hy voorbrand vir die Afrikaanse boek. Volgens Kirby van der Merwe (2004a:17), voorheen adjunk-boekeredakteur van *Insig*, het uitgewers, skrywers en boekeredakteurs juis oor die afgelope dekade “bemoeienis gemaak [...] met die taal en die voortbestaan van die boek”. Van der Merwe beskou Roodt se “oproep” as ’n beklemmende vorm van laertrek en wonder of “die heil van en die oorlewing van die taal en die Afrikaanse letterkunde nie juis in die natuurlike dood daarvan lê nie”. Hy gee toe dat daar “wesenlike aanslagte op die taal” is, maar weier om mee te doen aan die “dodedans rondom Afrikaans”.

In sy hersiene Afrikaanse literatuurgeskiedenis maak die bekende literatuurhistorikus John Kannemeyer (2005:560-561) die stelling dat 1994 geen keerpunt verteenwoordig in terme van inhoudelike vernuwing en die aanbreek van ’n nuwe periode in die Afrikaanse literatuur nie: “Daar mag die verwagting wees dat die Afrikaanse literatuur na die demokratiese verkiesing van 27 April 1994 daar anders uitsien as die literatuur daarvoor en dat dit hierdie datum is wat ’n vernuwing inlui. Hoewel politiek en literatuur soms ’n duidelike verband het, loop die literatuur egter meermale sy eie koers [...] In die dekades

voor 1994 was daar nooit ’n fase dat die Afrikaanse literatuur apartheid gepropageer of geakkommodeer het nie. Die finale afrekening en breuk, waartoe die kritiese ingesteldheid van die jare sestig die aanloop was, kom egter met die sterk en verhewigde verset van omstreeks die middel van die sewentigerjare, al styg die beste werke bo die onmiddellike aktualiteit uit en word die verset teen die onregverdige bestel in die land en die nood van die enkele mens tot universele plan verhef”. Hierna motiveer Kannemeyer sy periode-indeling om die “hedendaagse Afrikaanse literatuur” as ’n periode van 1976 tot tans te beskou. Kannemeyer mag reg wees wat die inhoudelike aspekte van tekste betref, maar wat die materiële produksie van Afrikaanse fiksie betref, was die 1990’s wel ’n belangrike keerpunt in die uitgeesisteem en uitgeegeskiedenis van Afrikaanse fiksie: die proses waardeur die Afrikaanse literatuur tot produk omskep word en waarbinne dit geproduseer word, het onherroeplik verander.

Die 1990’s kan beskou word as ’n Rubicon vir die Suid-Afrikaanse boekuitgewery-bedryf: dit is die era waartydens dié bedryf moes transformeer vanaf die funksionering daarvan in ’n konteks van apartheid (en kolonialisme) tot die nuwe konteks van ’n ontplooiende post-apartheid demokrasie (Galloway, 2002a:204). Noodwendig sou dit ook ’n impak hê op boekproduksie van plaaslike fiksie in die algemeen en spesifiek op die produksie van Afrikaanse fiksie. Aan die begin van die 1990’s is hoë verwagtinge gekoester vir die transformasie en ontwikkeling van die plaaslike boekuitgewerybedryf en die toekomstige rol wat dit kon vervul in die demokratisering van Suid-Afrika (sien 3.4.2.2). Volgens Oliphant (2000:121) het die boekuitgewerybedryf egter gedurende die 1990’s agteruitgegaan in terme van die diversiteit in eienaarskap, die verskeidenheid in boekproduksie en waarskynlik ook in die sosiale belang van die bedryf (vergelyk ook Wafawarowa, 2004 wat krities staan en voel dat die boekuitgewerybedryf nie genoegsaam gedurende die 1990’s getransformeer het nie – veral in terme van diversiteit in eienaarskap). Steeds beskou Oliphant die bedryf as van nasionale belang vir die bevordering van die inheemse literêre kulture van Suid-Afrika.

Die oorgangsera was ’n periode van dramatiese transformasie met betrekking tot die omvang, grootte en kultuur van die Suid-Afrikaanse (én Afrikaanse)

boekuitgewerybedryf. Die groei of inkrimping van die boekuitgewerybedryf kan slegs wetenskaplik bepaal word deur empiriese navorsing oor boekproduksie – omdat boekproduksie in die materiële wêreld gewortel is en gedeeltelik deur telbare hoeveelhede begryp en beskryf kan word (vergelyk die uitsprake van Simon Eliot in 5.2). Die doel met hierdie studie is dan juis om ’n empiriese ondersoek na die materiële produksie van Afrikaanse fiksie te loods en deur middel van kwantitatiewe navorsing die impak van transformasie op boekproduksie, op ’n statistiese wyse, na te vors.

## 1.2 Probleemstelling, navorsingsvrae en doelstellings van die ondersoek

Teen die agtergrond van die sosio-politieke transformasie van die Suid-Afrikaanse samelewing sedert 1990, wat die totale samelewing op byna elke terrein geraak het (wat die ekonomiese, tegnologiese, kulturele en mediakontekste betref, asook kontekste soos die staat se voorsiening vir boeke in skole en biblioteke ), fokus hierdie studie op die impak van transformasie op die produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005. Die genoemde debatte oor die stand van die Afrikaanse letterkunde en uitsprake van kommer oor die voortbestaan daarvan, word dikwels uit die perspektief van letterkundiges en skrywers gevoer. Dit is problematies dat hierdie gesprekke nie steun op die fondament van indringende empiriese navorsing oor boekproduksie van Afrikaanse fiksie nie en dit is binne dié verband wat hierdie studie ’n bydrae wil lewer.

Die primêre navorsingsvraag wat die grondslag vorm van hierdie studie is: **Hoe kan die materiële produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 sowel as die uiteenlopende faktore wat dit beïnvloed, op empiriese wyse nagevors en gekarteer word?**

Die primêre navorsingsvraag word in die volgende subvrae verdeel:

- Hoe kan transformasieverskuiwings in die produksielandskap en produsente-landskap van Afrikaanse fiksie deur kwalitatiewe navorsing beskryf en gekontekstualiseer word?

    - Watter insigte vanuit die vakliteratuur werp lig op die ontwikkeling van ’n instrument waardeur faktore wat die produksielandskap beïnvloed, beskryf kan word?
    - Kan die bogenoemde insigte gebruik word om ’n model te ontwikkel wat as instrument kan dien vir die kwalitatiewe beskrywing van die produksielandskap?
    - Hoe kan die ontwikkelde model aangewend word vir die beskrywing van transformasieverskuiwings wat hipoteties die produksielandskap beïnvloed het?
    - Wat was die impak van transformasieverskuiwings in die produksielandskap op verskuiwings in die produsentelandskap en in watter mate het dit die aantal en aard van produsente (en hulle produksie) beïnvloed?
- Hoe kan die impak van transformasieverskuiwings in die produksielandskap en produsentelandskap op die materiële produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 deur kwantitatiewe navorsing aangetoon word?
    - Watter bronne bestaan waardeur produksiedata ingewin kan word en waaruit produksiepatrone bepaal kan word (wat dus as instrument vir die bepaling van kwantitatiewe produksiepatrone kan dien)?
    - Indien geen oorkoepelende bron van produksiedata bestaan nie, watter bronne kan aangewend word om ’n instrument te ontwikkel waardeur so ’n oorkoepelende bron tot stand gebring kan word?
    - Hoe behoort daar tussen verskillende soorte publikasies of produksie-kategorieë onderskei te word in die bepaling van beide oorhoofse en meer spesifieke produksiepatrone?
    - Hoe kan ’n bron van produksiedata as instrument aangewend word om kwantitatiewe produksiepatrone te bepaal?
    - Wat is die verband tussen die kwalitatiewe kartering en kontekstualisering van die produksielandskap en produsentelandskap en die kwantitatiewe kartering van dié landskappe deur die vasstelling van produksiepatrone?

- Kan die ontwikkelde model en bron van produksiedata as geldige instrumente vir die kartering van die materiële produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 beskou word?

Die doel van die studie kan as volg saamgevat word: Om ’n empiriese ondersoek (’n kombinasie van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing) te onderneem na die materiële produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005. Ter bereiking van hierdie doel word die volgende doelstellings gestel:

- Om teen die agtergrond van teoretiese vertrekpunte ’n generiese model van die uitgeesisteem te ontwerp.
- Om die generiese model aan te pas tot ’n model van die uitgeesisteem van Afrikaanse fiksie.
- Om die model (as instrument) te benut vir ’n kwalitatiewe beskrywing van hoe transformasieverskuiwings die produksie van Afrikaanse fiksie beïnvloed het (beide wat die produksielandskap en produsentelandskap betref).
- Om teen die agtergrond van teoretiese vertrekpunte ’n bron van produksiedata te ontwikkel – ’n databasis van die produksie van Afrikaanse fiksiepublikasies.
- Om die produksiedatabasis (as instrument) te benut om twee profiele te rekonstrueer: die produksieprofiel en die uitgeweryprofiel.
- Om die produksieprofiel en uitgeweryprofiel aan te wend om die groei en diversifikasie van die produksie van Afrikaanse fiksiepublikasies te meet.
- Om ’n wetenskaplik-gefundeerde verslag daar te stel van die uitgeesisteem, produksielandskap en produksieprofiel, produsentelandskap en uitgeweryprofiel van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005.

## 1.3 Navorsingsmetodologie en navorsingsontwerp

Hierdie studie steun op ’n kombinasie van navorsingsmetodes en metodologieë. Dit neem die vorm van ’n deskriptiewe empiriese ondersoek aan en steun op beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes. Die volgende bronne oor navorsingsmetodologie is

as agtergrond geraadpleeg by die navorsingsontwerp van die studie: De Vos *et al* (1998), Mouton (2001), Struwig & Stead (2001), Leedy & Ormrod (2001) en Bak (2004).

In die kontekstueel-deskriptiewe komponent van die studie word gepoog om die eietydse produksielandskap en produsentelandskap waarin Afrikaanse fiksie geproduseer word, te kontekstualiseer by wyse van kwalitatiewe navorsingsmetodes.

Eerstens is beskikbare kwalitatiewe data (sekondêre data) deur middel van ’n uitgebreide literatuurstudie ingesamel, georganiseer en geïnterpreteer. Die literatuurstudie het beskikbare bronne oor die Suid-Afrikaanse uitgewerybedryf in die algemeen en bronne oor die Afrikaanse uitgewerybedryf, die uitgee van Afrikaanse fiksie en die Afrikaanse letterkunde in die besonder, betrek. Dié bronne sluit in: navorsingsverslae waarin die plaaslike uitgewerybedryf gekarteer word; algemene koerant- en tydskrifartikels; inligting vanaf webwerwe van uitgewerye en ander inligting op die Internet; vakwetenskaplike tydskrifartikels en boekpublikasies oor die Suid-Afrikaanse uitgewerybedryf en, in ’n beperkte mate, oor die internasionale uitgewerybedrywe van die Verenigde Koninkryk, die Verenigde State van Amerika en Nederland; en ’n seleksie van argivale bronne uit die argiewe van uitgewerye.

Tweedens is verkennende gesprekke gevoer met ’n verskeidenheid rolspelers in die plaaslike uitgewery- en boekhandelbedryf (insluitend uitgewers, boekhandelaars, boekverspreiders, boekbemarkers, boekeredakteurs en ander rolspelers) waardeur primêre kwalitatiewe data ingewin is. Die insigte wat uit dié gesprekke voortgevloei het, het die navorsing op ’n induktiewe wyse verder gerig, maar dit het nie altyd direk in die navorsingsverslag neerslag gevind (soos in die geval van data afkomstig uit gestruktureerde onderhoude) nie. ’n Literatuurstudie is ook onderneem na beskikbare teoretiese en metodologiese vertrekpunte waarbinne die kontekstualisering en deskriptiewe komponent ingebed kon word.

Die kontekstueel-deskriptiewe komponent vertrek vanuit ’n sosiologiese en institusionele benadering tot die empiriese literatuurwetenskap en steun teoreties op die polisisteem-

teorie van Itamar Even-Zohar en die teorie oor die veld van kulturele produksie van Pierre Bourdieu. Dié benaderings en teorieë word van toepassing gemaak binne die kader van die interdissiplinêre studieterrein boekstudie en spesifiek op die toepassingsterrein van uitgewery-ondersoek (waartydens gesteun word op onder andere die bestaande ondersoeke van Frank de Glas as model vir die toepassing). ’n Nuwe sisteemteoretiese model word ontwerp: die uitgeesisteem. Die model van die uitgeesisteem word as instrument benut vir die kartering van die produksielandskap van Afrikaanse fiksie, waarin die sekondêre kwalitatiewe data neerslag vind. Daarna word die fokus verskerp vir ’n kartering van verskuiwings in die produsentelandskap. Die teoretiese vertrekpunte en ontwikkelde model van die uitgeesisteem, die sisteembeskrywing van die produksielandskap en die kartering van die produsentelandskap (Hoofstukke 2, 3 en 4), vorm gesamentlik die kontekstueel-deskriptiewe komponent van die studie.

Teen die agtergrond van die kontekstueel-deskriptiewe komponent, volg die statisties-empiriese komponent van die studie waarin statistiese produksiepatrone van die materiële produksie van Afrikaanse fiksie by wyse van kwantitatiewe navorsingsmetodes nagevors en ontleed word.

Eerstens is ’n literatuurstudie onderneem na beskikbare navorsing oor die inter-dissiplinêre vakterrein van boekstudie en ’n spesifieke vertakking daarvan, naamlik die toepassingsterrein van die epistemologie van produksiestatistiek. Uit die beskikbare literatuur is ’n werksmetode bepaal waarvolgens die empiriese komponent van die studie aangepak kon word en wat die navorsingsproses op ’n induktiewe wyse verder gerig het.

Tweedens is ’n bronnestudie onderneem na beskikbare kwantitatiewe data van die produksie van Afrikaanse fiksiepublikasies en ’n moontlike oorkoepelende bron van produksiestatistiek. Dit het verskeie databasisse en bibliografieë betrek, insluitend die databasis van die Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie (SANB) van die Nasionale Biblioteek (NLSA), die katalogus van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) en die *Bibliografie van Afrikaanse boeke* van P.J. Nienaber. Die bruikbaarheid, oorspronklike doel vir die totstandkoming en die voordele

en nadele van hierdie bronne as oorkoepelende bron van produksiestatistiek, is bepaal deur die bronnestudie sowel as deur verkennende gesprekke met persone wat by die samestelling en instandhouding van die bronne betrokke is. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat geen pasklaar bron van produksiestatistiek, wat as oorkoepelend, relatief betroubaar en bruikbaar vir die doeleindes van hierdie ondersoek beskou kan word, bestaan nie.

Daarna is die beskikbare kwantitatiewe data (sekondêre data) ingesamel, geherorganiseer en herverpak om ’n sodanige bron van produksiestatistiek (in die vorm van ’n produksiedatabasis) te ontwikkel. Die navorsingsmetode wat in hierdie proses gevolg is, berus volgens Mouton (2001:164-165) op sekondêre data-analise.

Vervolgens is die ontwikkelde produksiedatabasis benut om op kwantitatiewe (statistiese) wyse die materiële produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 na te vors. Uit die beskikbare literatuur is ’n metode gevind om ’n voorlopige tipologie van produksiekategorieë te ontwerp (wat as organisatoriese instrument vir die data kon dien en waarvolgens verskillende produksiekategorieë onderskei kon word ten einde breër en nouer produksiepatrone vanuit die data te bepaal). Daar is besluit om twee profiele uit die sekondêre herverpakte data te rekonstrueer as indikators van groei en diversifikasie van die produksielandskap en produsentelandskap van Afrikaanse fiksie, naamlik ’n produksieprofiel (wat die aantal geproduseerde titels per jaar en per produksiekategorie aandui) en ’n uitgeweryprofiel (wat die produksiebydrae van verskeie uitgewerye en andersoortige produsente tot spesifieke produksiekategorieë aandui). Die data is elektronies gemanipuleer en wyer en nouer produksiepatrone is statisties bepaal en by wyse van kwantitatiewe beskrywing aangedui. Die produksiepatrone is daarna geanaliseer en geïnterpreteer deur dit te verbind met die kwalitatiewe beskrywing van die produksielandskap en produsentelandskap in die deskriptiewe komponent van die studie.

## 1.4 Afbakening van die ondersoek

Ter wille daarvan om die ondersoek binne uitvoerbare perke te hou, is die studie as volg afgebaken.

Hierdie navorsingsverslag word voorgelê ter vervulling aan die vereistes vir ’n doktorsgraad in die inligtingswetenskappe. As sodanig is die studie primêr ’n ondersoek in die inligtingswetenskappe, spesifiek die uitgewerswese, en nie in die literatuurwetenskap nie. Die ondersoek word teoreties geposisioneer in die interdissiplinêre studieterrein boekstudie en die toepassingsterrein uitgewery-ondersoek. Die onderwerp van die studie, naamlik die materiële produksie van spesifiek Afrikaanse fiksiepublikasies, betrek egter die literatuurwetenskap direk en daarom is daar wel aandag aan teorieë vanuit die literatuurwetenskap gegee. Die studie behoort egter van literatuurwetenskaplike studies, waarby die inhoud van die boek sentraal staan, onderskei te word. Binne die kader van die literatuurwetenskap, sluit die studie aan by die literatuursosiologie. In hierdie studie gaan dit nie oor die inhoud van die fiksieboek nie, maar oor die fiksieboek as materiële produk en die prosesse en institusies wat by die materiële produksie daarvan betrokke is. Die primêre fokus is nie op die skepping van fiksiepublikasies (die skryf daarvan), of die ontvangs of verbruik van fiksiepublikasies (die resepsie en lees), of die beoordeling van die waarde van fiksiepublikasies (die literêre kritiek) nie, maar spesifiek op die materiële produksie daarvan: die omskepping van ’n fiksiemanuskrip in ’n bemarkbare produk deur ’n uitgewery.

Daar word dus geen interpretasie van die inhoud van fiksiepublikasies gedoen nie en geen waarde-oordele oor die inhoud gemaak nie. Die studie val nie binne die tradisie van hermeneutiese teksstudie nie. Daar word ook nie op die kanon van die Afrikaanse letterkunde, die vorming van die kanon en gepaardgaande prosesse (soos byvoorbeeld kanonbestendiging of kanonvernuwing) gefokus nie. Die gebruiklike tradisie van onderskeid tussen gekanoniseerde en nie-gekanoniseerde publikasies vind nie plaas nie – daar word juis gepoog om só ’n onderskeid te vermy deur alle Afrikaanse fiksiepublikasies vir ’n bepaalde periode as objek van ondersoek te neem. Omdat die studie

primêr op die materiële produksie van Afrikaanse fiksie fokus, word daar slegs indirek aandag geskenk aan prosesse van simboliese produksie. Die uitdaging is dat toekomstige navorsing (ook deur literatuurwetenskaplikes) die fondament wat deur hierdie studie gelê word, naamlik die kartering van die totale materiële produksielandskap, as vertrekpunt neem vir verdere ondersoek na ook die simboliese produksie van Afrikaanse fiksie en die verband tussen materiële en simboliese produksie verder aantoon.

Met ’n studie van hierdie aard, waar die literatuur as voortbrengsel van die samelewing, die produksie daarvan binne die samelewing en die uiteenlopende faktore en sisteme waardeur dit beïnvloed word, beskou word, is dit moeilik om binne grense te bly. Die produksie van fiksiepublikasies word as ’n oop sisteem beskou waarin alle entiteite in die sisteem met mekaar verband hou – dit word ’n verstrengelde web van intersistemiese verhoudings. Deur hierdie beskouing kan die beskrywing van só ’n sisteem nooit volkome volledig wees nie en bly dit ’n abstrakte konstruksie van die werklikheid.

Afbakening is wel nodig in terme van die perspektief waaruit die sisteembeskrywing gedoen word. Wat die deskriptiewe komponent van die studie betref, geld die beskrywing van die uitgeesisteem uit die perspektief van boekproduksie as institusie, as afbakening. Daar word gepoog om die impak van ander sisteme hierop aan te toon, wetend dat alle verbande nie bespreek kan word nie. Dit val buite die bestek van die ondersoek om ’n volledige beskrywing van die impak van transformasie op die uitgeesisteem te gee – daar word wel gepoog om op eksemplariese wyse die belangrikste aspekte aan te spreek (aspekte wat verder empiries ondersoek behoort te word, word telkens aangedui).

As afbakening fokus die studie spesifiek op die enkele produksiekategorie Afrikaanse fiksiepublikasies. Alle publikasies oor die Afrikaanse letterkunde wat dus nie as fiksie kwalifiseer nie (byvoorbeeld literatuurgeskiedenisse, literatuurwetenskaplike publikasies, outo(biografieë) en andersoortige (nie-fiksie) egotekste) word by die studie uitgesluit. Eweneens word akademiese, opvoedkundige en nie-fiksiepublikasies in Afrikaans uitgesluit. Die gevaar van willekeur by besluite oor die insluiting of uitsluiting van soorte publikasies, is vermy deur die klassifikasie van publikasies in die bemarkingstekste van

uitgewerye as uitgangspunt te neem (sien Hoofstuk 5 waar die afbakening van ingeslote en uitgeslote data in detail verduidelik word). Die studie-objek word verder afgebaken deur slegs te fokus op fiksiepublikasies wat op die volwasse mark gerig is – fiksieboeke wat as kinder- en jeuglektuur kwalifiseer, word dus uitgesluit (die produksie van Afrikaanse kinder- en jeuglektuur is wel elders deur die navorser gekarteer – sien Snyman & Venter, 2003a, 2003b en 2004). Slegs faktore wat betrokke is by die uitgeesisteem en produksie van Afrikaanse fiksie gerig op die volwasse mark word betrek, as voorbeeld word literatuurpryse of skryfkompetisies vir kinder- en jeugboeke dus uitgesluit. In terme van die studie-objek geld die verdere beperking dat daar slegs gefokus word op Afrikaanse fiksiepublikasies wat oorspronklik in Afrikaans geskryf is of daarin vertaal is; terwyl fiksiepublikasies wat uit Afrikaans in ander tale vertaal is, buite die bestek val.

Beide die deskriptiewe en empiriese komponente van die studie word verder afgebaken deur op ’n spesifieke periode te fokus, naamlik 1990-2005 – die sogenaamde transformasie periode of oorgangsperiode. Die begindatum word juis nie as 1994 geneem nie, omdat die kort periode 1990-1994 (as periode van vóór die formele aanbreek van demokrasie) as “spieël” ingesluit word waarteen die periode 1994-2005 vergelyk kan word ten einde die impak van transformasie duideliker te illustreer. Boonop is 1994 in ’n mate ’n kunsmatige datum aangesien die transformasieproses reeds ’n aanloop in die laat 1980’s gehad het (vergelyk Giliomee, 2004:585-592). Binne die empiriese komponent word produksiedata en produksiepatrone vir uitsluitlik die periode 1990-2005 nagevors.

Die bedoeling is om in toekomstige navorsing die ondersoek uit te brei deur empiriese ondersoeke van ’n historiese aard na produksiepatrone vóór 1990 sowel as om die navorsing in stand te hou deur ondersoeke na die periode sedert 2005 en toekomstige produksie. Ter wille van kontekstualisering en in ’n poging om die aktualiteit en toepaslikheid van die sisteembeskrywing te verhoog, word historiese agtergrond van vóór 1990 en resente gebeure ná 2005 wel bygehaal in die deskriptiewe komponent waarin die produksielandskap en produsentelandskap beskryf word.

By die ontwikkeling van die produksiedatabasis is gestreef na volledigheid in die insluiting van relevante data en data is so ver as moontlik geverifieer. Bepaalde nadele van die bronne wat vir die data-insameling benut is en bepaalde beperkinge in die beskikbaarheid van bronne vir die verifiëring van data, kon egter nie uitbly nie (sien 5.5.3.1(f); 5.5.3.2(f) en 5.5.5). Die produksiedatabasis en die produksiepatrone wat daaruit afgelei word, fokus slegs op die aantal titels wat per jaar en per produksie-kategorie geproduseer is, nie op die groottes van oplae of verkoopstatistiek nie (data vir laasgenoemde twee aspekte is nie geredelik beskikbaar nie, onder andere omdat uitgewerye hierdie data as kompeterende inligting en derhalwe as vertroulik beskou – vergelyk PICC IPR-verslag, 2004:51). Die studie word verder afgebaken deur slegs op twee profiele te fokus as instrumente waaraan die groei en diversifikasie van die produksielandskap en produsentelandskap gemeet word. Die kartering van dié landskappe kan deur toekomstige navorsing uitgebrei en ingevul word deur die rekonstruksie van ook ander profiele, byvoorbeeld die outeursprofiel, verkoopsprofiel, lesersprofiel, inkomsteprofiel en werknemersprofiel van die uitgewerybedryf in sy geheel en vir spesifieke produksiekategorieë soos Afrikaanse fiksiepublikasies.

## 1.5 Wetenskaplike bydrae en relevansie van die ondersoek

Die produksie van Afrikaanse fiksie is nog nie vantevore vanuit die perspektief van die uitgeesisteem volledig nagevors en gekarteer nie. In hierdie opsig word die wetenskaplike bydrae en relevansie van hierdie ondersoek as volg deur Van Coller *et al* (2006a:ix), in sy inleiding tot die derde deel van die Afrikaanse literatuurgeskiedenis *Perspektief en profiel*, beskryf: “Met die uitsondering van perspektiewe op die jeugliteratuur, tydskrifte en uitgewerswese is die hele Afrikaanse literêre veld nou in die drie verskene dele van *Perspektief en profiel* in kaart gebring. In die afgelope jaar is van die genoemde verwaarloosde gebiede vir die eerste keer werklik grondig en sistematies ondersoek (kyk Venter, 2005, en Wybenga en Snyman, 2005) en sal oorsigte hiervan hopelik ook in ’n volgende uitgawe van hierdie literatuurgeskiedenis opgeneem kan word.” Binne hierdie konteks wil hierdie studie ’n bydrae maak deur ’n leemte te vul. Eweneens bestaan daar ’n tekort aan indringende empiriese navorsing oor die grootte en omvang van die Suid-

Afrikaanse boekuitgewerybedryf in die geheel en die verskeie produksiekategorieë binne dié bedryf. Die studie pas in binne die raamwerk van ’n oorkoepelende navorsingsprogram van die program in Uitgewerswese in die Departement Inligtingkunde aan die Universiteit van Pretoria (wat tans empiriese navorsing na die grootte en omvang van die Suid-Afrikaanse boekuitgewerybedryf onderneem – sien 5.3).

Boekstudie en uitgewery-ondersoek is ’n jong toepassingsterrein en is hibridies en interdissiplinêr van aard. Dit sluit aan by meer gevestigde studieterreine soos kultuurstudie, mediastudie, inligtingswetenskap en literatuurwetenskap. Deur aan te sluit by hierdie relatiewe nuwe toepassingsterrein van boekstudie en uitgewery-ondersoek, wil die studie nuwe navorsingsmoontlikhede blootlê en illustreer hoe aspekte van die Afrikaanse letterkunde vanuit ’n andersoortige perspektief nagevors kan word. Die relevansie van die studie blyk ook uit die feit dat dit teoreties aansluit by van die meer resente ontwikkeling in die empiriese literatuurwetenskap, naamlik die sosiologiese en institusionele benadering. In ’n mate wil die studie ook die aandag vestig op die bruikbaarheid van interdissiplinêre empiriese navorsing en die belang hiervan vir die ontwikkeling van die wetenskap.

Hierdie ondersoek wil op teoretiese vlak ’n bydrae lewer deur die ontwikkeling van ’n nuwe model (van die uitgeesisteem), die ontwikkeling van twee tipologieë (van onderskeidelik produsentekategorieë en produksiekategorieë) en die verdere ontwikkeling van ’n nuwe navorsingsterrein, naamlik uitgewery-ondersoek. Vir die praktyk word ’n bruikbare bron van produksiestatistiek ontwikkel (die *Produksie-databasis van Afrikaanse Fiksie* – PDAF) waaruit produksiepatrone afgelei kan word en wat tot verdere navorsing kan lei. Verder word twee bruikbare instrumente ontwikkel waardeur groei en diversifikasie van boekproduksie gemeet kan word (die produksieprofiel en uitgeweryprofiel). Hierdie instrumente kan ook toegepas word op navorsing oor boekproduksie van ander produksiekategorieë.

Die onderwerp en navorsingsvraag is by die aanvang van die ondersoek getoets deur informele gesprekke met talle rolspelers in die boekuitgewerybedryf. Tydens hierdie

gesprekke is die behoefte aan hierdie soort navorsing en die bruikbaarheid daarvan vir die neem van strategiese besluite, bevestig. Die wetenskaplike bydrae en relevansie van die navorsing wat in hierdie navorsingsverslag aangebied word, is ook tydens die verloop van die navorsingsproses getoets deur voorlopige navorsingsresultate tydens plaaslike vakkongresse (Venter & Galloway, 2002; Snyman & Venter, 2003a en 2003b; Galloway, 2004a; Venter, 2004a en 2005; en Galloway & Venter, 2005b) en ’n internasionale kongres van die Society for the History of Authorship, Reading, and Publishing (Galloway & Venter, 2004) by wyse van referate aan te bied. Daar het ook reeds verskeie akademiese artikels in plaaslike vaktydskrifte (Snyman & Venter, 2004; Galloway, 2002a en 2004b; Galloway & Venter, 2006; en Venter, 2006c), in die gevestigde internasionale vaktydskrif *Publishing Research Quarterly* (Galloway & Venter, 2005a) sowel as twee koerantartikels (Venter & Galloway, 2003a en 2003b) verskyn wat uit hierdie soort navorsing en hierdie ondersoek voortgevloei het.

’n Onafhanklike en objektiewe waardebepaling van die wetenskaplike bydrae en relevansie van hierdie ondersoek blyk uit die volgende aanhalings deur ingeligte meningsvormers wat nie direk by hierdie navorsing betrokke was nie. In sy bydrae tot die KKNK / *Die Burger*-lesingreeks oor “Die laaste (Afrikaanse) boek” in 2003, spreek die boekhandelaar en uitgewer Nicol Stassen (2003:5) hom as volg oor hierdie navorsing uit: “Ek dink dat geen gesprek oor hierdie onderwerp gevoer kan word sonder om na die navorsing van Rudi Venter en Francis Galloway te verwys nie”. ’n Anonieme keurder (’n skrywer, literator en uitgewer) van ’n navorsingsartikel waarin voorlopige resultate uit hierdie ondersoek vir tydskrifpublikasie voorgelê is, oordeel as volg: “Die artikel is hoogs relevant aangesien dit ’n terrein ondersoek wat dringend navorsing vereis. Dit is waarskynlik primêr navorsing van hierdie aard wat sal verseker dat daar oor ’n dekade of wat nog tydskrifte soos dié sal verskyn om publikasie van artikels soos dié moontlik te maak” (Anoniem, 2003). Die waarde en relevansie van hierdie ondersoek blyk verder uit mediaberigte waarin verslag gedoen word oor resultate van die studie wat tydens referate aangebied is (vergelyk Engelbrecht, 2004:24 en Smith, 2005:2). Die bruikbaarheid van die ontwerpte model van die uitgeesisteem word geïllustreer deur die feit dat David Emblidge, professor in Uitgewerswese aan die Emerson College in Boston, Verenigde

State van Amerika, die navorser toestemming gevra het om die model aan te pas binne die konteks van die Amerikaanse uitgewerybedryf.

## 1.6 Uiteensetting van hoofstukke en navorsingsontplooiing

Die navorsing is as volg ontplooi en die navorsingsverslag bestaan uit die volgende hoofstukke.

In hierdie eerste hoofstuk word ’n inleiding tot en oriëntering ten opsigte van die ondersoek gegee. Die navorsingsprobleem word gestel, die hoofnavorsingsvraag en subvrae word uiteengesit en die doelstellings van die ondersoek word geformuleer. Die navorsingsmetodologie word aangedui en die verloop van die navorsing word geskets. Die ondersoek word binne uitvoerbare grense afgebaken en die wetenskaplike bydrae en relevansie van die studie word uitgespel. Relevante terme en konsepte word in die res van die navorsingsverslag, by toepaslike afdelings, verklaar en daarom nie ook in hierdie hoofstuk nie.

In Hoofstuk 2 val die fokus op relevante teoretiese vertrekpunte in die literatuur wat benut word vir die rekonstruksie van ’n model van die uitgeesisteem. ’n Voëlvlug oor die ontwikkeling van die literatuurwetenskap en verskeie benaderings daartoe word geskets. Daarna word in meer detail gefokus op die sosiologiese en institusionele benadering tot die empiriese literatuurwetenskap. Die polisisteemteorie van Itamar Even-Zohar en Pierre Bourdieu se teorie oor die veld van kulturele produksie word bespreek. Daarna word die ondersoek geposisioneer binne die kader van boekstudie en spesifiek binne die toepassingsterrein van uitgewery-ondersoek. Die neerslag van boekstudie en uitgewery-ondersoek in die Afrikaanse literatuurwetenskap tot dusver, word onder die loep geneem. Aan die einde van die hoofstuk word die teoretiese vertrekpunte benut om ’n generiese model van die uitgeesisteem te ontwikkel en die model word grafies voorgestel.

In Hoofstuk 3 word die generiese model van die uitgeesisteem aangepas en ingevul om ’n toegepaste model van die uitgeesisteem van Afrikaanse fiksie voor te stel. Die toegepaste

model word só geponeer dat dit ’n diachroniese snit voorstel van die produksielandskap waarbinne Afrikaanse fiksiepublikasies uitgegee word, spesifiek vir die periode 1990-2005. In die res van die hoofstuk word die model benut vir ’n beskrywing van die impak van transformasieverskuiwings op die uitgeesisteem gedurende hierdie periode. Ten eerste word boekproduksie as institusie en as kern van die uitgeesisteem bespreek. Daarna word die institusionele konteks van die uitgeesisteem bespreek deur ’n beskrywing van die verbande tussen boekproduksie en die subsisteme waarmee dit in interaksie verkeer, naamlik die mediasubsisteem, die kultuursubsisteem, die literatuur-subsisteem, die onderwyssubsisteem en die biblioteeksubsisteem. Vervolgens word die breë maatskaplike kontekste, waarbinne die uitgeesisteem ingebed is, bespreek deur ’n beskrywing van die kontekste wat boekproduksie en die verbandhoudende subsisteme beïnvloed, naamlik die politieke konteks, die ekonomiese konteks en die tegnologiese konteks. In geheel is Hoofstuk 3 dus ’n sisteembeskrywing en ’n kontekstualisering van die produksielandskap van Afrikaanse fiksie.

Met Hoofstuk 4 word gefokus op transformasieverskuiwings in die produsentelandskap en die impak daarvan op die beskikbare produsente (die verskillende uitgewerye en andersoortige produsente) wat bydra tot die produksie van Afrikaanse fiksie. In ’n beperkte mate word die transformasieverskuiwings in verband gebring met soortgelyke internasionale tendense van konglomeraatvorming, samesmelting en oorname van uitgewerye. ’n Tipologie van soorte produsente (produsentekategorieë) word voorgestel en benut in die strukturering van die profiele van die uitgewerye en ander produsente wat bespreek word. In geheel kan die hoofstuk beskou word as ’n voorlopige uitgewery-geskiedenis van die produsentelandskap van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005.

Hoofstukke 2, 3 en 4 vorm gesamentlik die kontekstueel-deskriptiewe komponent van die ondersoek waarin die konteks waarbinne Afrikaanse fiksie geproduseer word, gestel en ingeklee word. Dié deskriptiewe komponent dien as kontekstualisering waarbinne die statisties-empiriese komponent van die ondersoek na die produksieprofiel en uitgeweryprofiel (Hoofstukke 5 en 6) ingebed word.

Die statisties-empiriese komponent begin met Hoofstuk 5 wat as teoretiese vertrekpunt dien en waarin die tegniese aspekte van die kwantitatiewe gedeelte van die ondersoek aangespreek word. Binne die kader van boekstudie word ’n spesifieke toepassingsterrein daarvan, naamlik die epistemologie van produksiestatistiek, teoreties verken en as vertrekpunt geneem. Daarna word die soektog na die beskikbaarheid van bronne van produksiestatistiek vir die produksiekategorie Afrikaanse fiksiepublikasies bespreek teen die agtergrond van beskikbare internasionale bronne. Die grootste gedeelte van die hoofstuk fokus op die ontwikkeling van die *Produksiedatabasis van Afrikaanse Fiksie* (PDAF): die werkwyse tydens die ontwikkeling daarvan; die afbakening by die seleksie van relevante data; die versameling van data uit beskikbare eerste-vlak-bronne (insluitend die ontstaan, die samestelling, die formaat, die voordele, die nadele en die onttrekking van data uit dié bronne); die konsolidering van die eerste-vlak-bronne; die verifiërings-proses wat aan die hand van tweede-vlak-bronne en derde-vlak-bronne gevolg is; die afronding tot finale datastel; en die verpakking daarvan in ’n soekbare databasis. Daarna word ’n tipologie voorgestel waarvolgens tussen soorte produksiekategorieë onderskei kan word en ’n kategoriseringstelsel van produksiekategorieë word ontwerp. Ten slotte word die rekonstruksie van twee profiele (die produksieprofiel en uitgeweryprofiel) as instrumente vir die meting van groei en diversifikasie van die materiële produksie van Afrikaanse fiksie verantwoord.

Nadat die teoretiese en tegniese fondament in Hoofstuk 5 neergelê is, word die resultate van die statisties-empiriese komponent van die ondersoek in Hoofstuk 6 aangebied. Die hoofstuk wentel om die bespreking van statistiese produksiepatrone in die produksieprofiel en uitgeweryprofiel van Afrikaanse fiksiepublikasies vir die periode 1990-2005. Die hoofstuk word gestruktureer na aanleiding van die ontwerpte kategoriseringstelsel van produksiekategorieë en die groot aantal onderskeibare nouer produksiekategorieë word hergroepeer binne 11 oorhoofse kategorieë. Die soort publikasies wat by elke kategorie ingesluit word, word bespreek. Die produksieprofiel en uitgeweryprofiel van elke kategorie word statisties aangedui en statistiese produksiepatrone word geanaliseer en ontleed. Die verbande tussen spesifieke

produksiepatrone en spesifieke transformasieverskuiwings (soos aangedui in die kontekstueel-deskriptiewe komponent van die studie) word aangetoon – dikwels met behulp van kruisverwysings tussen die relevante gedeeltes. Daar is gestreef na ’n balans tussen die wydte en diepte van die analises. Die uitdaging is om in opvolgondersoeke die produksiestatistiek wat in hierdie hoofstuk beskikbaar gemaak word en die produksiepatrone wat blootgelê word, verder te analiseer en verdere verbande te lê met die impak van spesifieke transformasieverskuiwings in die uitgeesisteem op spesifieke produksiekategorieë in die produksielandskap. Dít is ’n omvangryke taak wat nie deur ’n enkelstudie onderneem kan word nie, maar slegs by wyse van ’n aantal kleiner gefokusde ondersoeke (met klem op ’n spesifieke produksiekategorie en spesifieke transformasie-verskuiwings) binne ’n oorkoepelende navorsingsprogram.

Die studie word in Hoofstuk 7 afgesluit met die bevindinge waartoe gekom is en ’n slotperspektief word gestel. Die navorsingsbevindinge word getoets aan die oorspronklike navorsingsvraag, die subvrae en die doelstelling van die ondersoek. Die noodsaaklikheid van toekomstige navorsing van hierdie aard word ook aangetoon. Die instandhouding van hierdie navorsing binne ’n oorkoepelende navorsingsprogram oor boekstudie – wat op interdissiplinêre en interinstitusionele grondslag behoort te geskied – word bespreek.

# Hoofstuk 2
# Teoretiese vertrekpunte vir die rekonstruksie van ’n model van die uitgeesisteem

## 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word enkele benaderings en teorieë wat as vertrekpunte vir die ondersoek dien, oorsigtelik bespreek. Sekere aspekte van die benaderings en teorieë word daarna benut vir die rekonstruksie van ’n werksmodel van die uitgeesisteem (wat in die volgende hoofstuk aangepas en ingevul word om spesifiek die uitgee-sisteem van Afrikaanse fiksie te beskryf). Hoewel daar deeglike aandag aan teoretiese en metodologiese aspekte gegee word in hierdie hoofstuk, val ’n diepgaande kartering van literatuurwetenskaplike benaderings en teorieë buite die bestek van hierdie ondersoek. Die hoofdoel van die ondersoek is immers nie teorievorming op die vakterrein van literatuurwetenskap nie, maar ’n empiriese bydrae binne die kader van boekstudie en uitgewery-ondersoek as toepassingsterrein daarvan: dit handel oor ’n kwalitatiewe en kwantitatiewe kartering van die produksielandskap van Afrikaanse fiksietitels (met spesifieke toespitsing op die materiële produksie) wat gedurende die periode 1990-2005 uitgegee is. Steeds wil die ondersoek ’n beperkte bydrae tot die teorie maak deur die rekonstruksie van ’n werksmodel van ’n sisteem wat nog nie vantevore vanuit hierdie perspektief beskryf is nie, naamlik die uitgeesisteem. Die model van die uitgeesisteem dien dan as teoretiese en metodologiese raamwerk waarbinne uitgewery-ondersoek (ondersoeke na die uitgewerybedryf waarin tendense en faktore wat uitgee beïnvloed en die uitgewery die sentrale vertrekpunt vorm) kan geskied. Die empiriese kartering van die uitgeesisteem van Afrikaanse fiksie (sien Hoofstuk 3) is ’n enkele toepassing van dié soort ondersoek en lê die basis vir ’n wyer kartering wat aan die hand van die model kan geskied.

Teoreties vind die studie vertrekpunte uit twee breë vakterreine: (i) die literatuur-wetenskap, met die talle vertakkings daarvan, veral die sosiologiese en institusionele benaderings tot die empiriese literatuurwetenskap; en (ii) die inligtingswetenskap, binne die kader van boekstudie as ’n nuwe interdissiplinêre studieterrein wat tans vinnig binne die internasionale arena ontwikkel, en uitgewery-ondersoek as ’n

spesifieke vertakking daarvan wat hoofsaaklik gefokus is op die produksie van boeke. As gevolg van die studie-objek van hierdie ondersoek (naamlik Afrikaanse fiksie-publikasies), word die literatuurwetenskap noodwendig betrek. Omdat die studie vanuit die paradigma van die inligtingswetenskappe onderneem word, word meer aandag aan primêre bronne vanuit dié paradigma bestee. Sover moontlik word ook primêre literatuurwetenskaplike bronne benut, maar soms word daar juis eerder gebruik gemaak van sekondêre bronne wat die toepassingsmoontlikhede van literatuurwetenskaplike benaderings en teorieë belig omrede die primêre bronne dikwels nie aandag aan toepassings binne die inligtingswetenskappe gee nie.

## 2.2 Die ontwikkeling van verskillende benaderings tot die literatuurwetenskap

Omdat die literatuurwetenskap ’n breë studieterrein is wat ’n wye en uiteenlopende ontwikkeling ondergaan het, is dit haas onmoontlik om die totale ontwikkeling daarvan (selfs net oorsigtelik) hier te bespreek – só ’n onderneming val ook buite die bestek van hierdie studie. In hierdie afdeling kan hoogstens ’n gefragmenteerde blik op die ontwikkelingsgang van die literatuurwetenskap gebied word deur oorsigtelik op die ontplooiing van verskillende benaderings tot die literatuurwetenskap te wys.

Op generies wyse kan daar onderskei tussen die volgende vyf breë hoofafdelings of vertakkings van die literatuurwetenskap (Van der Merwe & Viljoen, 1998:14-15):

- Studie van die teks self – wat die teks beteken (interpretasie), hoe goed dit is (evaluering) en hoe lesers daarop reageer (resepsie) word bestudeer.
- Besondere literatuurstudie – die studie van gegewe literêre verskynsels. Tekste word in groter raamwerke bestudeer soos die bepaalde oeuvres van skrywers, strominge en tydperke. Ondersoeke word gewoonlik beperk deur taalgrense en landsgrense.
- Literatuurgeskiedskrywing – die geskiedenis en ontwikkeling van ’n bepaalde literatuur word bestudeer en beskryf, gewoonlik ook binne een taalgebied en een nasionale letterkunde. Sosiale faktore wat die ontwikkeling van die literatuur beïnvloed het, word dikwels ook beskryf.

- Vergelykende literatuurwetenskap – tekste word binne hulle sisteme met mekaar vergelyk. Alhoewel die ondersoek verby taalgrense of nasionale grense beweeg, bly dit gewoonlik binne een tydperk of stroming.
- Teoretiese literatuurwetenskap – wat 'n sistematiese studie van die veld van die literatuur is. Sulke studies wil sistematiseer (wetenskaplik rangskik) en teorieë daarstel. Daar word hier onderskei tussen teorie, navorsing en toepassing.

Hierdie studie pas, wat die aansluiting daarvan by die literatuurwetenskap betref, binne laasgenoemde afdeling in deur die benutting van teorie en die toepassing daarvan deur empiriese navorsing.

In die ontwikkeling van die literatuurwetenskap kan breedweg onderskei word tussen twee soorte paradigmas of benaderings in elk van die bogenoemde afdelings: die *teksgerigte* of *hermeneutiese* benaderings teenoor *benaderings wat die konteks van die teks in ag neem*. Sedert die begin van die twintigste eeu het die klem verskuif vanaf (i) 'n skrywersgerigte benadering na (ii) 'n outonomistiese opvatting (die teks as sodanig en die struktuur daarvan – dus sterk teksgerig) en later na (iii) 'n konatiewe opvatting (met die klem op die leser) met sterk sosiale kenmerke (Van der Merwe & Viljoen, 1998:89). Dit is egter nie 'n lynregte ontwikkeling nie omdat benaderings gedeeltelik oorvleuel, mekaar beïnvloed en steeds bymekaar aansluit.

Die literatuurwetenskap was lank besig met hoofsaaklik die analise en interpretasie van tekste – dus 'n teksgerigte benadering (De Glas, 1989:15). In die 1970's het bedenkinge ontstaan oor die oorheersende praktyk van teksstudie binne die literatuurwetenskap en daar is begin om te besin oor die probleemstellings en metodiek van literatuurwetenskap. Hierdie diskoers het gelei tot pogings om die literatuurwetenskap opnuut te definieer as 'n empiriese wetenskap: binne die eise van die moderne empiriese wetenskap behoort ondersoekresultate objektief en toetsbaar te wees (vergelyk onder andere Verdaasdonk, 1997:57-58 oor die sogenaamde "sosiologiese ommekeer in die bestudering van literatuur"). Van Gorp (1997:1-2) verwys na die "institusionele ommekeer" sedert die 1970's (wat reeds daarvóór 'n aanloop gehad het) en bring dit in verband met die metodologiese en epistemologiese debatte tussen sosioloë en literatuurwetenskaplikes uit daardie periode en die versterking van

funksionalisme in literatuurwetenskap wat aanleiding gegee het tot literatuurwetenskaplike sisteemteorieë (sien 2.4).

Alhoewel literatuurgeskiedskrywing en vergelykende literatuurstudie ook beoefen word, staan die plaaslike literatuurstudie (spesifiek die Afrikaanse literatuurstudie) steeds sterk onder die invloed van teksgerigte of hermeneutiese benaderings (vergelyk onder andere Van Coller & Odendaal, 2004 – sien 2.7). Van der Merwe & Viljoen (1998:18-19) onderskei drie perspektiewe waaruit ’n teks bestudeer word: interpretasie, evaluering en resepsie. Die eerste twee perspektiewe is grotendeels teksgerig. As gevolg van die moontlikheid om teoretiese insigte (oor byvoorbeeld waarom mense lees) deur empiriese ondersoek (deur middel van vraelyste of onderhoude) te toets, het die resepsie-ondersoek aangesluit by empiriese literatuurwetenskap en toon dit ook verbande met literatuursosiologie en literatuurpsigologie.

Segers (1998:138) beskou die resepsie-ondersoek as ’n lesersgerigte benadering waardeur die leser in die literatuurwetenskap in die twintigste eeu “ontdek” is. Die verhouding tussen teks en leser word bestudeer – ’n teks is dus steeds nodig. Die ontwikkeling van die resepsie-ondersoek is moontlik gemaak deur ’n aantal benaderings of strominge wat die klem laat val het op nie slegs die teks nie, maar ook op die konteks waarbinne die teks ontvang en gelees word.

Die Praagse Strukturalisme in die 1930’s, met verteenwoordigers soos Mukařovský en Vodička, breek vir die eerste keer in die ontwikkeling van die literatuurwetenskap weg van die outonomie van die teks (en die gangbare metafisiese denke oor die teks). Die teks word beskou as ingebed in ’n sosiale struktuur met die kommunikatiewe funksie tussen outeur en leser as uitgangspunt. Dit gaan vir die Praagse Strukturalisme oor die sosiologie van die estetiese objek: die estetiese is nie ’n eienskap van die teks self nie, maar die teks verkry ’n estetiese funksie deurdat die leser dit aan die teks toeken (Segers, 1998:139-140).

Die Duitse Resepsie-Estetika in die 1970’s, met verteenwoordigers soos Jauss en Iser, sluit aan by die Praagse Strukturalisme en ontstaan as gevolg van die krisis oor *die* (’n spesifieke) betekenis van die teks. Dié krisis is veroorsaak deur die snelle sosiale, ekonomiese en politieke ontwikkelinge rondom 1970 waardeur ’n groter sosiale

relevansie van die wetenskap vereis is. Die teks is nou nie meer feit nie, maar gebeurtenis wanneer dit deur ’n leser (of groep lesers) gelees word en dit vind teen die agtergrond van die verwagtingshorison van die leser(s) plaas. Ander kernkonsepte sluit die “onbepaaldheid” van die teks en die “oop plekke” in die teks in (Segers, 1998:140-142).

In 1980 tree die resepsie-ondersoek ook op die voorgrond in die Amerikaanse literatuurwetenskap deur die “reader-response criticism” met verteenwoordigers soos Fish en Holland. Vir Fish gaan dit in die resepsie-ondersoek oor die interpreterende gemeenskap waarin literêre konvensies bestaan waaruit beide skrywer en leser put. Holland volg ’n psigoanalitiese benadering en beskou die interpretasieproses as ’n transaksie tussen die teks en leser waarbinne die leser se identiteitskema (persoonlikheid) ’n belangrike rol speel (Segers, 1998:142).

Die gebruiklike ondersoeksituasie in die literatuurwetenskap tot die middel van die 1980’s was die hermeneutiese waar die ondersoeker en die leser dieselfde persoon was – die ondersoeker was hermeneut, interpreteerder van die eie teksresepsie. In die genoemde benaderings tot die resepsie-ondersoek kon ondersoekers dus nie die konsekwensies van hulle ondersoekprogramme deurvoer nie: al het hulle lesers-ondersoeke verkondig, het hulle dit nie in die praktyk gedoen nie en dus gevange gebly binne die hermeneutiese tradisie.

Nadat dié onreëlmatigheid na vore gekom het, het die empiriese literatuurwetenskap sedert die middel-1980’s verder ontwikkel vanaf ’n behavioristiese stimulus-respons-benadering (lesersreaksies na aanleiding van literatuur) na ’n kognitief-konstruktivistiese benadering (teksresepsie as ’n aktiewe vorm van teksverwerking deur die leser). Verdere ontwikkeling van die resepsie-ondersoek sluit in die toepassing van sisteem-teorie waarbinne die hele literêre kommunikasiesituasie (of proses) en alle literêre handeling as ondersoekobjek van die empiriese literatuurwetenskap beskou word en die ontwikkeling van media-ondersoeke op grond van prinsipes van die empiriese literatuurwetenskap (Segers, 1998:142-143).

Uit die latere ontwikkeling van die resepsie-ondersoek en teorievorming daaroor gedurende die 1990’s, het die geskiktheid vir ondersoek na die sosiale konteks van

literatuur, die maatskaplik-relevante terreine (waarmee die literatuur verbind is) en interdissiplinêre navorsing duidelik geblyk. Voorbeelde van sodanige ondersoeke is die toepassing op genderstudies, literatuuronderwys, literatuurkritiek in dag- en weekblaaie en kulturele identiteit (Segers, 1998:143-144).

De Glas (1989:18) wys daarop dat die genoemde verskuiwings gelei het tot die ontwikkeling van ’n literatuuropvatting wat empiries en sosiaalwetenskaplik georiënteer is. Die verskeidenheid ander tradisies (wat breedweg saamgevat kan word as teksgerigte benaderings) het steeds in die literatuurwetenskap bly voortbestaan, maar die nuwe opvatting het die aandag gevestig op rolspelers en instellings wat met die materiële en simboliese produksie en verspreiding van literatuur te make het (byvoorbeeld skrywers, uitgewers, literêre kritiek, onderwys en biblioteke). Terselfdertyd het dit die aandag gevestig op ander tekssoorte as die literêre en die begrip van wat as literêr beskou word, gerelativeer. Daar is bevind dat die “literêre” nie in die teks self te vind is nie, maar eerder ’n sosiale konstruksie is – hierdeur is aangesluit by die literatuursosiologie.

Van der Merwe & Viljoen (1998:147-172) beskou die literatuursosiologie as ’n benadering waardeur ’n bepaalde visie op die samelewing uit ’n literêre teks afgelei word (vergelyk ook Viljoen, 1992a:275-280) – dus ’n benadering wat weer eens vanuit die teks vertrek (al fokus dit op die interaksie tussen teks en samelewing). Van Gorp *et al* (1991:232-233) verwys na hierdie soort benadering as sosiologiese teksinterpretasie en onderskei dit van die sosiologie van literêre kommunikasie. Van der Merwe & Viljoen (1998:147-172) beskou rigtings in die literatuurkritiek wat ingestel is op die verhouding tussen literatuur en samelewing soos Marxisme, Feminisme, Nuwe Historisme en Postkolonialisme as onderafdelings van die literatuursosiologie. Getrou aan die patroon wat in die Afrikaanse literatuurwetenskap waargeneem is en waarop hierbo gewys is, bly dit vassteek in teksgerigte metodiek. In Van der Merwe & Viljoen se beskouing word die literatuursosiologie as benadering ingestel om deur middel van teorieë (soos die Marxisme of Postkolonialisme) *tekste* (en die ontleding daarvan) te benader. Dít terwyl die literatuursosiologie as benadering juis andersoortige empiriese ondersoeke moontlik maak. Dit is juis in hierdie verband waar die teorie en metodiek wat in hierdie ondersoek voorgestaan word, ’n bydrae tot vernuwing wil maak.

Dit is dus duidelik dat die ontwikkelingsgang van die literatuurwetenskap aantoon dat dit beweeg het vanaf ’n skrywersgerigte na ’n teksgerigte en later na ’n lesersgerigte benadering. Laasgenoemde het uitgevloei op nuwe moontlikhede van interdissiplinêre en empiriese ondersoeke en daar is aangesluit by die sosiologie en psigologie. Vervolgens word die empiriese literatuurwetenskap en die institusionele- en sosiologiese benadering as uitvloeisels daarvan, onder die loep geneem.

## 2.3 Die empiriese literatuurwetenskap: die institusionele- en sosiologiese benadering

Fokkema & Ibsch (1992:119) stel dit dat die empiriese literatuurwetenskap ontwikkel het uit die polemieke met verteenwoordigers van die hermeneutiese tradisies. Hulle wys daarop dat selfs die mees progressiewe vorm van hermeneutiese ondersoek, naamlik die resepsie-estetika, interpretasies vervaardig en dus terugval in hermeneutiese metodes. Uit die geledere van voorstanders van hermeneutiese ondersoek, bestaan daar egter ook kritiek teenoor hierdie beskouing, naamlik dat die empiriste nooit totaal sonder die hermeneutiek kan klaarkom nie: interpretasie van empiriese gegewens oor byvoorbeeld die konteks waarbinne die literatuur bestaan, vereis steeds ’n vorm van hermeneutiese ondersoek. Teenoor die resepsie-estetika bestudeer die empiriese ondersoek die leser as sosiaal-historiese subjek met behulp van sosiaal-psigologiese metodes. Die empiriese literatuurwetenskap is ook nie uitsluitlik lesersgerig nie. Fokkema & Ibsch (1992:119) omskryf empiriese ondersoek as die soeke na verklarings vir bepaalde verbande wat binne die literatuursisteem bestaan (waarbinne ’n groot aantal rolspelers veelvoudige funksies verrig – om te lees is maar één van die funksies). Die lees van tekste speel wel ’n belangrike rol in die empiriese literatuurwetenskap en dien byvoorbeeld as voorwaarde vir die professionele omgang met tekste, soos die skryf, uitgee, resenseer en katalogisering van boeke. In die onlangse ontwikkeling van die empiriese literatuurwetenskap, onderskei Fokkema & Ibsch (1992:120) tussen twee hoofafdelings van ondersoek: (i) empiriese ondersoek na die kognitiewe en emosionele reaksies van lesers en produsente, kortweg aangedui as *lesersondersoek*, waarby die outeurs ook ingesluit word (ook *literatuurpsigologie* genoem); en (ii) empiriese ondersoek na die funksionering van die literatuursisteem

op die basis van historiese bronne of eietydse dokumentêre materiaal, kortweg aangedui as *institusionele ondersoek* (ook *literatuursosiologie* genoem).

Binne die institusionele literatuursosiologiese benadering tot die empiriese literatuurwetenskap, word die toekenning van waarde aan literêre tekste deur institusies bestudeer en die vorming van die kanon nagegaan. Komponente van die literatuursisteem word as institusies beskou, soos onder andere die literêre kritiek, literêre pryse, uitgewerye, die boekhandel, biblioteke, die onderwys, kultuur-verenigings en die media (Fokkema & Ibsch, 1992:131-133). Die handelinge (of funksies) van akteurs (of rolspelers) binne die institusies is verantwoordelik vir die totstandkoming van die kanon en die verhouding tussen dié handelinge, eerder as die intrinsieke waarde van tekste, word bestudeer (vergelyk ook Van Gorp *et al*, 1991:116-117).

Die institusionele benadering word veral gevolg deur literatuursosioloë wat die uitsprake van die hermeneutiese literatuurwetenskap oor waardetoekenning in hipoteses omskryf en dit dan toets aan ondersoekresultate oor literêre institusies. Joostens (1990:10) vat hierdie benadering saam onder die noemer "verspreiding- en resepsie-sosiologie" as een van die strome van die literatuursosiologie. Dié benadering maak veral gebruik van empiries-statistiese ondersoeke en het raakpunte met die mediawetenskappe, kommunikasiekunde, die ekonomiese psigologie en bemarking (dus 'n interdissiplinêre benadering). Daar word aandag geskenk aan institusies en kanale wat by die verspreiding van literatuur betrokke is, soos uitgewerye (spesifiek die opbou van publikasielyste word bestudeer), biblioteke, die literatuuronderwys (kurrikula word bestudeer), openbare resepsie (literêre kritiek) en die resepsie deur lesers. Van die belangrikste Nederlandse eksponente van hierdie benadering is Hugo Verdaasdonk en Kees van Rees in hulle empiriese ondersoeke na institusies in die boeksektor (sien verder 2.6). Vergelyk Joostens (1990:1-18) vir 'n breër historiese oorsig oor die ontwikkeling van die literatuursosiologie.

As samevatting van die omvattende verskeidenheid van denkrigtings wat oor die literatuur bestaan, onderskei Van Rees & Dorleijn (1994:91) twee benaderings: (i) die *rekonstruksiebenadering* waarvolgens denkbeelde oor die literatuur wat op 'n bepaalde stadium en deur 'n bepaalde groep in 'n samelewing gehuldig is,

gerekonstrueer en gesistematiseer word; en (ii) die *institusionele benadering* van die literêre veld (as onderdeel van die groter kulturele veld) waar die waarde wat aan literatuur en kuns toegeken word, beskou word as die resultaat van die interaksie tussen die (literêre) institusies wat die literêre veld vorm. Binne die institusionele benadering stel ondersoekers hulself ten doel om rekenskap te gee van die materiële en simboliese produksie en verspreiding van literêre werke deur die verskeie institusies en rolspelers wat in onderlinge wisselwerking binne die veld hulle funksie verrig. In hulle toepassing van die institusionele benadering, maak Van Rees & Dorleijn gebruik van die Franse kultuursosioloog Pierre Bourdieu se teorie oor die veld van kulturele produksie (sien verder 2.4.2).

Om die literatuurbeskouing, dit wil sê die betoog van kritici en ander wat by die produksie en verspreiding van literatuur betrokke is, met vrug te bestudeer, is ’n “metastandpunt” noodsaaklik. ’n Ondersoeker kan slegs die nodige afstand hê om die veld te bestudeer wanneer hy homself buite die veld bevind en weerhou van deelname aan die veld (Van Rees & Dorleijn, 1994:92). ’n Ondersoeker behoort die ontwikkeling en gebruik van literatuuropvattings van deelnemers aan die literêre veld te analiseer, want literatuuropvattings tesame met die posisies wat deelnemers in die veld beklee, vervul ’n strategiese rol by dié deelnemers. Deelnemers aan die veld gebruik literatuuropvattings om eienskappe en kwaliteite aan tekste toe te ken (Van Rees & Dorleijn, 1994:93). Literêre debatte en polemieke dien as bron om literatuuropvattings raak te sien, want dikwels gee kritici nie direk in hulle analises of waardeoordele aanduidings van hulle eie literatuuropvattings nie.

Binne die institusionele benadering word die rol van literatuuropvattings in die interaksie tussen institusies bestudeer (Van Rees & Dorleijn, 1994:98). Die interaksie word deur sosiale en institusionele faktore bepaal. Uitsprake wat op die rekonstruksiebenadering berus (van byvoorbeeld historiese ondersoek) behoort die konteks van die literatuuropvattings in ag te neem, anders bly dit abstrak-problematies (Van Rees & Dorleijn, 1994:102-103). Van Rees & Dorleijn beveel dus ’n kombinasie van die rekonstruksiebenadering met die institusionele benadering aan. Met “institusionele benadering” verwys hulle na ’n bepaalde vorm van analise van die literêre veld en die kunsveld in die algemeen; met “institusie” / “institusioneel” word deurgaans bedoel “kuns as institusie” – dus vir hierdie ondersoek ook “uitgee / boekproduksie as

institusie" (Van Rees & Dorleijn, 1994:103). Hulle wys daarop dat die studie oor die waarde van kuns (ook literatuur) beskou is as die eksklusiewe terrein van die kuns- (literatuur)wetenskap. Hoewel daar aandag gegee is aan die literêre kritiek, literatuurwetenskap en literatuuronderwys as institusies wat die waarde van literatuur bepaal, is faktore wat tot die ekonomiese en sosio-psigologiese domeine behoort, geïgnoreer. Die kultuur-ideologiese faktore is as natuurlik en intrinsiek voorgestel (Van Rees & Dorleijn, 1994:105). Die institusionele benadering maak dus daarvoor voorsiening dat alle moontlike institusies en hulle funksies gesamentlik bydra (alhoewel in verskillende mate en op uiteenlopende wyse) tot die maatskaplike waarde van die kuns. Kuns kan nie as ’n geïsoleerde outonome objek binne die institusionele benadering beskou word nie. Ondersoeke na die produksie of verbruik van kunsobjekte (ook fiksietitels) is onlosmaaklik verbonde aan ondersoeke na die beeldvorming (die simboliese produksie) rondom daardie objekte (Van Rees & Dorleijn, 1994:105).

In hierdie ondersoek word literatuuropvattings in terme van die rol wat dit speel in die verskeie institusies wel in ag geneem by die rekonstruksie van die uitgeesisteem, maar dit kom nie direk ter sprake by die empiriese komponent nie, aangesien dáárin hoofsaaklik op die materiële produksie van fiksietitels gefokus word en nie op simboliese produksie nie. In opvolgondersoeke, binne ’n oorkoepelende navorsingsprogram, sal die verbande tussen die materiële en simboliese produksie egter verder uitgewerk word. Die insigte van die institusionele literatuursosiologiese benadering tot die empiriese literatuurwetenskap word benut om die uitgeesisteem te rekonstrueer. Die verskeie rolspelers en institusies wat by die uitgeeproses betrokke is (en die verskillende funksies wat hulle verrig) word as ’n verbandhoudende geheel (’n sisteem) beskou en binne die breër sosiale konteks geposisioneer. Die intersistemiese verbande tussen institusies en subsisteme word aangetoon en eksemplaries geïllustreer. Met dié toepassing word aangesluit by die sisteemteoretiese benaderings tot literatuurwetenskap.

## 2.4 Sisteemteoretiese benaderings tot literatuurwetenskap

Die teorievorming van die sisteemteoretiese benaderings tot die literatuurwetenskap en die vergelyking van hoe verskillende sisteemteorieë by mekaar aansluit en van mekaar verskil, het veral momentum gekry deur die stigting van die International Society for the Empirical Study of Literature (IGEL) deur Siegfried J. Schmidt in 1987 (Van Gorp, 1997:2-3). Twee referaatbundels wat ontstaan het ná kongresse waartydens die sentrale fokus geval het op verskeie sisteemteorieë en die uitvloeisel en toepassing daarvan, dien as van die belangrikste bronne oor sisteemteorievorming in die breë: (i) die tweede kongres van IGEL wat in Desember 1989 by die Vrije Universiteit Amsterdam plaasgevind het en wat gelei het tot die referaatbundel *Empirical Studies of Literature* (Ibsch, Schram & Steen *et al*, 1991); en (ii) die internasionale kongres "Systems and Fields – Functionalist Approaches to Literatures and Cultures" wat gedurende 19-20 April 1996 by die Katholieke Universiteit Leuven plaasgevind het en waarvan die referate gebundel is in 'n spesiale uitgawe van die *Canadian Review of Comparative Literature*, 1997, 24(1).

Van Heusden (2001:172) stel dit dat die hedendaagse literatuursosiologie sisteemteoreties is. Die sosiale sisteemteorie veronderstel dat die geheel van handelinge sistemies omskryf kan word in terme van vaste onderliggende strukture. Van Coller (2002a:69) dui daarop dat sisteemteoretiese modelle 'n sentrale plek verwerf het in eietydse literatuurstudie en dat dit teruggevoer kan word na drie tradisies: (i) die formalisties strukturalistiese benadering van Itamar Even-Zohar; (ii) die sosiologiese benadering van Pierre Bourdieu; en (iii) die konstruktivistiese variant van Siegfried J. Schmidt. Van Coller (2002a:69) vermeld ook Nicholas Luhmann se kommunikatiewe model wat op sosiaal-bepaalde kommunikasie, eerder as op individue konsentreer. Luhmann se benadering word deur Van Heusden (2001:185-186) benut vir 'n kultuursemiotiese perspektief op literêre kultuur. Luhmann se model word veral gevolg deur die sogenaamde Leiden Skool in Nederland. Eksponente van dié Skool (vergelyk De Berg, 1997:141-151 en Prangel, 1997:153-160) volg 'n kommunikatiewe benadering en ontwikkel 'n hermeneutiese model wat poog om rekenskap te gee van die historiese ontwikkeling van teksinterpretasie. Laermans (1997:103-113) dui die teoretiese verband tussen Luhmann en Schmidt se onderskeidelik kommunikatiewe en konstruktivistiese benaderings aan. Schmidt (1997:119-136) benadruk die funksionele

outonomie van die literêre sisteem deur ’n agentgebaseerde en empiriese benadering en definieer dié sisteem deur ’n aantal sisteemspesifieke aktiwiteite (produksie, resepsie, verspreiding en post-prosessering / terugvoer) en akteurs / agente / rolspelers (skrywers, lesers, uitgewers, kritici) wat binne die veld “ontdek” en beskryf word. Van Gorp *et al* (1991:116) wys daarop dat Schmidt se sterk onderskeid tussen die interpretatiewe studie en streng wetenskaplike studie van literatuur, sogenaamde radikale konstruktivisme, ’n logiese uitvloeisel was van die kognitiewe konstruktivisme. Laasgenoemde het ontstaan uit die beskouing dat teksinterpretasie nie alleen teksgebonde is nie, maar in ’n groot mate lesersgebonde is deurdat lesers self hulle ervaringswêreld (en omgang met tekste) konstrueer.

Volgens Van Coller (2002a:69) het al hierdie modelle heuristiese (“wat mens in staat stel om te ontdek”) waarde binne verskillende kontekste en toon dit ook bepaalde gebreke (vergelyk ook Fokkema, 1997:177-185 se belangrike vergelyking van die verskillende sisteemteoretiese modelle van Even-Zohar, Bourdieu, Schmidt en Luhmann). Van groot belang vir hierdie ondersoek is Van Coller (2002a:69) se aanduiding dat wanneer die sisteemteorie gebruik word vir navorsing, dit nuttig is om “op eklektiese wyse elemente uit verskillende modelle te neem”. Fokkema (1997:182-185) sluit hierby aan wanneer hy pleit vir ’n probleemgeoriënteerde benadering waar die fokus nie op die konstruksie van die sisteem en die tegnieke wat daarvóór ingespan word val nie, maar op die oplossing van die sentrale navorsingsprobleem deur die benutting van sisteemteorie. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word ’n doelbewuste keuse gemaak om spesifiek uit Even-Zohar se polisisteemteorie en Bourdieu se teorie oor die veld van kulturele produksie, elemente te neem wat relevant en bruikbaar is. Sisteemteorie word dus benut as teoretiese paradigma en operasionele hipotese (Van Coller, 2002a:66), of anders gestel, as konseptuele agtergrond vir die rekonstruksie van die uitgeesisteem. Vervolgens word dié twee sisteemteoretiese modelle oorsigtelik beskryf .

### 2.4.1 Die polisisteemteorie van Itamar Even-Zohar

Itamar Even-Zohar word algemeen beskou as een van die belangrikste kontemporêre baanbrekers in die toepassing van algemene sisteemteorie op die terrein van die literatuurwetenskap. In sy Ph.D.-tesis (in 1972) het hy ’n teoretiese en metodologiese

raamwerk ontwikkel, genaamd die polisisteemteorie, wat hy aanvanklik op ’n ondersoek na ’n vertalingsteorie toegepas het. Sedertdien het hy en ander kollegas die polisisteemteorie verder uitgebou as metodologie vir die bestudering van reekse kompleksiteite op die gebied van kultuurstudie (Sales-Salvador, 2002:1). Deur die herwaardering van die bydraes van “dinamiese funksionalisme” (’n bydrae van die laaste fase van die Russiese Formalisme, byvoorbeeld die werk van Tynjanov en Ejxenbaum), die Tsjeggiese Strukturalisme en die Tartu Semiotiek, voorsien Even-Zohar (1990a:11) se polisisteemteorie ’n raamwerk wat die aandeel van kultuur en mag en die veranderende dinamika daarvan binne die heterogeniteit van enige semiotiese sisteem erken. Even-Zohar was een van die eerste teoretici wat literatuur as ’n dinamiese polisisteem binne die groter polisisteem van kultuur beskryf het. Daardeur het hy die kulturele, sosiale, historiese en ideologiese plek van literatuur as kultuurproduk erken en klem gelê op die bestudering van literatuur binne hierdie kontekste eerder as binne ’n vakuum in isolasie van dié kontekste (Sales-Salvador, 2002:2).

Met betrekking tot die uitbreiding van die literatuursisteem en na aanleiding van die dinamiese funksionalisme, beskryf Even-Zohar (1990b:27) die konsep “sisteem” as ’n voorgestelde versameling van waarneembare entiteite. Die entiteite is deur ’n netwerk van onderlinge verhoudings of verbande aan mekaar verbind. Hipoteses kan gestel word vir die sistemiese verhouding van dié verbande. Ooreenstemming oor wat ’n sisteem is, impliseer egter nie noodwendig ooreenstemming oor die entiteite wat by ’n sisteem ingesluit word nie:

> Views on this range [reekse entiteite] have indeed developed side by side with the various developments in (poly)system theory, but have not been made an integrated part of it. Polysystem theory was initially able to develop its views of the literary processes even when the range of factors it assumed to be participant in that ‘polysystem’ was *limited to textual features alone* [navorser se kursivering – hier word verwys na komponente van die literêre teks, soos byvoorbeeld die klank-, semantiese en tematiese aspek], all the other factors involved having been considered ‘constraints on’ rather than ‘factors of’ the polysystem. However, since at the very core of polysystem theory there lies the idea that sets cannot be

> fruitfully accounted for in isolation, polysystem theory has gradually been pushed to enlarge the range of factors recognized as 'belonging to the system' (Even-Zohar, 1990b:28-29).

Volgens Even-Zohar (1990a:10) kan daar onderskei word tussen statiese en dinamiese sisteme. Statiese sisteme is 'n sinchroniese netwerk van verhoudings waar die waarde van elke entiteit 'n funksie is van die spesifieke verhouding met die entiteit waarmee dit verbind is. Die funksies van entiteite en die verhouding tussen entiteite in die netwerk is dus bepaalbaar, maar daar word nie ruimte gelaat vir verandering en variasie in hierdie sisteem nie – dié sisteem is dus geslote en veranderinge en variasies word nie as deel van dié sisteem se relevante omgewing beskou nie (vergelyk Viljoen, 1992b:496). Dinamiese sisteme erken die feit dat 'n sisteem deur die konteks van tyd beïnvloed word en dus voortdurend aan die verander is. Dié sisteem is meervoudig, dit bestaan uit verskeie sisteme wat met mekaar verbind is en wat gedeeltelik oorvleuel, maar wat nog steeds as 'n gestruktureerde geheel funksioneer en waarvan die entiteite interafhanklik is (Even-Zohar, 1990a:11). Die dinamiese sisteem is dus 'n oop sisteem of polisisteem wat in die konteks van 'n spesifieke periode beskou word, bewus daarvan dat die sisteem vóór en ná die periode (moontlik) anders kon lyk deurdat dit deur die relevante omgewing beïnvloed word (vergelyk Viljoen, 1992b:496). In hierdie ondersoek word die uitgeesisteem (soos van toepassing op Afrikaanse fiksie en spesifiek vir die periode 1990-2005) as polisisteem (oop sisteem) gerekonstrueer.

Even-Zohar beskryf die raamwerk wat die polisisteem ten gronde lê deur na die konsepte dinamika en heterogeniteit te verwys. Vir hom bied die polisisteemteorie die moontlikheid om 'n hipotese te stel waarvolgens die probleem van chaos en kompleksiteit van 'n spesifieke navorsingsvraag opgelos kan word:

> This means that whoever adopts a view of 'dynamics plus heterogeneity' takes plausibly into account such parameters as change, conflict, contradiction, alternative options, competing possibilities, *blurred borders between activities and institutions*, [navorser se kursivering] and much more, this in addition, naturally, to the idea of *interdependencies* (i.e. 'systemicity') as the

basis of any conceptualization of 'the world' (Sales-Salvador, 2002:3).

"Die wêreld" of omgewing waarbinne die produksie van Afrikaanse fiksie plaasvind (die uitgeesisteem van Afrikaanse fiksie), word in hierdie ondersoek gerekonstrueer deur die interafhanklikheid tussen die verskillende institusies (rolspelers) en hulle aktiwiteite (funksies) wat by die uitgee van Afrikaanse fiksie betrokke is, in ag te neem. Die dinamika van die uitgeesisteem is die voortgesette produksie van publikasies – slegs deur die voortsetting van produksie bly die sisteem voortbestaan. Die heterogeniteit van die uitgeesisteem betrek die netwerk uiteenlopende funksies wat deur die talle rolspelers verrig word om die dinamika van die sisteem (die produksie van publikasies) aan die gang te hou.

Die polisistemiese raamwerk of die polisisteemteorie as operasionele hipotese stel 'n benadering van integrasie voor. Integrasie word 'n voorvereiste om enige semiotiese veld ten volle te begryp. Dit beteken byvoorbeeld dat "populêre" fiksiepublikasies (wat op 'n breër publiek gerig is, soos liefdesromans) nie afgemaak kan word as minderwaardig, swak of nie-literêr nie (wat dikwels gebeur), maar dat hierdie tipe fiksie op gelyke voet met "literêre" fiksiepublikasies bestaan (Even-Zohar, 1990a:13). Na aanleiding van 'n vraag oor integrasie as 'n eienskap van die polisisteemteorie deur Sales-Salvador (2002:5), antwoord Even-Zohar deur nog 'n belangrike eienskap van die teorie te belig, naamlik dat dié teorie waarde-oordele as kriteria in die seleksie van studie-objekte verwerp. Hy waarsku ook in hierdie verband teen die verwarring tussen kritiek en navorsing wat in die literatuurwetenskap voorkom (Even-Zohar, 1990a:13). Die polisisteemteorie is dus nie evaluerend (dit vertrek nie vanuit 'n teksgerigte benadering waar tekste geëvalueer, gekritiseer en na waarde geskat word nie) of voorskrywend nie, maar eerder beskrywend. Daarom blyk polisisteemteorie 'n bruikbare vertrekpunt te wees vir die rekonstruksie van die uitgeesisteem waarby die produksie van alle soorte fiksiepublikasies (sowel sogenaamde "populêre" as "literêre" publikasies) bestudeer word.

Even-Zohar (1990a:14) verwys na die sentrum-periferie-spanning as 'n verdere kenmerk van die polisisteem waar ouer (of meer gevestigde) elemente vanaf die sentrum na die periferie van die sisteem beweeg en nuwer elemente wat eens op die

periferie gestaan het die sentrum binnedring en beset. Dit is 'n nimmereindigende proses wat sorg vir die dinamika van die sisteem; daarsonder sal die sisteem stagneer en uiteindelik ophou om te bestaan. Hierdie kenmerk van die polisisteem maak dit 'n bruikbare teorie vir ondersoeke na kanonisering en dit het veral in die literatuurwetenskap die benutting van die polisisteemteorie bevorder (sien in hierdie verband byvoorbeeld Viljoen, 1992b:496 se interpretasie van Even-Zohar se teorie). Kanonisering *per se* toon egter 'n verband met waarde-oordele wat die gebruik van die polisisteemteorie vir ondersoeke daarna ironies maak aangesien dié teorie waarde-oordele verwerp.

In die toepassing van die polisisteemteorie op die rekonstruksie van die uitgeesisteem van Afrikaanse fiksie, kom die sentrum-periferie-spanning op 'n ander vlak ter sprake. Daar word nie gefokus op kanonisering of die produksie van 'n kanon nie, maar die produksie van *alle* Afrikaanse fiksietitels (weliswaar met bepaalde afbakening – sien 5.5.2) word as studie-objek geneem. Die rekonstruksie van die uitgeesisteem vertrek vanuit die gevestigde of tradisionele uitgeeproses (kortom, uitgee deur 'n uitgewery) wat die interne sisteem of kern vorm (sien 3.2). Fiksietitels wat nie tot hierdie gevestigde kringloop toegelaat word nie (en dalk ná afkeuring deur 'n uitgewery deur die outeur self-uitgegee word), staan dus op die periferie van dié sisteem, terwyl aanvaarde manuskripte tot die sentrum toegelaat word. Tydens die rekonstruksie van die uitgeesisteem word verder aangetoon dat 'n aantal institusionele subsisteme (sien 3.3) en kontekstuele subsisteme (sien 3.4) die kern van die sisteem of uitgeeproses beïnvloed. Hierdie beïnvloeding deur die verskillende subsisteme vind nie in gelyke mate plaas nie en wissel ook in verskillende periodes. Hipoteties kan dus gesê word dat 'n subsisteem in 'n sekere sentrum-periferie-spanning tot die kern van die sisteem staan en selfs op sekere stadiums só 'n groot invloed daarop kan hê dat dit die kern kan binnedring.

Even-Zohar (1990a:22-23) stel die uitgangspunt dat enige semiotiese polisisteem (byvoorbeeld die literatuursisteem) 'n komponent is van 'n groter polisisteem (byvoorbeeld die kultuursisteem) waaraan dit onderwerp én gelykvormig is en dat dit korreleer met die groter geheel en die komponente daarvan. Dié korrelasies word die intra-verhoudings van die sisteem genoem. Die korrelasies tussen hierdie sisteme, wanneer hulle as gelykvormig en as funksionerend binne 'n groter kulturele geheel

beskou word, kan waargeneem word op die basis van hulle wederkerige gee en neem tussen mekaar. Na aanleiding hiervan beskou Even-Zohar (1990a:23 en 1990b:30) die literatuursisteem as ’n aparte semi-onafhanklike sosio-kulturele institusie wat gelyktydig outonoom (selfregulerend) en heteronoom (gekondisioneerd deur ander sisteme) met ander ko-sisteme bestaan. Vanuit hierdie veronderstelling pleit hy dat literêre institusies (hy noem literêre ideologieë; *uitgewerye*; literêre kritiek; literêre groepe; en ander wyses waarvolgens smaak dikteer of die norm gestel word as voorbeelde), wat ongetwyfeld as semi-afhanklike sosio-kulturele sisteme optree, ook erken word as integrale faktore van die literatuursisteem. Die uitgeesisteem word gerekonstrueer as ’n *mega-polisisteem* wat uit meer as een sisteem bestaan: die kern (die uitgeeproses of boekproduksie as institusie) word as opsigselfstaande polisisteem beskou, maar die totale uitgeesisteem sluit ook die ko-sisteme waarmee dit in interaksie is, in (vergelyk Bourdieu, 1993:33 wat daarop wys dat die dinamika van ’n veld of sisteem juis begryp moet word deur die interafhanklikheid tussen subsisteme binne ’n sisteem-van-sisteme).

In sy rekonstruksie van die literatuursisteem pas Even-Zohar (1990b:31 en 34) Jakobson se bekende kommunikasiemodel aan. Hy stel dit dat die faktore binne sy voorgestelde raamwerk nie in ’n hiërargie van belangrikheid funksioneer nie, maar wel deur hulle interafhanklikheid tot mekaar: ’n verbruiker verbruik ’n produk wat deur ’n produsent geproduseer is. ’n Gedeelde repertoire moet bestaan as voorwaarde vir die generering van die produk. Die bruikbaarheid van die repertoire word deur ’n institusie bepaal en ’n mark moet bestaan waarin die produk versprei kan word. Geeneen van die faktore kan in isolasie funksioneer nie en daar bestaan interafhanklike verhoudings tussen al die genoemde faktore (die rolspelers en die funksies wat hulle verrig). By die rekonstruksie van die kern van die uitgeesisteem (sien 3.2) word aangetoon dat dit op dieselfde beginsel van interafhanklikheid funksioneer.

Even-Zohar (1990b:37-38) omskryf institusie in sy rekonstruksie van die literatuursisteem as die aggregaat van faktore wat betrokke is by die instandhouding van literatuur as sosio-kulturele aktiwiteit. Onder institusie sluit hy gedeeltes van die produsente, kritici, *uitgewerye*, joernale, klubs, literêre groepe, staatsdepartemente, en die media in al sy fasette in. Binne die institusie bestaan daar ’n mate van kompetisie tussen hierdie faktore vir die dominering van die institusie (’n sentrum-periferie-

spanning). Binne die veelvoudigheid van die literatuursisteem is verskillende institusies gelyktydig aan die werk in verskillende dele van die sisteem. Die aard van produksie en verbruik word bepaal deur die institusie en enige besluite binne die sisteem word bepaal deur die moontlikhede en beperkinge van die institusie (vergelyk ook Even-Zohar, 1997:31-32). In die rekonstruksie van die uitgeesisteem word aangetoon dat die produksie van fiskietitels 'n institusie is en dat dit in verband staan met ander institusies (subsisteme) waardeur dit beïnvloed word (sien 3.3).

Diegene wat spesifiek geïnteresseerd is in die voortbrenging van produkte (byvoorbeeld literêre tekste), kan nie die toestand van die polisisteem waarvan die produkte ondersoek word, ignoreer nie (Even-Zohar, 1990a:15). In die toepassing van die polisisteemteorie deur die literatuurwetenskap in teksgerigte ondersoeke (waar die teks self, die resepsie van die teks en die aandeel daarvan in die kanon ondersoek word) word vertrek vanaf 'n punt waar die teks reeds as materiële produk bestaan (reeds geproduseer of uitgee is), terwyl die produksieproses (of uitgeeproses) waardeur die produk tot stand gekom het in hierdie ondersoeke geïgnoreer word.

Even-Zohar (1990a:18-19) beskou wel tekste (fiksietitels) as die algemeen aanvaarde produk(te) van die literatuursisteem, alhoewel hy (Even-Zohar, 1990b:43-44) die kompleksiteite van hierdie beskouing uitwys. Afhangende van die vlak van analise waarvoor die polisisteemteorie ingespan word, kan fragmente van 'n teks, patrone in die samestelling van die teks en modelle van realiteit binne die teks ook as produkte van die sisteem beskou word (vergelyk ook Even-Zohar, 1997:27-30). Individuele verbruikers is bloot geïnteresseerd in die produkte en nie in die faktore wat die bedryf waardeur die produkte geproduseer word, beïnvloed nie. Maar vir diegene wat die bedryf as 'n komplekse aktiwiteit wil begryp, kan die faktore wat daardie bedryf beïnvloed nie deur die produkte van die bedryf geanaliseer word nie – selfs al bly die produkte (die voortbrenging van die produkte) die rede vir die operasionele funksionering van dié bedryf (Even-Zohar, 1990a:18-19). Tekste (fiksietitels) as produkte van die literatuursisteem is die uitkoms van die prosesse van die bedryf waardeur dit vervaardig word (die uitgewerybedryf) eerder as die uitkomste van 'n proses van kanonisering. Tekste is slegs 'n aktiewe faktor in sistemiese verhoudings deur hulle funksie as verteenwoordigend van die modelle waardeur hulle voortgebring word. Vergelyk ook Codde (2003:93) wat wys op die misverstand dat funksionalisme

(waarvan polisisteemteorie ’n vergestalting is) hoofsaaklik gemoeid is met die eindproduk van literêre aktiwiteite (die literêre teks) terwyl Even-Zohar dit juis beklemtoon dat die literêre produk bespreek, geanaliseer en beskryf behoort te word in terme van die ingewikkelde netwerk van verhoudings waardeur dit voortgebring of gekondisioneer word. Polisisteemteorie hou hom dus nie hoofsaaklik met die eindproduk besig nie, maar met dinamiese verhoudings binne die sisteem waardeur dit voortgebring word.

Vir die doeleindes van die rekonstruksie van die uitgeesisteem word die fisiese boek (die manuskrip in sy gepubliseerde formaat as boek wat gereed is om aan die mark versprei te word) as produk van die uitgeesisteem beskou. Die uitgeesisteem neem alle rolspelers wat binne die uitgewerybedryf by die totstandkoming van die produk betrokke is in ag en die funksionering van die uitgewerybedryf word sistemies beskou. Deur die uitgewerybedryf binne sy breër sosiale konteks te plaas en ook dié ko-sisteme wat die bedryf beïnvloed in te sluit, word die uitgeesisteem as ’n mega-polisisteem geponeer.

Volgens Even-Zohar (1990b:34-35) is teorieë wat die literatuur beskou vanuit ’n uitgangspunt wat die produksie van literatuur as vertrekpunt neem grotendeels afwesig. Hy verklaar dit deur kortliks te verwys na die ontwikkeling van die literatuurwetenskap. Ná die tradisie waar die skrywer sentraal in die literatuurwetenskap gestaan het, het ’n teksgerigte benadering tot literatuurwetenskap gevolg wat gefokus het op eerstens die teks en daarna die begrip en verstaan van die teks. Laasgenoemde het verder ontwikkel in ’n lesersgerigte benadering, maar die bestaan van die teks is as vanselfsprekend aanvaar en dit is nie nodig geag om ’n verband tussen die verbruik en produksie van die teks te trek nie. Die skrywer is ook nog altyd as die enigste produsent van die teks beskou. Die ontstaan van tekste is gekoppel aan skrywers se intensies. ’n Praktyk het gevolg waarvolgens hierdie intensies gekoppel is aan eerstens allerlei verklarings aangaande die mistieke “inspirasies” van skrywers en tweedens vereenvoudigde psigologiese verklarings. Dit was eers met die ontwikkeling van die polisisteemteorie en voorlopers daarvan dat pioniers soos Ejxenbaum begripgebaseerde teorieë met produksiegebaseerde teorieë kon verbind.

Even-Zohar (1990b:35-36) is van mening dat die totstandkoming of generering van die teks (en hier is dit veilig om te aanvaar dat daar verwys word na die skryfproses waardeur die manuskrip tot stand kom) slegs ’n klein gedeelte van produksie uitmaak, terwyl ander betrokke rolspelers, die hoeveelheid titels en hulle sirkulasie ook faktore van produksie is. Daarom verwys hy na die meervoudsvorm “produsente” wat die aggregaat van rolspelers insluit wat by produksie betrokke is en wat op verskeie wyses georganiseer is (vergelyk ook Even-Zohar, 1997:30-31). Hulle vorm almal deel van die literêre institusie en literêre mark in Even-Zohar se literatuursisteem en hulle is ook deel van die repertoire omdat hulle die norm stel. Hy noem egter dat ’n benadering wat die produsent as ’n inklusiewe groep van rolspelers betrokke by produksie voorstel, dikwels teenkanting in die praktyk ervaar omdat dit as ekstern tot die literatuursisteem beskou word. Gevolglik word die toestande en beperkinge van die verskillende literêre produsente (soos ook uitgewerye) dikwels geïgnoreer.

Binne ’n Suid-Afrikaanse konteks meld Viljoen (1992b:497) dat “dit vandag egter duidelik [is] dat die grense van literêre sisteme so getrek moet word dat dit die teks, sy produsent en resipiënt insluit, plus ook die norme, postulate of konseptuele raam-werke waarbinne produksie en resepsie plaasvind.” Viljoen (1992b:496) verduidelik dat die literatuur nie as ’n oop sisteem beskou kan word as dit slegs uit tekste bestaan nie, maar dat dit eerder gaan oor die literêre proses(se) van produksie en resepsie: “die literêre sisteem is alleen via skrywer en leser oop na sy omgewing”. Hierdeur word produksie by die literatuursisteem betrek, maar dit is insiggewend dat Viljoen nie direk verwys na uitgewers of uitgewerye nie, alhoewel hy verwys na “produksie-tegnieke (mondeling, die drukpers) en produksievoorwaardes (mesenasse, die status van die skrywer, gatekeepers)”. In Suid-Afrika word die literatuursisteem tradisioneel gerekonstrueer sodat dit die teks, sy produsent (en hier word primêr na die skrywer verwys) en die resipiënt (die leser) as entiteite insluit. Alhoewel die uitgewer as rolspeler (as medeprodusent saam met die skrywer) en die uitgewery as institusie nie totaal ontken word binne die (Suid-Afrikaanse of Afrikaanse) literatuursisteem nie, word daar nie direk daarna as primêre entiteit verwys nie en word dit grotendeels geïgnoreer. Die uitgewer en uitgewery maak binne die tradisionele rekonstruksie van die literatuursisteem deel van die relevante omgewing uit.

Die vraag mag ontstaan hoekom hierdie ondersoek nie die literatuursisteem as vertrekpunt neem nie, maar dit nodig ag om ’n ander sisteem (die uitgeesisteem) te rekonstrueer. Die antwoord lê hoofsaaklik in bogenoemde ignorering van die uitgewer en uitgewery as deel van die literatuursisteem en dít dien as motivering vir die rekonstruksie van die uitgeesisteem. Eerder as om die literatuursisteem te verbreed sodat dit die uitgewer en uitgewery as een van die primêre entiteite insluit, word die uitgeesisteem gerekonstrueer wat vertrek vanuit ’n uitgangspunt waar die uitgewer en uitgewery (en uitgee / produksie as primêre aktiwiteit) sentraal tot dié sisteem staan. Die Afrikaanse literatuursisteem bestaan dan in ’n intra-verhouding met die uitgee-sisteem van Afrikaanse fiksie: dié literatuursisteem is ’n subsisteem binne die uitgeesisteem terwyl die uitgeesisteem weer op sy beurt ’n subsisteem binne die literatuursisteem is. Die uitgeesisteem word ook só gerekonstrueer dat dit generies ten opsigte van alle soorte publikasies is en nie slegs fiksiepublikasies nie, alhoewel dit in hierdie ondersoek spesifiek op die produksie van fiksiepublikasies toegepas word.

Dit word duidelik in die onderhoud met Sales-Salvador (2002:10) dat Even-Zohar nie daarop gefokus het om die polisisteemteorie verder te ontwikkel of op verskillende terreine te “bewys” nie, maar eerder op die bruikbaarheid daarvan om verskillende navorsingsvrae te beantwoord. Om dít te bereik het hy die polisisteemteorie in sy latere navorsing nie altyd as sentrale vertrekpunt of verwysing ingespan nie, maar eerder as konseptuele agtergrond gebruik. Vir die doeleindes van die rekonstruksie van die uitgeesisteem van Afrikaanse fiksie word die polisisteemteorie ook as konseptuele agtergrond benut. Daar sal dus nie gepoog word om die verband tussen die polisisteemteorie en die rekonstruksie van die uitgeesisteem te “bewys” nie aangesien hierdie verband hipoteties aanvaar word. Die polisisteemteorie word in hierdie ondersoek ingespan om die struktuur van die uitgeesisteem van Afrikaanse fiksie te beskryf: die komplekse verhoudings tussen die verskeie institusies (en rolspelers) en hulle onderlinge aktiwiteite (funksies) in die uitgeesisteem en die interaksie tussen die kern van die sisteem (die uitgeeproses) en eksterne subsisteme, waardeur die rolspelers en hulle funksies beïnvloed word en wat die dinamika van die sisteem dryf.

### 2.4.2 Pierre Bourdieu se teorie oor die veld van kulturele produksie

Die Franse kultuursosioloog Pierre Bourdieu het ’n teorie ontwikkel om die ontstaan van die outonome artistieke veld aan die begin van die negentiende eeu te verklaar. Vóór die negentiende eeu was die artistieke veld onder die beskerming van die adellike stand wat finansiële hulpbronne aan kunstenaars voorsien het (die sogenaamde mesenasse of kunsbeskermers) en kunstenaars het in opdrag van dié borge gewerk. Daarna het ’n groep Boheemse kunstenaars ontstaan met ’n eie duidelike kollektiewe identiteit en ’n tekort aan finansiële hulpbronne en word die “kunstenaar as uitgeworpene” gebore. Gevolglik tree daar vervreemding tussen die kunstenaar en die publiek in en ontstaan daar ’n duidelike skeiding tussen artistieke erkenning en openbare of kommersiële sukses – ’n spanning wat tot vandag toe in ’n mate bestaan (Van Heusden, 2001:171).

Later pas Bourdieu sy teorie ook toe op die ontwikkeling van literatuur tot outonome kulturele gebied en benut hy die teorie om kuns en literatuur as sosiale praktyk te analiseer. Dit is spesifiek Bourdieu se aanwending van sy teorie om die omstandighede te verklaar waaronder kulturele produkte (soos literêre tekste) geproduseer word, wat hom ’n belangrike bydraer tot teorievorming in die literatuursosiologie maak (Van Heusden, 2001:179-180). Bourdieu onderskei tussen ’n teksimmanente of hermeneutiese benadering (wat daarop gerig is om die betekenis van tekste te verklaar) en ’n tekseksterne of empiriese benadering (wat daarop gerig is om die produksie en resepsie van literatuur te bestudeer) binne die literatuursosiologie. Hy staan krities teenoor die teksimmanente benadering omdat die verhouding tussen opeenvolgende tekste en literêre vorme (genres, strominge) volgens hom nie ’n “natuurlike” gegewe is nie, maar die resultaat van ’n komplekse spel van sosiale faktore: “In defining the literary and artistic field as, inseparable, a field of positions and a field of position-takings we also escape from the usual dilemma of internal (‘tautegorical’) reading of the work (taking into isolation or within the system of works to which it belongs) and external (or ‘allegorical’) analysis, i.e. analysis of the social conditions of production of the producers and consumers [...]” (Bourdieu, 1993:34).

Bourdieu poog om ’n empiriese analise van die produksie-omstandighede te lewer en ontwikkel daarvoor die konsepte “veld” en “habitus”. ’n “Veld” (*champ*) is ’n mikrokosmos van sosiale praktyke, ’n gestruktureerde ruimte wat met verbandhoudende sosiale posisies verbind is volgens bepaalde reëls. Die veld bestaan uit oorvleuelende sosiale, intellektuele en ideologiese arenas waardeur produsente (soos byvoorbeeld uitgewers, redakteurs en outeurs) en produkte (byvoorbeeld boeke of ander kultuurprodukte) met mekaar verbind is. Agente wat binne ’n veld ’n bepaalde posisie inneem, beskik oor vaardighede en magsmiddele wat Bourdieu hulle “kapitaal” noem. Die ongelyke verdeling van die kapitaal is bepalend vir die struktuur van die veld (Bourdieu, 1993:45-49). Bourdieu onderskei tussen drie vorme van kapitaal: (i) ekonomiese kapitaal (finansiële hulpbronne – Bourdieu, 1993:68); (ii) kulturele kapitaal (vorme van kognitief-verworwe en geïnternaliseerde kennis of bevoegdheid wat die agent in staat stel om kultuurprodukte te waardeer en kulturele verbande en kodes te ontsyfer – Johnson in Bourdieu, 1993:7); en (iii) sosiale kapitaal (’n netwerk van kennisse, kontakte en familie waardeur die agent sy posisie in die veld verbeter en sterker meeding om ander vorme van kapitaal – Bourdieu, 1993:54, 68). ’n Verdere vorm van kapitaal is *simboliese kapitaal*, wat verwys na die vlak van verworwe prestige, beroemdheid of aansien wat ’n deelnemer in ’n bepaalde veld verower het en gegrond is op die kennis van die deelnemer en die erkenning aan die deelnemer (Johnson in Bourdieu, 1993:7). In verskillende velde is verskillende vorme en vlakke van kapitaal van belang en daar word deur die deelnemers aan ’n veld gewedywer om die kapitaal (Bourdieu, 1993:40-43). ’n “Veld” is dus ’n strydperk waarbinne die agente meeding om die verdeling van die kapitaal en die erkenning van wat as relevante kapitaal moet of mag beskou word.

Deur artistieke vernuwing word die struktuur van die veld hervorm, verander die waardes en daarmee ook die hiërargie (Bourdieu, 1993:55-61). Die struktuur van die veld word bepaal deur die verspreiding van beskikbare posisies en die objektiewe eienskappe van die agente wat die posisies inneem. Die dinamika van die veld is gesetel in die magstryd om die beskikbare posisies en die konflik wat ontstaan tussen die ortodoksie van gevestigde tradisies en die kettery wanneer nuwe kulturele praktyke die posisies inneem (*prises de position*). Hierdie posisie-inname kan veroorsaak word deur óf immanente eienskappe van tekste (byvoorbeeld stilistiese vernuwing), óf tekseksterne verskuiwings in die breër politieke of kulturele veld

(Johnson in Bourdieu, 1993:16-17). Die objektiewe, bepalende struktuur van ’n veld word sigbaar in die vorm van ’n netwerk van onderskeidende gedragsvorme (praktyke en aktiwiteite) wat ’n simboliese ruimte van “plekbepalinge” en “posisie-inname” vorm (vergelyk Van Heusden, 2001:181). Die posisies wat deelnemers binne ’n veld kan inneem, korrespondeer dus met verskillende verbandhoudende gedragsvorme (in die kuns of letterkunde byvoorbeeld praktyke soos skrywerstrominge of -skole, geslagte of generasies, tradisies en style).

Velde (kuns, politiek, ekonomie, die reg) het ’n eie logika. Die veronderstelling dat elke veld ’n eie struktuur het, bring Bourdieu se teorie in die kader van die sisteemteoretiese sosiologie. Van Heusden (2001:182-183) vra in watter verhouding verskillende velde tot mekaar staan en wonder of daar nie ’n “reïfikasie” (’n “tot ding maak”) van die veldbegrip dreig nie (velde is immers uiteindelik representasie-strukture – abstrakte of kunsmatige rekonstruksies van die werklikheid). Van Heusden (2001:183) stel dit dat die analise van die verhouding tussen die literêre veld en ander velde ’n besondere uitdaging vir die literatuurwetenskap inhou. Deur die toepassing van aspekte van Bourdieu se veldteorie in die rekonstruksie van die uitgeesisteem, word die uitgee van fiksietitels of boekproduksie as institusie (maar ook as semi-onafhanklike / semi-outonome sisteem of veld) binne die groter sosiale konteks geplaas en die verhouding van dié institusie met ander institusies word aangedui.

Met Bourdieu se veldteorie ontwikkel hy dus ’n teorie oor die maatskaplike (sosiale) produksie (en verbruik) van kuns. As kern van sy opvatting wys hy die idee af dat ’n kunswerk as kuns gereken word op grond van die immanente eienskappe of intrinsieke kenmerke daarvan. Hy glo dat ’n kunswerk as kuns beskou word deur die legitimisering daarvan as “kuns”. Die kunswerk as sodanig (en daarby word die teks / boek ingesluit) beskik oor geen artistieke waarde nie, maar dit verkry wel sodanige waarde deur die kollektiewe “geloof” (of opvatting) dat dit kuns is. Die opvatting kom tot stand deur die wisselwerking tussen institusies wat nie slegs by die materiële produksie en verspreiding betrokke is nie, maar ook by meningsvorming rondom kuns en literatuur (die sogenaamde simboliese produksie). Die institusies sluit onder andere uitgewerye, groepe skrywers en kunstenaars, teaters en galerye (sekerlik ook boekwinkels), die literêre kritiek en die onderwys in. Bourdieu gebruik die versamelbegrip “kulturele veld” vir al die verskeie institusies wat by die materiële en

simboliese produksie en verbruik van die kunswerk betrokke is (vergelyk De Glas, 1989:21-22). Die uitgeesisteem kan dus as veld beskou word deurdat dit al die institusies wat by beide die materiële en simboliese produksie betrokke is, insluit.

Volgens Bourdieu verkeer die verskeie institusies binne die veld in onderlinge verhouding en wisselwerking (’n magstryd vir die legitimisering van hulle opvattings oor wat kuns is). Hy verwerp die charismatiese ideologie dat die kunstenaar (skrywer) volkome outonoom is en slegs deur die ontplooiing van sy talent kuns pleeg. Die produksie van die kunswerk is eerder ’n sosiale proses en die literatuursosiologie behoort die verloop in die sosiale produksie van die kunswerk te bestudeer (vergelyk De Glas, 1989:22-23).

Ook die verbruik van die kunswerk is volgens Bourdieu ’n sosiale proses. Anders as die destydse heersende opvatting dat die begrip van en waardering vir kuns ’n saak van gevoeligheid en individuele aanleg is, poneer Bourdieu (1993:64-72) dat die gebruiker se waarnemingsvernuf met betrekking tot kuns gestalte kry deur aangeleerde maatskaplike en kulturele konvensies (vergelyk De Glas, 1989:23). Sosiale faktore bepaal die kulturele en artistieke konvensies van die gebruiker. Bourdieu ontwikkel die begrip “habitus” om die verhouding tussen sosio-ekonomiese posisies enersyds en lewenstyl, kulturele en artistieke voorkeure andersyds, te ondersoek: “The *habitus* is something described as a ‘feel for the game’, a ‘practical sense’ (*sense pratique*) that inclines agents to act and react in specific situations in a manner that is not always calculated and that is not simply a question of conscious obedience to rules. Rather, it is a set of disposititions which generates practices and perceptions. The *habitus* is the result of a long process on inculcation, beginning in early childhood, which becomes a ‘second sense’ or a second nature” (Johnson in Bourdieu, 1993:5). “Habitus” is die geheel van waarnemings-, waarderings- en handelingskemas waaroor die individu beskik en waardeur sy kulturele gedrag beïnvloed word. Die verskillende vorme van kapitaal (ekonomies, kultureel, opleiding) waartoe die individu toegang het, beïnvloed ook hierdie waarnemingsvernuf.

Van Rees &Dorleijn (1994:94-95) beskryf die literêre veld as ’n voortdurende veranderde sisteem van magsverhoudings. Onder literêre institusies tel nie alleen dié instellings wat hulle bemoei met die materiële produksie en verspreiding van

literatuur (uitgewerye, biblioteke, die boekhandel, boekklubs) nie, maar ook instansies wat die regering oor hulle beleid ten opsigte van kuns adviseer (kunsterade) en ook dié instellings wat hulself belas met simboliese produksie, dit wil sê die spesifisering en bekendmaking van bepaalde opvattinge oor literatuur en bepaalde kanale daarvoor aanwend (literatuuronderwys vir volwassenes en jeugdiges, wetenskaplike en literêre tydskrifte en die pers en media). Die konsep "literêre veld" is 'n metafoor wat 'n programmatiese funksie vervul: dit handel oor die interaksie tussen rolspelers en institusies wat betrokke is by die literêre bedryf, asook oor die rol wat literatuur-opvattings (gekoppel aan ideologiese standpunte) vervul in die persepsie van mense oor tekste wat as "literêr" beskou word. Deur die analitiese terme "materiële produksie" en "simboliese produksie" word die ondersoeker in staat gestel om die voorheen geskeide beelde en menings oor kunswerke en kunstenaars aan die een kant, en die feitelike netwerk van persone wat dié beelde vorm en waarop dit van toepassing is aan die ander kant, met mekaar te verbind (Van Rees &Dorleijn, 1994:96). Van Rees &Dorleijn (1994:107) wys daarop dat hierdie omskrywing van die veld oop is (teenoor geslote) en dat dit die moontlikheid bied om rekenskap te gee van 'n bepaalde stand van sake of van spesifieke ontwikkelinge in verskillende tydvakke. Dit is dus moontlik om die veldteorie te benut om nie net 'n generiese model van die uitgeesisteem te rekonstrueer nie (waarteen diachroniese ontwikkeling afgespieël kan word), maar ook om só model aan te pas vir die produksie van 'n spesifieke soort publikasie en 'n spesifieke periode – dus 'n sinchroniese snit voor te stel (sien 2.8).

Van Rees & Dorleijn (1994:104) onderskei Bourdieu se bydrae as baanbrekend vir die institusionele benadering. Bourdieu self maak min van die konsep "institusie" gebruik, maar hy het – anders as die voor hom – Weber se "veld"-metafoor deeglik toegepas. Omdat Bourdieu 'n nuwe ondersoekterrein ontgin, het die sleutelbegrippe in sy werk slegs metaforiese status. Maar dit is nuttig vir die vorming van hipoteses. In die institusionele kader word die literêre veld voorgestel as 'n voortdurend verander-ende geheel van magsverhoudings tussen die uiteenlopende literêre institusies wat betrokke is by die produksie, verspreiding en verbruik van fiksie, veral van tekste wat as literêr waardevol beskou word (Van Rees &Dorleijn, 1994:104). Die taak van die institusionele benadering is om insig te verskaf aangaande die aard van die magsver-houdings en die aard van die waarde-oordele waaraan fiksietekste onderwerp word.

Om dit te kan doen moet dié benadering die faktore wat die magsverhoudings en waarde-oordele bepaal, opspoor en die samehang daartussen ontleed (Van Rees & Dorleijn, 1994:104-105).

Die uniekheid van Bourdieu se bydrae lê daarin dat hy die eerste was wat gewys het op die veelvuldigheid van die faktore, die verskeidenheid in die aard van die faktore en die onderlinge verweefdheid van die faktore. Hierdie faktore sluit in die sosio-ekonomiese, sosio-psigologiese en kultuur-ideologiese faktore (Van Rees &Dorleijn, 1994:105). Die veld vorm ’n dinamiese geheel. Die interaksie tussen institusies en persone binne instellings is konstitutief vir die literêre veld, maar terselfdertyd maak dié veld ook deel uit van ’n omvangryker maatskaplike / sosiale sisteem. Die literêre veld is dus selde of slegs relatief outonoom: Van Rees &Dorleijn (1994:107) noem dat die ontstaan van ’n nuwe literêre institusie (met ’n spesifieke eie funksie) binne die literêre veld selde sy ontstaan te danke het aan ontwikkelinge binne die veld. Magsverhoudings tussen institusies en ook binne institusies verander mettertyd onder die invloed van sosio-ekonomiese, kulturele en tegnologiese ontwikkelinge in die breër sosiale verband. Wanneer ondersoekers hierdie verweefdheid van ontwikkelinge binne en buite die literêre veld besef, behoort hulle in die soeke na verklarings van ’n bepaalde ontwikkeling ’n enkelvoudige oorsaak-gevolg redeneertrant te vermy. Daar word van ondersoekers verwag om ’n instrument te ontwikkel waardeur die veelheid van verhoudings tussen veranderlikes gemeet kan word (Van Rees & Dorleijn, 1994:107). Deur die rekonstruksie van die uitgeesisteem word gepoog om só instrument vir hierdie ondersoek te ontwikkel: die politiese-, ekonomiese- en tegnologiese faktore wat boekproduksie as institusie (asook dié institusies waarmee boekproduksie in verband staan) beïnvloed, word in die uitgeesisteem verreken deur ál die verbandhoudende institusies in hulle groter sosiale konteks te poneer (sien 2.8).

In die ontwikkeling van sy teorie oor die kulturele veld maak Bourdieu geen onderskeid tussen verskillende kunste nie. Hyself skryf ook min oor spesifiek die literêre veld. Van Rees & Dorleijn (1994:106) is, soos ook De Glas (sien 2.6), krities oor die tekort aan empiriese toepassing van Bourdieu se teoretiese konsepte deur homself. Steeds word sy bydrae erken omdat dit gelei het tot groter bewustheid oor die institusionele konteks waarbinne die kunswerk geskep word en waarbinne dit bestudeer behoort te word – nie slegs deur beoefenaars van die institusionele

benadering nie, maar toenemend ook deur literatuurwetenskaplikes wat ’n teksgerigte benadering volg. Van Coller (2002a:70) beskou Bourdieu se konstruksie van die literêre “veld” as een van die bruikbaarste insigte van die sisteemteoretici. Van Coller stel die twee konsepte “veld” en “sisteem” tot ’n mate gelyk aan mekaar. Volgens Van Coller speel die “veldteorie” ’n belangrike rol in literatuurnavorsing in Nederland en is dit – ten spyte van kritiek – die amptelik aanvaarde teoretiese model waarvolgens navorsing moet geskied wat aanspraak wil maak op ondersteuning deur die Nederlandse Organisatie voor Wetenschappelijk Onderzoek (NWO).

Die aandag aan die wyer politieke, kulturele en sosiale konteks in Bourdieu se veldteorie en die klem wat hy lê op verbande tussen kultuur, gemeenskap en materiële produksie, het die toepassing daarvan in boekstudienavorsing bevorder. Die feit dat Bourdieu in die toepassing van sy veldteorie dikwels fokus op algemene kulturele produksie (en hoe dié produksie tussen verskeie velde beweeg, gemanipuleer en geïnterpreteer word), terwyl hy eintlik min kere direk op die produkte van die literêre veld fokus, lei daartoe dat aspekte van materiële produksie afgeskeep word in Bourdieu se eie toepassings (Finkelstein & McCleery, 2005:22-23). In hierdie opsig sluit Bourdieu aan by die pionier boekhistorikus Robert Darnton wat met sy “kommunikasie kringloop”-model boekproduksie posisioneer binne die sosiale, ekonomiese, politieke en intellektuele kondisies van ’n spesifieke periode (sien 2.5). Darnton gebruik hierdie metodiek om aspekte van materiële produksie in detail na te vors, in welke opsig dit verskil van Bourdieu wat – in sy eie toepassings van sy veldteorie – die materiële produksie en verspreiding van boeke benut as ’n vertrek-punt om aspekte van (hoofsaaklik) simboliese produksie na te vors, byvoorbeeld hoe kulturele status verwerf en behou word (Finkelstein & McCleery, 2002:8). Hierdie aspek het ook gelei tot kritiek teen Bourdieu deur boekstudienavorsers, veral ondersoekers wat hul besig hou met uitgewery-ondersoek (vergelyk die uitsprake van De Glas in 2.6).

Bourdieu se teorie oor die veld van kulturele produksie word soms gekarakteriseer as radikale kontekstualisering (Johnson in Bourdieu, 1993:9): “It takes into consideration not only works themselves, [...] but also producers of works in terms of their strategies and trajectories, [...] It also entails an analysis of the structure of the field itself, which includes the positions occupied by producers (e.g. writers, artists) as well

as those occupied by all the instances of consecration and legitimation which make cultural products what they are (the public, publishers, critics, galleries, academics and so forth). Finally, it involves an analysis of the position of the field within the broader field of power. [...] In short Bourdieu's theory of the field of cultural production [...] encompasses the set of social conditions of the production, circulation and consumption of symbolic goods" (vergelyk ook Van Coller, 2002a:70 en Laermans, 1997:103-113). Dit is juis in hierdie opsig dat Bourdieu se veldteorie nuttig is in die rekonstruksie van die uitgeesisteem waar boekproduksie as institusie binne die breër konteks en in interaksie met ander (sub)sisteme geponeer word.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word die veldteorie benut om te dui op die volgende: die posisies wat deur die verskillende rolspelers wat betrokke is by die produksie van fiksietitels (boekproduksie as institusie) ingeneem word; die posisie van die uitgewerybedryf as institusie teenoor verbandhoudende institusies; die groter sosiale konteks waarbinne die institusies funksioneer en waardeur dit beïnvloed word; en die onderlinge verhoudinge tussen hierdie elemente (die intra-sistemiese verbande) en die funksies wat hulle vervul.

### 2.4.3 "Sisteem" of "Veld"?

Dit val buite die bestek van hierdie ondersoek om op teoretiese vlak 'n aanduiding van die ooreenkomste en verskille tussen Even-Zohar se polisisteemteorie en Bourdieu se teorie oor die veld van kulturele produksie te gee. Onder sisteemteoretici sélf bestaan daar nie volkome duidelikheid oor hoe die konsepte "sisteem" en "veld" by mekaar aansluit of van mekaar verskil nie. In 'n paneelbespreking tussen Bourdieu, Van Rees, Schmidt en Verdaasdonk (1991:427-443) beskryf Bourdieu sélf 'n veld as 'n stel of sisteem van probleme. Na aanleiding daarvan merk Schmidt op: "[...] the way [Bourdieu] defined 'field' as a set or system of problems brings me to the idea that there might be a very close and in a way natural, logically necessary relation between a clearly defined notion of system and what [Bourdieu] has described as a field"; waarop Bourdieu later antwoord: "[...] our views [oor die konsepte "sisteem" en "veld"] are both very similar and completely different". Die ooglopende verskille is dikwels as gevolg van 'n gebrek aan diepgaande kennis oor elke afsonderlike sisteemteoretiese benadering (vergelyk De Geest, 1996:33-34), soos dit afgelei kan

word in die gesprek tussen Bourdieu en Schmidt (vergelyk spesifiek Bourdieu, Van Rees, Schmidt en Verdaasdonk, 1991:432-439).

Van Rees (1997:91) wys daarop dat "literêre veld" en "literêre sisteem" dikwels in dieselfde asem gebruik word asof dit volkome verwisselbare konsepte is: "The first two notions ["veld" en "sisteem"] are frequently used as if they were interchangeable. To some extent and with serious provisos they are indeed". Deur die ontwikkeling en toepassing van die verskillende sisteemteoretiese benaderings en deur toenemende gesprekke tussen sisteemteoretici, wil dit voorkom asof die konsepte "sisteem" en "veld" en die verskeie benaderings tóg al hoe nader aan mekaar beweeg, terwyl daar steeds ook verskille bestaan. Van Gorp (1997:5) wys byvoorbeeld op die feit dat die institusionele komponent van Even-Zohar se polisisteemteorie sterker geraak het en 'n vergelyking met Bourdieu se beskouing van "veld" en "habitus" vanselfsprekend geraak het. Sheffy (1997:35-47), 'n eksponent van die sogenaamde Tel Aviv Skool, wat fokus op 'n ruimer kulturele oriëntasie in die toepassing van sisteemteorie, wys eweneens op raakpunte tussen die polisisteemteorie en Bourdieu se konsepte van "veld" en "habitus", spesifiek met verwysing na kulturele "repertoires" en die gebruik van sosio-ekonomiese modelle (die "mark").

Codde (2003:91-126) betoog dat Even-Zohar se polisisteemteorie oor die afgelope paar jaar veld begin verloor het teenoor meer resente vorme van sisteemteoretiese benaderings (soos Bourdieu se "praxiology" en Schmidt en Luhmann se konstruktivisme) en lewer dan in sy artikel 'n belangrike herwaardering van Even-Zohar se polisisteemteorie. Volgens Codde is hierdie situasie deels te wyte aan die misverstand dat die meer resente vorme van sisteemteorie die polisisteem as hulle voorganger vervang het. Dít is egter 'n misverstand om twee redes: (i) die poli-sisteemteorie bied literatuurwetenskaplikes 'n raamwerk vir 'n wye en relevante studie van verskeie kulturele fenomene (wat nie tot die letterkunde beperk is nie); en (ii) die meer resente sisteemteoretiese benaderings kan nie bloot polisisteemteorie vervang nie, want dit is geïnteresseerd in ander aspekte van die literatuursisteem. Nadat Codde (1997:107-110) sekere fundamentele verskille tussen die benaderings van Even-Zohar en Bourdieu aantoon, wys hy ook op die volgende implisiete ooreenkomste: (i) beide transendeer die vlak van sisteem-interne analise – om die polisisteemteorie deur die invloed van sisteem-eksterne faktore op elemente binne die

sisteem in gedagte te hou en om veldteorie deur die posisie van die literêre veld as ’n geheel binne die struktuur van die groter magsveld te beskou; (ii) beide beskou die sisteem of veld as ’n plek waar ’n magstryd plaasvind vir die behoud van kulturele (artistieke) prestige onder die invloed van sosio-ekonomiese faktore soos vergestalt in institusies en die mark; en (ii) beide plaas klem op die dinamiese aard van die sisteem of veld (Codde, 1997:110-112). Vir die doeleindes van hierdie studie word elemente uit beide benaderings benut en die navorser maak nie ’n keuse vir die een benadering bó die ander nie. Ter wille van konsekwentheid word egter deurlopend na “sisteem” en “uitgee*sisteem*” verwys.

## 2.5 Posisionering van boekstudie as studieterrein – ’n oorsig oor die internasionale ontwikkelsgang en ’n standbeskrywing van die plaaslike neerslag tot dusver

Die “geskiedenis van die boek”, boekgeskiedenis of boekstudie is ’n relatiewe nuwe studieterrein wat aan die einde van die negentiende eeu ontstaan het en stelselmatig gedurende die twee helfte van die twintigste eeu met momentum ontwikkel het. In die interdissiplinêre en hibridiese aard daarvan word gepoog om die sosiale, kulturele en ekonomiese implikasies van die produksie, verspreiding, resepsie en verbruik van boeke en ander gedrukte media te begryp (SHARP, 2006a). Boekhistorici bestudeer die sosiale, kulturele en ekonomiese geskiedenis van outeurskap; die geskiedenis van die boekhandel, outeursreg, sensuur en ondergrondse uitgee-aktiwiteite; die uitgee-geskiedenis van spesifieke fiksieboeke, outeurs, redakteurs, drukname en literêre agente; die ontwikkeling van geletterdheid en die verspreiding van boeke; kanon-vorming en die politiek van literêre kritiek; en die biblioteekwese, leesgewoontes en die response van lesers (SHARP, 2006a). Dit betrek dus ’n wye verskeidenheid domeine en vakgebiede; en oorspan en rekonfigureer verskeie teoretiese benaderings en metodologieë, onder andere die uitgewerswese en uitgeegeskiedenis; die biblioteekkunde en bibliografiese studie; geletterdheidstudie, leserstudie en resepsie-studie; literatuurwetenskap, literêre kritiek en teksstudie; en die literatuursosiologie en sosio-kulturele studie. Alhoewel die studieveld bekend geraak het as boek*geskiedenis*, sluit dit nie slegs historiese ondersoek in nie, maar ook ondersoeke na die eietydse of kontemporêre produksie, verspreiding, resepsie en verbruik van boeke en ander gedrukte media. ’n Meer juiste beskrywing waarin al die domeine en vakgebiede, asook beide historiese en kontemporêre ondersoek daarbinne, ondervang word, is die

term “boekwetenskap” of “boekstudie ” (vergelyk byvoorbeeld Rose (2001) se pleidooi vir interdissiplinêre akademiese programme in boekstudie waarin aandag gegee word aan die bestudering van alle vorme van geskrewe en gedrukte dokumente uit die verlede, in die hede en vir die toekoms). In hierdie studie word ’n keuse gemaak vir die term “boekstudie”. Uitgewery-ondersoek (wat in die afdeling hierna onder bespreking kom) kan beskou word as ’n enkele vertakking van boekstudie waarin die sentrale vertrekpunt die produksie van boeke is. Vervolgens word gepoog om in hierdie afdeling ’n beknopte oorsig te gee van die ontwikkeling van die studieterrein boekstudie in die internasionale arena. Daarna sal die neerslag wat boekstudie tot dusver binne die Suid-Afrikaanse konteks gevind het, belig word.

Finkelstein & McCleery (2005:7-9) voer die oorsprong van boekstudie terug na die begin van die twintigste eeu toe navorsers pertinente en gedetailleerde vrae oor die produksie van klassieke gedrukte tekste begin stel het. Dit was byvoorbeeld uiters problematies om oorspronklike uitgawes van vervalste uitgawes van Shakespeare se vroegste gepubliseerde dramas te onderskei (as gevolg van die afwesigheid van oorspronklike manuskripte en die onbetroubaarheid van die verskillende gedrukte weergawes in omloop). In antwoord op hierdie problematiek het die sogenaamde Nuwe Bibliografie Skool (met Anglo-Amerikaanse eksponente soos McKerrow, Greg en Bowers) metodes ontwikkel om die outoriteit van oorspronklike tekste te bepaal deur die boek as fisiese objek te bestudeer: produksietegnieke en die verskillende soorte tipografie, papier, ink en drukmetodes wat vir spesifieke uitgawes benut is, is nagevors. Daar is later na dié toepassingsterrein as deskriptiewe of analitiese bibliografie verwys. In die rekonstruksie van “die oorspronklike” teks, het eksponente soos Bowers al hoe meer klem gelê op die outoriteit van die outeur se manuskrip. Die “inmenging” deur agente (soos redakteurs, proeflesers, uitgewers en drukkers) wat by die produksie van die fisiese teks betrokke was, moes nagespeur en gestroop word. Hoewel die deskriptiewe of analitiese bibliografie inspirerende resultate opgelewer het en ’n dominante rigting was in bibliografiese teksstudie in die 1940’s, 1950’s en 1960’s, het dit binne die Anglo-Amerikaanse tradisie van teksstudie aansien en aanhang verloor met die ontstaan van teoretiese denkrigtings soos Dekonstruksie, Nuwe Historisme en Postkolonialisme.

In Van Vliet (2004:1-29) se deeglike oorsig oor die ontwikkelingsgang van die moderne edisiewetenskap, wat sedert die 1940's 'n eie teorie en praktyk ontwikkel het, toon hy aan dat die wetenskaplike rekonstruksie van tekste en bibliografiese arbeid egter weer aansien gekry het en tot 'n erkende studieterrein ontwikkel het. In Nederland word die moderne edisiewetenskap sedert 1975 toenemend beoefen en het dit momentum gekry met die stigting van die Bureau Basisvoorziening Teksedities in 1983 wat hom beywer vir die totstandkoming van verskeie edisietegniese projekte. In 1992 het dié instituut deel geword van die Constantijn Huygens Instituut (deel van die Koninklijke Nederlandse Akademie van Wetenschappen en gevestig in die Koninklijke Bibliotheek, Den Haag) waar die fokus tweeledig is: (i) die versorging en uitgee van teksedisies; en (ii) die onderneming van navorsing oor die ontwikkeling van literatuur (en wetenskap) binne die verband van verskuiwings in die kulturele, sosiale en ekonomiese toestande van spesifieke periodes en die rol wat tussengangers soos redakteurs, tydskrifredakteurs en uitgewers vertolk (Constantijn Huygens Instituut, 2006). Verskeie navorsers verbonde aan dié instituut beskou hulself as werksaam binne die oorkoepelende studieterrein boekstudie en neem byvoorbeeld deel aan 'n meestersklas oor boekstudie wat tydens die SHARP-kongres in 2006 aangebied word (vergelyk SHARP, 2006b) en waaraan hierdie navorser toevallig ook deelneem. Die moderne edisiewetenskap bied waarskynlik die ideale deelgebied waardeur literatuurwetenskaplikes stelselmatig begin toetree tot aspekte van boekstudienavorsing – hopelik sal dit ook plaaslik binne die Afrikaanse literatuur-wetenskap tot verbreding van navorsingsagendas lei. Plaaslik is die edisiewetenskap 'n verwaarloosde gebied in die Afrikaanse literatuurwetenskap (vergelyk die oorsig van Van Coller & Teise, 2004:49-86; en die bestekopname deur Kannemeyer, 2004c:30-48). Dit het eers onlangs institusionele aandag gekry deur onder andere die nagraadse kursus in Dokumentasiekunde wat in 2003 aan die Universiteit van Stellenbosch ingestel is en die Werkswinkel Edisietegniek wat in Februarie 2004 aan die Universiteit van die Vrystaat gehou is.

'n Nuwe rigting vir boekstudie is sedert die laat 1960's aangedui deur Don McKenzie se bydrae oor die "sosiologie van die teks". McKenzie se navorsing het die ortodokse aannames van die analitiese bibliograwe (naamlik dat die produksieproses generies was en slegs 'n impak op die gedrukte teks gehad het deur foute wat in die proses begaan is en die "oorspronklike intensie" van die outeur weerspreek het) bevraagteken

en weerspreek. McKenzie toon deur middel van empiriese navorsing uit primêre bronne (argiefmateriaal van drukkerye) aan dat die fisiese produksie van die teks afhanklik was van die kondisies en sosiale omstandighede waarin dit geproduseer is. Sy navorsing lê veral klem op die veelvoud agente wat by boekproduksie betrokke is en die omvangryke sosiale en kulturele konteks waarbinne die teks geproduseer en uiteindelik geïnterpreteer word (vergelyk McKenzie, 2002a:27-38). Finkelstein & McCleery (2005:10-11) dui McKenzie se bydrae, waardeur hy die Anglo-Amerikaanse tradisies van teksstudie verbreed het, as volg aan: "Literary criticism of texts too often ignored meaning beyond the borders of 'the text'; bibliographers too often ignored the sociological context within which the production of texts operated; historians too often ignored the manner in which the products of printing houses entered into the public arena and were received and consumed by reading audiences. [...] McKenzie proposed that scholars move [...] towards a study of texts as mediated products within which one could find traces of economic, social, aesthetic, and literary meaning. [...] Current theories of textual criticism [...] are quite inadequate to cope with such problems. [...] Only a new and comprehensive sociology of the text can embrace them" (vergelyk McKenzie, 2002b:189-215).

McKenzie se "sosiologie van die teks" het die aandag van die Anglo-Amerikaanse tradisie van teksstudie gevestig op die vernuwende metodes van teksinterpretasie deur die Franse *Annales* Skool. Die Franse *Annales* Skool het in die laat 1950's ontstaan en die eksponente daarvan het kwantitatiewe navorsingsmetodes vir historiese sosiologiese ondersoeke toegepas op die produksie, verspreiding en resepsie van tekste. Dié Skool is ingegee deur twee semenale werke wat in 1958 verskyn het: (i) Robert Escarpit se *Sociologie de la Littérature* waarin hy sosiologiese modelle vir die produksie, verspreiding en resepsie van literatuur onderskei; en (ii) Lucien Febvre en Henri-Jean Martin se *L'apparition du livre* waarin hulle die dinamiek van die historiese ontwikkeling van die boek as materiële objek karteer en aspekte aanspreek soos die koms van papier na Europa, die oplossing van tegniese probleme ten opsigte van druk en produksie, die totstandkoming van standaard elemente in boekontwerp soos die kolofon en titelblad, die verspreiding van boeke oor Europa en die ontwikkeling van die boekhandel (Finkelstein & McCleery, 2005:11-12; Hofmeyr & Kriel, 2006).

Die Franse *Annales* Skool het later, parallel met McKenzie se sosiologiese benadering, ontwikkel in ’n nuwe beweging, die *Histoire du Livre* Skool van die 1980’s en 1990’s wat veral klem lê op die waarde daarvan om die bestudering van die materiële teks te verbind met historiese sosiologiese ondersoeke en empiriese navorsing oor leserstudie en resepsiestudie. Robert Darnton en Roger Chartier (vergelyk Chartier, 2002:47-58) is van die belangrikste eksponente van die *Histoire du Livre* Skool. In Darnton se grensverskuiwende essay “What is the History of Books?”, wat oorspronklik in 1982 verskyn het, lê hy die problematiek van nuwe navorsers op die terrein van boekstudie bloot, naamlik ’n verwarrende oorvleueling van denkrigtings en dissiplines: “[Book History is] less like a field than a tropical rain forest [...] analytical bibliography pointing in this direction, the sociology of knowledge in that, while history, English, and comparative literature stake out overlapping territories [...] and bewildered by competing methodologies, which would have him [boekstudie as studieterrein] collating editions, compiling statistics, decoding copyright law, wading through reams of manuscript, heaving at the bar of a reconstructed common press, and psychoanalyzing the mental processes of readers” (Darnton, 2002a:10). As oplossing stel Darnton ’n algemene model voor waarvolgens hy die kommunikasie tussen rolspelers in die boekebedryf aandui. Sy “kommunikasie kringloop”-model is afkomstig van soortgelyke modelle in kommunikasiekunde en die doel daarmee was om aan boekhistorici ’n metodiek te bied waarvolgens die produksie van tekste as ’n meervlakkige onderneming beskou word wat ingebed is binne die sosiale, ekonomiese, politieke en intellektuele kondisies van ’n spesifieke periode. “[B]ooks belong to circuits of communication that operate in consistent patterns, however complex they may be. [...] By unearthing those circuits, historians can show that books do not merely recount history, they make it” (Darnton, 2002a:22). Alhoewel Darnton se model nie sonder gebreke was nie (onder andere die konstruksie daarvan binne ’n spesifieke periode-konteks: die agtiende-eeuse boekebedryf wat aansienlik anders daar uit gesien het as die moderne boekebedryf vandag), het dit verskeie navorsingsagendas binne boekstudie saamgesnoer en was dit rigtinggewend vir die verdere ontwikkeling van dié studieterrein. Die model is deur die loop van die 1980’s en 1990’s vinnig deur boekhistorici verder ontwikkel en aangepas vir spesifieke toepassings (in ’n mate sluit die rekonstruksie van die model van die uitgeesisteem in hierdie studie (sien 2.8) ook by Darnton aan).

Volgens Finkelstein & McCleery (2005:13) het Darnton se formulering van die "kommunikasie kringloop" as 'n metodiek vir die bestudering van die rol van tekste in die samelewing, die fokus in boekstudie verskuif na die "sosialisering van tekste" ('n formulering van McGann, vergelyk McGann, 2002:39-46) waarvolgens die impak van boeke as artefakte en die verspreiding daarvan tussen die private en openbare sfere van die samelewing bestudeer is. In die 1990's is boekproduksie toenemend as 'n komponent van 'n groter proses beskou waar die klem val op produksie en verbruik as interaktiewe en interafhanklike aktiwiteite. Hiermee sluit boekstudie dan ook aan by sisteemteorie (sien 2.4). Die benutting van sisteemteorie as teoretiese vertrekpunte vir die rekonstruksie van die uitgeesisteem, soos dit in hierdie ondersoek vergestalt, is dus ook in lyn met die onlangse ontwikkelinge in boekstudie. Die sterkste kritiek teen Darnton se model kom uit die oord van twee Britse bibliograwe, Thomas R. Adams en Nicolas Barker, wat reken dat Darnton die klem te veel op die verklaring van die kommunikasieproses laat val, terwyl die belang van boeke as artefakte afgeskeep word. As alternatief stel Adams en Barker in 1993 'n model van die "bio-bibliografiese kommunikasie kringloop" voor wat gebaseer is op die vyf prosesse in die lewensiklus van 'n teks (naamlik uitgee, produksie, verspreiding, resepsie en oorlewering). Dié prosesse word omring en beïnvloed deur sones van invloede (naamlik intellektuele invloede; politieke, wetlike en religieuse invloede; kommersiële invloede; en sosiale gedrag en smaak). Anders as by Darnton waar die klem val op die konteks en die posisie van die teks daarbinne, val die klem in Adams en Barker se model op die teks: "The text is the reason for the cycle of the book: its transmission depends on its ability to set off new cycles. [...] This is a circuit that does not follow how people interact with texts, but rather one that follows texts whose sequence constitutes a system of communication" (Finkelstein & McCleery, 2005:13-14).

Gerard Genette se bestudering van die paratekste van die gedrukte boek (die elemente van die boek wat buite die teks lê, soos byvoorbeeld die omslagontwerp, die omslag-teks, indekse, voetnote en inhoudsopgawes) en die invloed daarvan op die leser se resepsie van die teks, sluit by Adams en Baker se beskouing aan (vergelyk Genette, 1997:1-15 in sy invloedryke boek *Paratexts: Thresholds of Interpretation*). Boek-historici was egter vinnig krities teenoor Genette as gevolg van sy primêre fokus op die linguistiese elemente van paratekste en hoe dit die betekenis van die teks dien, asook sy ignorering van aspekte oor die materiële produksie wat uit paratekste

afleibaar is en gebrek aan erkenning van die funksie van die uitgewer (die beskouing dat die uitgewer grotendeels in diens van die outeur se intensie staan). Dit is veral Jerome McGann wat ’n nuwe rigting aandui deur sy stellinginname teen die analises in teksstudie wat tot die 1980’s hoogty gevier het: “Textual studies remains largely under the spell of romantic hermeneutics. In such a view texts, and in particular imaginative texts, are not imagined as certain kinds of social acts, and to the degree that they are so imagined, the action of the text has been too subjectively (and too abstractly) conceived in its linguistic conditions” (Finkelstein & McCleery, 2005:14-15). Hierteenoor stel McGann (2002:39-46) voor dat teksstudie gegrond behoort te word binne ’n beskouing wat deeglike aandag skenk aan beide die sosiale en materiële konteks waarin tekste geproduseer, versprei en verbruik word – die “sosialisering van tekste”, waardeur McGann direk aansluit by McKenzie se “sosiologie van die teks” en die rigting vir eietydse boekstudie aandui. Eietydse boekhistorici benut McGann veral om hulle ondersoekterreine af te baken en te onderskei van ondersoekers wat hoofsaaklik vanuit ’n tradisionele literatuurstudie of historiese paradigma vertrek.

Die belang van boekstudie as studieterrein is afleibaar uit die mate waartoe dit oor die afgelope aantal jare toenemend deur institusionele navorsing gevestig is: die bestaan van internasionale navorsingsprogramme waaraan hoogaangeskrewe navorsers deelneem; asook die totstandkoming van “Centers for the Book” wêreldwyd (Rose, 2001). Die Center for the Book van die Library of Congress in Washington is reeds in 1977 gestig met die doel om die belang van boeke, lees, biblioteke en geletterdheid te propageer. Hierdie sentrum het as katalisator gedien vir die stigting van ’n netwerk van soortgelyke sentra in 50 lande sedert 1984. Van hierdie sentra is geaffilieer met akademiese en navorsingsinstellings waar gefokus word op navorsing oor boekstudie (Center for the Book – Library of Congress, 2004). Die vestiging van voorgraadse en/of nagraadse programme in boekgeskiedenis aan internasionale universiteite in departemente geskiedenis en tale (letterkunde), soos byvoorbeeld die University of London, University of Toronto, University of Wisconsin, University of South Carolina, Drew University, University of Iowa, University of Maryland en Jadavpur University, is ’n verdere aanduiding van die ontwikkeling en belang van die studie-terrein (Rose, 2001 en Hofmeyr & Kriel, 2006). Só ook die gevestigde programme in boekstudie aan vier universiteite in Duitsland (die Gutenberg Universiteit in Mainz wat reeds sedert 1947 oor ’n Institut für Buchwissenschaft beskik, en die universiteite

in Münster, München en Erlangen) asook die Universiteit van Leiden en die Universiteit van Amsterdam in Nederland. Die vestiging van opleidingsprogramme het meegehelp aan die onlangse verskyning van drie inleidende handboeke oor boekstudie as studieterrein: *The Book History Reader* (Finkelstein & McCleery *et al*, 2002), *An Introduction to Book History* (Finkelstein & McCleery, 2005) en *Teaching Bibliography, Textual Criticism, and Book History* (Hawkins *et al*, 2006).

Die stigting van die internasionale vakvereniging Society for the History of Authorship, Reading and Publishing (SHARP, 2006a) in 1991, wat intussen gegroei het tot ’n ledetal van meer as 1 000 lede vanuit 20 lande, getuig verder van dié snel ontwikkelende navorsingsterrein. SHARP (2006a en 2006b) bied jaarliks ’n internasionale kongres aan waardeur die aansien van boekstudie wêreldwyd bestendig word. Sedert 2000 het daar internasionale kongresse plaasgevind in Quebec (Kanada), Prato (Italië), Londen (Verenigde Koninkryk), Claremont (Verenigde State van Amerika), Lyon (Frankryk) en Halifax (Nova Scotia), asook streekskongresse in Sydney (Australië) en Kolkata (Indië). SHARP (2006a) publiseer ’n kwartaallikse nuusbrief, *SHARP News*, en sedert 1998 die jaarlikse vaktydskrif *Book history* waarin navorsingsartikels in alle dissiplines en oor alle aspekte van die sosiale, ekonomiese en kulturele geskiedenis van die boek en ander gedrukte media verskyn. Daar bestaan ook die gevestigde internasionale vaktydskrif *Publishing history* wat fokus op navorsingsartikels oor die sosio-ekonomiese en literêre geskiedenis van die boek-, koerant- en tydskrifbedryf waarvan twee uitgawes per jaar verskyn (SHARP, 2006a). Nog voorbeelde van tydskrifte is die bedryfstydskrif *LOGOS* en die internasionale vaktydskrif *Publishing Research Quarterly* (wat gesetel is in die Center for Publishing aan die New York University en sedert 1986 kwartaalliks uitgegee word). *Publishing Research Quarterly* bevat artikels oor tendense, vraagstukke en probleme in boek-, tydskrif- en elektroniese uitgewery en dek ’n wye terrein oor die impak van sosiale, historiese, politiese, opvoedkundige, ekonomiese, literêre, wetlike, etiese en tegnologiese kondisies op die uitgee-omgewing van verskeie uitgewerybedrywe (*Publishing Research Quarterly*, 2005).

Tans word daar wêreldwyd gewerk aan multi-volumes van nasionale geskiedenisse van die boek in verskeie lande. Dele daarvan het reeds verskyn, soos byvoorbeeld: die geskiedenis van die Franse boek, *Histoire de l’édition française* (Chartier & Martin,

1983 en 1985); die geskiedenis van die boek in Brittanje, *The Cambridge history of the book in Britain Volume III 1400-1557* (Hellinga & Trapp, 1999), *Volume IV 1557-1695* (Barnard, McKenzie & Bell, 2002) en die geskiedenis van die uitgewerswese in Brittanje, *A history of British publishing* (Feather, 2000); die Amerikaanse ekwivalente, *A history of the book in America. Volume 1: the colonial book in the Atlantic world* (Amory & Hall, 1999) en *Perspectives on American book history: artifacts and commentary* (Casper, Chaison & Groves, 2002); en die boekgeskiedenis in Australië, *A history of the book in Australia 1891-1945: a national culture in a colonised Market* (Lyons & Arnold, 2001).

Tot onlangs het boekstudie in Suid-Afrika slegs in gefragmenteerde vorme en sonder ’n oorkoepelende saamtrek van toepassingsterreine wat daarby aansluit, bestaan. Bestaande Suid-Afrikaanse navorsing wat indirek by boekstudie aansluit, maar nie binne die kader van dié studieterrein onderneem is nie, was tematies sterk gerig op die verband tussen regeringsbeleid en boekontwikkeling, die ontwikkeling van ’n nasionale boekontwikkelingsbeleid en die bevordering van ’n leeskultuur (vergelyk Land, 2003: 93-124; BDCSA, 1997). Volgens Hofmeyr & Kriel (2006) het veral bestaande navorsing oor die plaaslike uitgewerybedryf ’n sterk presentistiese karakter en bestaan daar ’n tekort aan historiese boekstudienavorsing in hierdie verband. Die oprigting van die Suid-Afrikaanse Sentrum vir die Boek in 1998 was ’n stap in die rigting tot georganiseerde bevordering van die boek, lees en geletterdheid. Hierdie organisasie spits hom hoofsaaklik toe op ontwikkeling van die boek deur bewustheid oor boeke in die algemeen te bevorder en daardeur by te dra tot die opheffing van ongeletterdheid (Sentrum vir die Boek, 2004b). Hoewel die Sentrum hom dit ten doel stel om as versamelpunt van inligting oor die boekebedryf te dien, val die voorsiening in die behoefte aan voortgesette institusionele navorsing op die terrein van boekstudie buite die Sentrum se fokus (vergelyk Gouws, 2004:119-124 vir ’n oorsig oor bestaande institusionele navorsingsinisiatiewe oor boekstudie in Suid-Afrika).

Sedert 2000 het ’n groepie geïnteresseerde plaaslike navorsers stelselmatig begin toetree tot die studieterrein van boekstudie deur gereelde deelname aan internasionale kongresse en die vestiging van plaaslike navorsingsprogramme en opleidings-inisiatiewe. Isabel Hofmeyr (van die Departement Afrika Letterkunde aan die Universiteit van die Witwatersrand) en Francis Galloway (van die Program

Uitgewerswese aan die Universiteit van Pretoria), twee toonaangewende plaaslike eksponente van boekstudie, het in 2005 ’n interinstitusionele Nasionale Navorsing Stigting (NRF)-gesteunde fokusareaprojek vir boekgeskiedenisnavorsing gevestig (Hofmeyr & Galloway, 2004). Die projek sal voortgesit word tot 2008 onder leiding van Archie Dick (van die Departement Inligtingkunde aan die Universiteit van Pretoria) en sal tot uitvoering gebring word deur spannavorsing wat op die volgende subprojekte sal fokus (Dick & Galloway, 2006): (i) “Printing and publishing between South Africa and India” (Isabel Hofmeyr); (ii) “‘Transvaal’ Africans and the ‘civilization of the written word’: an assessment of the meaning of German, English and Sepedi missionary publications from ca. 1860-1960” (Lize Kriel van die Departement Geskiedenis en Erfenis Studies aan die Universiteit van Pretoria); (iii) “Empirical-based inquiries into the publishing house as institution in the cultural field” (Galloway met Rudi MR Venter as medenavorser); en (iv) Cultural and social regulations of reading (Dick). Aspekte van boekstudie word tans gedoseer as deel van die Program Uitgewerswese in die Departement Inligtingkunde aan die Universiteit van Pretoria; in die Departement Afrika Letterkunde aan die Universiteit van die Witwatersrand; en aan die Centre for Book and Text Studies aan die Universiteit van Rhodes (Gouws, 2004:119-124).

Daar het ook sedert 2001 ’n aantal Suid-Afrikaanse kongresse plaasgevind wat op temas van boekstudie gefokus het, byvoorbeeld die “Colonial and Postcolonial Cultures of the Book”-kongres (Grahamstad, 2001); die “Cost of a Culture of Reading”-kongres (Kaapstad, 2004); en die “Bibliophilia Africana 8 – From Papyrus to Printout: the Book in Africa”-kongres (Kaapstad, 2005). Die South African Historical Society het ’n paneel oor boekgeskiedenis (georganiseer deur Kriel), met ’n Suid-Afrikaanse fokus en deur Suid-Afrikaanse paneellede, by hulle kongresprogram in 2005 ingesluit. ’n Soortgelyke paneel vorm deel van die jubilee kongres van die Historical Association of South Africa wat in 2006 plaasvind. Die South African Book History-groep (bestaande uit die bogenoemde navorsers) bied die kollokwium “My Books: Perspectives from Africa and India” aan tydens die eerste Suid-Afrikaanse internasionale boekeskou, die Cape Town Book Fair in 2006. ’n SHARP-streekskongres, “A World Elsewhere: Orality, Manuscript and Print in Colonial and Postcolonial cultures”, wat in Kaapstad in 2007 sal plaasvind, word tans deur ’n plaaslike taakspan beplan. Die genoemde kongresse op plaaslike bodem lewer ’n

belangrike bydrae om boekstudie as studieterrein wyer bekend te maak onder Suid-Afrikaanse navorsers uit verskillende dissiplines.

Wat publikasies betref, bestaan daar ongelukkig nog nie ’n plaaslike akademiese tydskrif wat toegespits is op of aandag gee aan (aspekte van) boekstudie nie. Daar het wel in 2004 ’n spesiale tematiese uitgawe van die vaktydskrif *English Studies in Africa* verskyn (onder redakteurskap van Andrew van der Vlies), wat gefokus het op “The Institutions of South African Literature”. Daardeur is ’n begin gemaak om boekstudie as studieterrein (en verskeie teoretiese en metodologiese benaderings daartoe) aan ’n Suid-Afrikaanse gehoor (hoofsaaklik Engelse letterkundiges) bekend te stel (vergelyk veral Van der Vlies, 2004:1-15 se inleiding). Van der Vlies is ’n Suid-Afrikaanse navorser wat aan die University of Sheffield in die Verenigde Koninkryk Engelse letterkunde doseer en onder Peter McDonald, ook ’n Suid-Afrikaner, gepromoveer het (Van der Vlies is ook deel van die South African Book History-groep). Die bydraes tot die paneel oor boekstudie tydens die South African Historical Society se kongres in 2005, sal in ’n spesiale afdeling van die vaktydskrif *South African Historical Journal*, onder redakteurskap van Hofmeyr en Kriel, in 2006 gepubliseer word (vergelyk Hofmeyr & Kriel, 2006 se inleiding tot hierdie artikels waarin ’n deeglike posisionering van boekstudie gegee word). Deur middel van referate wat gelewer is tydens kongresse van die Afrikaanse Letterkundevereniging (en die *Derde Swart Afrikaanse Skrywersimposium*) het Galloway en Venter gepoog om boekstudie ook onder die aandag van Afrikaanse letterkundiges te bring (vergelyk Galloway, 2004a; Venter & Galloway, 2002; Venter, 2005).

Hoewel Suid-Afrikaners dus laatkommers was wat die betreding van die studieterrein boekstudie betref, en daar steeds baie navorsing gedoen sal moet word om ’n regmatige plek tussen internasionale eweknieë in te neem, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat boekstudie besig is om stelselmatig ’n vastrapplek binne die plaaslike wetenskap te kry. As interdissiplinêre en hibridiese studieterrein bied dit opwindende en innoverende navorsingsmoontlikhede vir toekomstige navorsingsgenote vanuit verskillende dissiplines (insluitend letterkundiges, literatuurwetenskaplikes, inligtingkundiges, mediakundiges, historici en sosioloë). In die volgende afdeling word die soeklig nouer ingestel en word gefokus op uitgewery-ondersoek – wat beskou kan word as ’n spesifieke toepassingsterrein van boekstudie en wat ook

direkte raakpunte met die institusionele en sosiologiese benaderings tot die empiriese literatuurwetenskap (sien 2.3) het.

## 2.6 Posisionering van uitgewery-ondersoek

Die doel in hierdie afdeling is om uitgewery-ondersoek (ondersoek na die funksionering van die uitgewery, die posisie van die uitgewery, uitgee as institusie binne die sisteem of veld en die produk van die uitgewery) te posisioneer binne die voorafgaande benaderings en teorieë. Die posisie van uitgewery-ondersoek in die literatuurwetenskap en verwysings na die uitgewery word onder die loep geneem. In hierdie posisionering is die navorsing in hierdie afdeling veral skatpligtig aan die Nederlandse literatuurwetenskaplike en boekstudienavorser Frank De Glas en sy toepassings van teorieë (soos byvoorbeeld Bourdieu se veldteorie) op empiriese navorsing oor uitgewery-ondersoek. Hy posisioneer sy eie navorsing in die kader van die empiriese literatuurwetenskap en die institusionele literatuursosiologie (De Glas, 1989:15). De Glas kan as ’n belangrike pionier in dié soort navorsing beskou word.

De Glas (1989:15) stel dit dat die literatuurwetenskap en literatuuropvattings in die verlede weinig aandag bestee het aan die uitgewery as onderwerp van studie. Uitgewerye het soms gefigureer in literatuurgeskiedskrywing of in studies oor literêre strominge (byvoorbeeld waar uitgewerye nóú verbind was met ’n spesifieke stroming). Hoewel De Glas met hierdie opmerkings verwys na die internasionale (en Nederlandse) situasie van die laat 1980’s, is dié opmerkings eweneens geldig vir die hedendaagse Suid-Afrikaanse literatuurwetenskap: ook hier te lande is min navorsing tot op hede gedoen oor die uitgewerybedryf en is die uitgewery grotendeels oor die hoof gesien in literatuurgeskiedenisse. Soos in Nederland (De Glas, 1989:27), bestaan daar ook plaaslik ’n tekort aan wetenskaplike studies wat as uitgewery-ondersoek beskou kan word en waarin die uitgewery sentraal figureer. In 5.3 en 5.4 word in detail aandag gegee aan beskikbare navorsing (ten opsigte van statistiese navorsings-resultate van kwantitatiewe ondersoeke en kwalitatiewe navorsing in die vorm van huldigingspublikasies oor uitgewers en uitgewerygeskiedenisse, asook die mate waarin aandag aan uitgewerye in plaaslike literatuurgeskiedenisse gegee word) oor die Suid-Afrikaanse (en Afrikaanse) uitgewerybedryf.

Tien jaar later voel De Glas (1999) dat daar wel op internasionale front vooruitgang gemaak is in navorsing oor die twintigste-eeuse literêre uitgewery (uitgewerye van (ook) fiksie). Die aandag het verskuif vanaf biografieë en outobiografieë oor uitgewers na ’n groeiende belangstelling in literêre institusies as “’n plek van aksie” waar prosesse soos uitgee plaasvind (vergelyk ook De Glas, 1998b:127). As resultaat word literatuurgeskiedenisse in Europa en die Verenigde State tans hersien om aandag te skenk aan die invloed van uitgewerye en redakteurs / uitgewers op die produksie van enkele literêre werke, die ontstaan en “herontstaan” van outeurs en die ontwikkeling van reputasies (De Glas, 1998b:127; 1999). De Glas (1998a:386; 1998b:127) voel steeds dat daar veels te min sistematisering en teoretisering oor die rol van die uitgewery binne die terrein van die literatuurwetenskap plaasvind en ook te min gebruik gemaak word van ’n interdissiplinêre benadering waarvolgens, byvoorbeeld, die sosiologie van kulturele produksie by ondersoeke betrek word.

De Glas (1989:27) verwys na die “voorteoretiese” stadium waarin die wetenskaplike uitgewery-ondersoek hom bevind en waarin onduidelikheid bestaan oor hoe sulke studies aangepak behoort te word (vergelyk ook die uitsprake van Darnton in 2.5). Omdat geen teorie bestaan oor hoe ’n uitgewery funksioneer nie en derhalwe geen toetsbare hipotese daaruit afgelei kan word nie, formuleer De Glas (1989:27) vier vraagstukke met betrekking tot die funksionering van uitgewerye:

- Hoe word een uitgewery van ’n ander onderskei? Die onderskeid word in der waarheid getref deur die fokus van die publikasielys en dít word direk beïnvloed deur die literatuuropvatting van die uitgewer(s) wat betrokke is by die bestuur van die publikasielys – De Glas (1989:28) gebruik die term “fondsprofiel”. Soorte uitgewerye word ook onderskei. Volgens De Glas (1989:29) onderskei uitgewerye van fiksie self tussen dié uitgewerye wat deur kulturele motiewe en dié wat deur kommersiële (ekonomiese) motiewe gemotiveer word (sien ook 4.2).
- Watter posisie beklee die uitgewery in die groter proses van die materiële en simboliese produksie en verspreiding van literatuur? Hier gaan dit onder andere oor die verhouding skrywer–uitgewer: die uitgewer in diens van die skrywer wat eintlik die teks skep, teenoor ’n meer gelyke vennootskap waar die uitgewer ’n aktiewe rol speel in die totstandkoming van beide die teks en die uiteindelike boek (De Glas, 1989:30-31). Dit gaan dus ook oor die posisie

van die uitgewery en uitgee as institusie in die sisteem en die verhouding ten opsigte van ander institusies.

- Watter kriteria word deur uitgewerye gebruik in die ontwikkeling van hulle fondskeuse (op grond waarvan word uitgeebeslissings geneem)? De Glas (1989:31-32) bevind dat daar inderdaad kwaliteitskriteria bestaan, maar dat dit nie noodwendig die sukses van ’n publikasie waarborg nie omdat dié uitkoms eers later bekend raak. In 3.2.1 word aangetoon dat uitgeebeslissings op die redaksionele beleid van die uitgewery gebaseer is.
- Onder watter ekonomiese voorwaardes funksioneer uitgewerye? Volgens De Glas (1989:32-34) bestaan daar ’n spanning tussen die ekonomiese en kulturele (sosiale) doelstellings van die uitgewery (sien ook 3.2.1.1 oor die uitgeefilosofie). Hierdie doelstellings kan as twee pole beskou word en lei dikwels daartoe dat uitgewerye van mekaar onderskei word op grond van hulle oorwegende fokus op één van die pole. Volgens De Glas lei dit ook tot onderskeid binne uitgewerye met betrekking tot soorte publikasies en die praktyk van kruissubsidiëring. Die uitgewerybedryf verskil ook van ander sektore in die sin dat die vraag van die publiek (na die produk van die uitgewery – publikasies) nooit konstant is nie. Daar bestaan verdeelde menings oor die veranderlikheid of konstantheid van die vraag van die publiek en of die publiek beïnvloedbaar is of nie, met ander woorde of ’n vraag geskep kan word of nie (De Glas, 1989:32-34).

De Glas (1989:34-35) redeneer dat uitgewerye eintlik slegs ondersoek kan word deur ’n analise van hulle publikasielyste. Die publikasielys is in der waarheid die vergestalting van bogenoemde faktore wat die funksionering van die uitgewery bepaal. In hierdie ondersoek word daar sterk by hierdie beskouing van De Glas aangesluit wanneer die produksielandskap van Afrikaanse fiksie gekarteer word na aanleiding van ’n analise van die publikasielyste van uitgewerye van (ook) Afrikaanse fiksie (sien 5.5).

Wanneer die uitgewery as bedryf beskou word, bring dit die ondersoek in die kader van die ondersoektradisie waarbinne die industriële verhoudinge waarvolgens kultuurprodukte in die moderne tyd vervaardig word, ondersoek word. Hierdie benadering vestig die aandag daarop dat die literatuurwetenskap aandag behoort te

skenk aan die materiële voorwaardes waaronder literatuur geproduseer en versprei word en die sosiale en ekonomiese invloede van die industriële kapitalisme op die produksie van literatuur (De Glas, 1989:48) – dit sluit aan by die empiriese literatuurwetenskap, die literatuursosiologie en die institusionele benadering tot literatuurwetenskap. Onder invloed van hermeneutiese benaderings is die produsent van die literêre produk (die fiksietitel as gepubliseerde boek) lank as uitsluitlik die skrywer beskou. Maar deur die ontwikkeling van die empiriese literatuurwetenskap is die kreatiwiteit van outeurs as dinamo vir die ontwikkeling van die literatuur gerelativeer en die aktiewe rol van die uitgewer is beklemtoon (vergelyk ook De Glas, 1998a:386; 1999; 2001). Hierdie aktiewe rol van die uitgewer bestaan volgens De Glas (1989:36-41) uit die volgende vier aspekte: (i) die uitgewer kies en stuur die publikasiestroom (ontwikkel die publikasielys); (ii) die uitgewer inisieer en stimuleer die publikasie (werwing); (iii) die uitgewer gryp in op die manuskrip (manuskrip-ontwikkeling); en (iv) die uitgewer bemoei hom met die beeld wat sy publikasies en outeurs by ander instansies vorm (die simboliese produksie). De Glas (1989:43; 1998a) beskou die deurlopende outeursoeuvre as die hoeksteen in die opbou van publikasielyste van fiksietitels.

De Glas benut veral Bourdieu se veldteorie (spesifiek die interafhanklikheid tussen die materiële en simboliese produksie van literatuur) in sy navorsing. Hy verwys na ’n opstel uit 1977 deur Bourdieu self waarin hy die rol van die uitgewery in die kulturele veld verfyn en die posisie van die uitgewery ten opsigte van ander kulturele institusies en hulle aandeel in die konkretisering van die manuskrip bespreek (De Glas, 1989:51; 1998a:380-382). Bourdieu twyfel aan die charismatiese ideologie van die kunstenaar as enigste bron van literêre produksie en stel dit dat literêre institusies ’n groter rol speel in die sosiale waarde-oordele oor literatuur as wat vermoed word.

Uitgewerye streef veral kulturele prestige na en sal selfs hulle ekonomiese motiewe daarvoor relativeer omdat dit vir hulle “simboliese kapitaal” kan inhou wat indirek weer ekonomiese voordeel tot gevolg sal hê (De Glas, 1989:51-52; 1998a:380,384). Hierdie “verborge” doelstelling van die uitgewery as onderneming is egter nie nuut nie en herinner aan ekonomiese teorieë en vroeëre pogings tot tipologieë van soorte uitgewerye op grond van hulle afstand tot die ekonomiese aspek. Wanneer ’n uitgewery besluit om ’n manuskrip uit te gee, dra die uitgewery nie net by tot die

materiële produksie (die ekonomiese waarde) van daardie manuskrip nie, maar deur sy naam en prestige aan die manuskrip te koppel, dra hy ook by tot die kulturele bekragtiging (die simboliese produksie) daarvan. Bourdieu beklemtoon veral die relatiewe posisies van die kulturele institusies in die kulturele veld en spesifiek dié posisies wat bepaal word deur die onderlinge afhanklikheid tussen institusies (vergelyk De Glas, 1999; 2001). Die uitgewery verkry sy prestigewaarde op grond van sy posisie in die veld deur die verhoudings waarin hy verkeer: die verhouding tussen die outeurs wat tot die stal van die uitgewery behoort en die outeurs wat nie deel van sy stal vorm nie (en die outeurs wat nie daartoe wil behoort nie); die verhouding van die ander uitgewerye wat op die outeurs van die uitgewery aas en wel daarin slaag om hulle af te rokkel of nie daarin slaag nie; die verhouding tot kritici wat in die uitgewery se oordeel (met betrekking tot uitgeebeslissings) glo en met meer of minder respek daaroor uitsprake lewer; die verhouding tot die leserspubliek wat meer of minder bewus is van die uitgewery se profiel en meer of minder vertroue daarin stel (De Glas, 1989:52-53).

De Glas (1989:52; 1998a:382; 1999; 2001) is egter ook krities teenoor Bourdieu se ontleding en konsepte omdat dit nie duidelik genoeg op empiriese ondersoek (byvoorbeeld die analise van publikasielyste) gebaseer is nie. Hy heg besondere waarde aan die kombinering van teorievorming met empiriese navorsing (De Glas, 2001). Bourdieu veronderstel dat die institusies van die literêre veld 'n outonome, sistemiese en samehangende universum vorm waarby enige verandering in die geheel verskuiwings veroorsaak. De Glas (1989:53) betwyfel egter Bourdieu se postulaat van so 'n geordende geheel en stel dit dat die verhoudings tussen die onderlinge hiërargieë en posisies van die institusies deur empiriese navorsing gespesifiseer moet word. Daar bestaan volgens De Glas (1989:55) min empiriese navorsing wat die onderlinge verhoudinge tussen institusies ondersoek en ondersoeke na die plasing van die uitgewery tussen ander institusies is nog in sy kinderskoene. De Glas (1998a:382) wys spesifiek op die ironie dat daar baie min op die uitgewery as studie-objek gefokus is in studies waarin Bourdieu se konsepte toegepas word.

Verder bestaan daar ook slegs enkele studies oor die interne funksionering van uitgewerye (onder meer oor die beroepsbeeld van die redakteurs, die profiel en uitgewerygeskiedenis van enkele uitgewerye of die gebruikte seleksiekriteria in die

opbou van die publikasielys). Volgens De Glas bly dit slegs gevallestudies en oortuig dit nie in terme van teorievorming oor die algemene funksionering van die uitgewery nie. Empiriese studies oor publikasielyste oor langer periodes ontbreek en daar word te min aandag aan publikasielyste geskenk in studies wat wel poog om Bourdieu se veldteorie op die produksie van literêre werke toe te pas (De Glas, 1999). Hy kom tot die gevolgtrekking dat ondersoeke na die uitgewery as institusie in die literêre veld maar onlangs begin het – veral wat ondersoeke betref waar die uitgewery self as uitgangspunt dien (De Glas, 1989:56). Van Rees & Dorleijn (1994:97) sluit by De Glas se beskouing aan wanneer hulle dit stel dat “die norme en waardes van die institusionele omgewing (uitgewery, boekhandel, biblioteek, skool) nog ondersoek moet word”. Hulle maak ’n keuse vir ’n benadering waarvolgens die rol wat literatuuropvattings in die literêre veld speel, en die invloed daarvan op literêre institusies, as uitgangspunt dien.

De Glas se empiriese toepassings fokus op die ontwikkeling van die enkelouteur (en soms groepe outeurs) se oeuvre(s), die reputasievorming van hierdie skrywers en die aandeel van die uitgewery daarin – dus ’n outeursoeuvre-perspektief binne die kader van uitgewery-ondersoek. Vergelyk byvoorbeeld sy ondersoek na die materiële en simboliese produksie van moderne Nederlandse literêre outeurs en spesifiek die reputasievorming van Hella Haasse (De Glas, 2003); sy ondersoek na die investering en opbrengs van literêre uitgewerye in die generasie Nederlandse prosadebutante uit die periode 1961-1965 (De Glas, 1998b); en die rol van die ontwikkeling van outeursoeuvres in die opbou van die publikasielyste en die uitgewerygeskiedenisse van die Nederlandse uitgewerye W.L. & J. Brusse en Maatschappij voor Goede en Goedkoope Lectuur/Wereldbibliotheek (De Glas, 1998a). Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is die vertrekpunt ietwat anders. Die fokus hier val op die kartering van die hele landskap van ’n letterkunde (weliswaar met afbakening) met betrekking tot die ontwikkeling van verskeie produksiekategorieë (op ’n kwantitatiewe wyse) – dus ’n produksiekategorie-perspektief (sien Hoofstuk 5).

De Glas (2003:103) wys daarop dat “aandag vir die stoflike kant van die manuskrip en die boek” slegs vooropgestaan het in boekstudienavorsing, terwyl studie van “waaroor die boek gaan” onderneem is deur uiteenlopende vakgebiede (soos die teologie, kultuurgeskiedskrywing en die literatuurwetenskap) wat gemoeid is met die

inhoud van die manuskrip / boek. Hierdie vakgebiede het oor die afgelope dertig jaar toenemend aandag gegee aan die konteks naas die teks en dít het toenadering tussen boekstudie en literatuurwetenskap tot gevolg gehad. Één manifestasie daarvan is die erkenning van die samehang tussen die materiële en simboliese kante van boek-produksie en verspreiding. Die ontstaan van die interdissiplinêre studieterrein boekstudie het gesorg vir verdere impetus in die ontwikkeling van die toepassings-terrein uitgewery-ondersoek. De Glas (2003:102-104) haal McGann aan oor die gedeelde belang tussen boekstudie en literatuurwetenskap: "The price of a book, its place of publication, even its physical form and the institutional structures by which it is distributed and received, all bear upon the product of literary meaning [...] 'the work' and its 'mediational structures' are inseparable". Hierdie ondersoek word geposisioneer as 'n interdissiplinêre ondersoek in die deelgebied tussen boekstudie en literatuurwetenskap. Op die gebied van boekstudie word veral aangesluit by die kwantitatiewe benadering (sien 5.2) en op die gebied van die literatuurwetenskap by die institusionele en sosiologiese benaderings.

Buiten vir De Glas se ondersoeke waarin die uitgewery 'n sentrale posisie beklee, behoort daar in hierdie posisionering van uitgewery-ondersoek ook aandag gegee te word aan die soort kultuursosiologiese ondersoeke wat deur die sogenaamde Tilburg Skool verrig is. Aan die Universiteit van Tilburg, Nederland, is daar sedert 1981 binne die Werkverband Literatuursosiologie spesifieke empiriese ondersoeke onderneem na allerlei literêre institusies (insluitend uitgewerye) en die produksie, verspreiding, verbruik en oorlewering van boeke. In 1989 is dié program herdoop as Marketing en Sociologie van het Boek (Joostens, 1990:10; Verdaasdonk, 1990:19, 27-28). De Glas (1998b:128) self erken die invloed van hierdie ondersoeke op sy navorsing oor uitgewery-ondersoek – trouens, De Glas (1989:5) was as navorsingsassistent aan dié program verbonde en het sy Ph.D.-tesis onder leiding van die eertydse hoof van dié program, Hugo Verdaasdonk, voltooi.

Die Tilburg Skool volg 'n institusionele benadering en sluit in hul ondersoeke na aspekte van die boeksektor en kulturele institusies veral aan by die kultuursosiologie en verbruikersgedrag. Tans is die navorsingsfokus van die program Bemarking en Sosiologie van die Boek gerig op ondersoeke na kulturele deelname; kulturele vaardighede waardeur die waarde van kultuurprodukte bepaal word; die rol van

kulturele institusies in die bepaling van die waarde van kultuurprodukte; die kondisies waarin kulturele institusies bestaan en hul funksie verrig; en die interaksie tussen verbruikers en kultuurprodukte (Universiteit van Tilburg, 2006). Voorbeelde van spesifieke empiriese ondersoeke sluit die volgende in: die kulturele gedrag ten opsigte van die koop en uitleen van boeke en tydskrifte deur volwassenes en kinders (Verdaasdonk, 1990:19,26); die dinamika van keusegedrag deur lesers teenoor boeke en die rol van kulturele produkte (soos boeke) in kulturele gedrag (Verdaasdonk & Van Rees, 1991:421-437); die funksionele eienskappe van literêre tydskrifte as medium vir die uitgee van literêre tekste (Verdaasdonk, 1989:215-232); die attribute in die besluitnemingsproses tydens die aankoop van literêre en nie-literêre fiksie deur volwassenes (Leemans & Stokmans, 1991:487-505); die toepassing van teorie oor verbruikersgedrag op die keusegedrag van kopers van literêre boeke (Leemans, 1991:205-212); die verskil in keusegedrag tussen kopers en leners van boeke (Duijx, Van Rees en Verdaasdonk, 1991:439-469); die faktore wat kopers se tevredenheid ná die aankoop van ’n boek bepaal (Kamphuis, 1991:471-485); die toetsing van Bourdieu se siening oor verskillende soorte produsente van kulturele goedere aan die hand van twee Nederlandse uitgewerye van respektiewelik literêre fiksie en romantiese fiksie (Tilborghs, 1991:223-229); en die klassifikasie van outeurs deur middel van statisties-empiriese ondersoeke na literêre prestige (Verboord, 2003:259-281).

Navorsingsresultate deur die Tilburg Skool word veral aangetref in die vaktydskrif *Poetics: journal of empirical research on literature, the media and the arts*, waarvan Kees van Rees – een van die belangrikste eksponente van die Tilburg Skool – die redakteur is. Onder redaksie van Van Rees (en Gillis Dorleijn) verskyn daar in 2006 die belangrike publikasie *De productie van literatuur. Het literaire veld in Nederland 1800-2000* (Uitgeverij Vantilt, 2006), waarin bydraes saamgevat word oor eietydse literatuursosiologiese ondersoeke na die funksies wat die verskeie rolspelers in die literêre veld verrig in terme van die produksie van literatuur. Die funksie van die uitgewery binne die literêre veld kom ook onder bespreking. Dié publikasie sal waarskynlik rigtinggewend wees vir die literatuurwetenskaplike teoretiese aspekte wat ook in hierdie studie aangespreek word en dit sal tydens toekomstige navorsing benut word om die teoretisering rondom uitgewery-ondersoek verder uit te werk.

## 2.7 Die neerslag van boekstudie en uitgewery-ondersoek in die Afrikaanse literatuurwetenskap

Soos reeds vroeër genoem, is ondersoeke na die uitgewery en die materiële produksie van fiksietitels (deur statisties-kwantitatiewe navorsing) ’n verwaarloosde navorsingsterrein in die Suid-Afrikaanse (en Afrikaanse) literatuurwetenskap. De Glas (1998b: 131) beklemtoon die nut van empiries-kwantitatiewe navorsing vir uitgewery-ondersoek: “de preciezere studie van wat uitgevers in feite doen” (met ander woorde die ontleding van hulle publikasielyste). Die statisties-kwantitatiewe komponent van hierdie studie word in Hoofstukke 5 en 6 weergegee. Hoofstuk 5 skenk aandag aan die teoretisering van die epistemologie van produksie-statistiek. In hierdie afdeling val die fokus op die neerslag wat boekstudie en uitgewery-ondersoek in breër trekke tot dusver in die Suid-Afrikaanse (en spesifiek die Afrikaanse) literatuurwetenskap gekry het. Om grootskaalse herhaling te voorkom, word bronne van statistiese data oor die produksie van (ook) Afrikaanse fiksie in Hoofstuk 5 aangetoon. Hierdie afdeling moet dus nie as alleenstaande beskou word nie en moet saam met Hoofstuk 5 gelees word.

Die destydse Sentrum vir Suid-Afrikaanse Letterkundenavorsing (SENSAL) van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) het in 1981 ’n ontleding gedoen van die soort letterkundenavorsing wat tot op daardie stadium in Suid-Afrika gedoen is en bepaalde leemtes en prioriteite is geïdentifiseer (Malan, 1983:1-5). In die opname van navorsingsbedrywighede aan universiteite en ander navorsingsinstansies, is respondente gevra om prioriteite ten opsigte van navorsingsterreine aan te dui. Navorsing oor literatuurproduksie en -verspreiding is as “hoofsaaklik ’n biblioteekkundige en leserkundige aangeleentheid” beskou (vergelyk ook Viljoen, 1992a:279), alhoewel erken is dat “die welsyn en ontwikkeling van letterkunde” direk daardeur geraak word (Malan, 1983:64-65). Respondente het die rol van biblioteke ten opsigte van boekkeuring en -verspreiding as die belangrikste beskou en ook aangedui dat navorsing oor die aankoop- en verspreidingsbeleid van biblioteke noodsaaklik is. Navorsing oor publikasiemoontlikhede vir skrywers is ook belangrik geag, maar slegs respondente uit die Afrikatalegroep het navorsing oor boekkeuring deur uitgewerye as redelik belangrik beskou. Nagraadse navorsing oor literatuurproduksie en -verspreiding was grotendeels gefokus op biblioteekkundige en leserkundige ondersoeke (Malan, 1983:64-67). Vandag sou Afrikaanse letterkundiges waarskynlik groter prioriteit vir

uitgewery-ondersoek aandui. Viljoen (1992a:279) noem byvoorbeeld dat "'n ondersoek na die sosiologie van Suid-Afrikaanse uitgewers [...] uiters boeiend [behoort] te wees".

In 1982 word 'n simposium deur SENSAL georganiseer waartydens daar deur toonaangewende letterkundiges van die tyd besin is oor metodologiese en teoretiese benaderings (Malan, 1984a:11). Malan (1984a:29) som die stand van die Suid-Afrikaanse literatuurwetenskap op daardie stadium raak op wanneer hy betoog dat "die meerderheid literatore aanvaar dat die studie van die letterkunde gerig is op die literêre 'kunswerk'"; dat "sommige akademici [...] geringskattend [verwys] na moderne teoretiese benaderings as modegiere wat uiterstes verabsoluteer en die kern van die teks as die sentrale objek van literatuurondersoek verbystuur"; en dat "die teenoorgestelde groep verkleinerend verwys na "'n uitgediende outonomistiese of elitistiese benadering wat die relevansie van die literêre werk binne die gemeenskap en ander kodesisteme verontagsaam". Malan (1984a:34-35) wys op die belang en nut van literatuursosiologiese navorsing, navorsing oor die produksie en verspreiding van boeke, beskouing van die teks binne sy sosiale en kulturele omgewing asook sy produksie- en resepsiekontekste en multidissiplinêre ondersoeke na tekseksterne literatuursosiologiese faktore (vergelyk veral die bydrae van die Engelstalige literatuurwetenskaplike Glenn, 1984:145-153 tot die simposium waar hy 'n sosiologiese benadering aanbeveel en sterk aansluit by die insigte van Bourdieu). Malan (1984a:42) beklemtoon die multidissiplinêre aard van die navorsing wat gedoen behoort te word (vergelyk ook Botha, 1984:132-135 en Van Coller, 1984:122-123) en verwys na SENSAL se voorondersoek na die produksie, verspreiding en sosiale posisie van letterkunde waarby verteenwoordigers van uitgewerye, biblioteke en die media betrek is.

Die soort navorsing wat deur SENSAL onderneem is, kan beskou word as sosiologiese, institusionele, sisteemteoretiese en empiriese ondersoeke (vergelyk byvoorbeeld die model vir literatuursosiologiese letterkundenavorsing wat deur Malan, 1983:5 en 1984a:36 voorgestel word en waarvolgens SENSAL se navorsingsaktiwiteite gestruktureer is). Deur SENSAL se literêre jaaroorsigte (sien 5.4) is byvoorbeeld aandag gegee aan die kwantitatiewe kartering van literêre produksie (vergelyk Marais, 1987:15-16). Ondersoeke soos die genoemde jaaroorsigte

en ook individuele studies deur navorsers wat aan SENSAL (en INTAK) verbonde was (vergelyk byvoorbeeld Marais, 1987 en 1994; Galloway, 1987 en 1990; en Hauptfleisch, 1997) is sisteemteoreties aangepak. Steeds was hierdie navorsing nie primêr uitgewery-ondersoek in die sin van hoe dit in hierdie studie beskryf word nie.

Wanneer vakliteratuur oor die Afrikaanse letterkunde van die 1990's en vroeë 2000's nagegaan word, blyk dit duidelik dat letterkundiges steeds nie beduidende aandag aan uitgewery-ondersoek afstaan nie – trouens, die meeste artikels in vaktydskrifte volg steeds sterk teksgerigte benaderings waarvolgens enkele tekste (en soms vergelykings tussen meer as een teks) na aanleiding van literêre teorieë geanaliseer word. In 'n ongepubliseerde referaat deur Van Coller & Odendaal (2004) tydens die Afrikaanse Letterkundevereniging (ALV)-kongres in 2004 word verslag gedoen oor H.P. van Coller en B.J. Odendaal se ervaringe as redakteurs van die Afrikaanse literêre tydskrif *Stilet* gedurende die periode 2000-2004. Hoewel hulle kritiese opmerkings spesifiek van toepassing is op akademiese artikels oor die Afrikaanse letterkunde wat gedurende die genoemde periode in *Stilet* verskyn het, is dit ook *mutatis mutandis* van toepassing op die breër terrein van die Afrikaanse literatuurwetenskap en die Afrikaanse geesteswetenskaplike akademiese toneel (Van Coller & Odendaal, 2004:1). Hulle bevindings is veelseggend van die stand van die Afrikaanse literatuurwetenskap:

> Artikels is meestal interpretasies van enkelwerke [...] Ten spyte van veelvuldige kniebuigings in die rigting van (redelik resente) teoretiese paradigmas is die meerderheid sodanige interpretasies strukturalistiese "close readings". Soms geskied interpretasies in die kader van bepaalde interpretatiewe "raamwerke" soos "postkolonialisme", "postmodernisme", "new historisism", "literêre antropologie" en reekse genealogiese paradigmas (soos speurverhale, pikareske romans, dramatiese monoloë) en dergelike meer. Soms lei dit tot belangwekkende en nuwe insigte; dikwels helaas tot etikette wat agteraf aangeplak word (Van Coller & Odendaal, 2004:12).

Volgens Van Coller & Odendaal (2004:13) is vergelykende artikels besonder gewild, maar hulle rig 'n waarskuwing: "Vergelyking is waarskynlik een van die gevaarlikste

literêre praktyke omdat dit lei tot oppervlakkigheid én weens die toeval en eenmaligheid van waarnemings geldige wetenskaplike afleidings in die weg staan. Die vergelykende literatuurwetenskap (literêre komparatisme) het akademiese aanvaarding gekry eers nadat 'toevallige' vergelykings (veral as resultaat van interpretatiewe handelinge) hokgeslaan is. Dit gaan in hierdie vertakking van die algemene literatuurwetenskap om gekontroleerde vergelykings van historiese tydperke en literatuuropvattings, van literêre produkte met vergelyking tot produksiefaktore, die (redes vir) resepsie van tekste in historiese verband, ens.". Wat die benutting van teoretiese benaderings betref, ontbreek teorie dikwels in artikels of teoretiese kwessies word ontduik: "Wat wél gebruik word, is 'filosofiese' kaders (postkolonialisme, postmodernisme, ens.). Wat opvallend gedateerd geraak het, is 'harde' teorie: narratologie byvoorbeeld. Modelle en tipologieë word selde ontwikkel, om van teorie nie eers te praat nie. Dit is 'n kwade dag as die skepping én benutting van teoretiese instrumente ontbreek" (Van Coller & Odendaal, 2004:15). Hulle betoog as volg verder: "In die meeste artikels is daar geen skeiding tussen interpretasie en wetenskaplike beskrywing nie; in die Afrikaanse letterkunde word veral graag geïnterpreteer en geëvalueer. In die geval van laasgenoemde aktiwiteit word kriteria selde krities aan die orde gestel en is die proses veelal intuïtief" (Van Coller & Odendaal, 2004:15).

Dit is in hierdie konteks waar hierdie studie, deur uitgewery-ondersoek as uitgangspunt en die toepassing daarvan op die terrein van die Afrikaanse letterkunde (spesifiek die produksie van Afrikaanse fiksietitels), wil bydra tot vernuwing van die Suid-Afrikaanse (en spesifiek die Afrikaanse) literatuurwetenskap en boekstudie.

Wat resente navorsing oor die Afrikaanse letterkunde betref, bestaan daar slegs 'n klein aantal ondersoeke wat in 'n beperkte mate gedeeltelik aandag aan (aspekte van) uitgewery-ondersoek skenk. Van Coller is sekerlik een van die Afrikaanse literatore wat die meeste op hoogte is van moderne literatuurwetenskaplike teorieë uit die Nederlandstalige wêreld (sy verbintenis met Nederlandse universiteite deur onder meer gereelde gasdosentskappe dra hiertoe by). Die volgende is enkele voorbeelde van resente toepassings van hierdie teorieë op die terrein van die Afrikaanse literatuurwetenskap deur Van Coller (soms saam met sy kollega Odendaal).

- In Van Coller (2001) se artikel oor kanttekeninge by die skryf van ’n Afrikaanse literatuurgeskiedenis, stel hy voor dat die problematiek rondom ’n Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis en die verhouding tussen die verskeie Suid-Afrikaanse literature, deur die veldteorie (alias Bourdieu) opgelos kan word (Van Coller, 2001:4,9). Binne die Afrikaanse literatuurgeskiedenis wys hy op sekere subvelde waaroor nog nie genoegsaam geskryf is nie, soos byvoorbeeld die geboorte van die Sestigerbeweging in Parys; die georganiseerde teenstand teen sensuur deur die “little magazines” en die uitgewery Taurus; en die impak van magsverhoudings op die gekleurde Afrikaanse skrywer (Van Coller, 2001:9). ’n Ondersoek na Taurus in bogenoemde verband sluit duidelik by die terrein van uitgewery-ondersoek aan.

- ’n Tweede voorbeeld is Van Coller (2002a en 2002b) se tweedelige artikel oor die saamstel van bloemlesings as kanoniserende handeling waarin hy Bourdieu se veldteorie benut en suksesvol aantoon dat bloemlesingsamestelling nooit ’n neutrale handeling is nie, maar ’n “provokatiewe posisieinname binne die literêre veld” (Van Coller, 2002b:125). Sy navorsing sentreer hier rondom kanonisering, ideologie en literatuuropvattings. Van Coller ontwikkel ’n tipologie van bloemlesings wat as hermeneutiese gereedskapstuk dien en maak daardeur ’n teoretiese bydrae. Sy oorsig oor poësiebloemlesings word binne die wyer Afrikaanse literêre veld ingekleur. Odendaal (2001:51-58) sluit by Van Coller aan deur sy navorsing oor die strategiese funksies van tematiese poësiebloemlesings in die Afrikaanse literêre veld. Van Coller benut ook De Geest se vierhoekmeganisme van intersistemiese diskoers oor wat gesê moet word, of nie, en wat gesê mag word, of nie (vergelyk De Geest, 1997:167-171), om kanonverskuiwings- en kanonbeskermingsmeganismes deur bloemlesingsamestelling te verklaar. Van Coller (2002b:118) bring ook uitgee-verwante aspekte, soos byvoorbeeld die rol wat die voorskryfpotensiaal van bloemlesings gespeel het in die neem van uitgeebeslissings in ’n vorige bestel, te berde.

- Nog ’n voorbeeld is Van Coller (2004a) se artikel waarin hy ’n model ontwikkel om die literêre prestige van die Afrikaanse skrywer Etienne Leroux

na te gaan en trag om die vraag te beantwoord of Leroux ’n “vergete skrywer” is (of Leroux nog funksioneer in die aktuele kanon). Hy verwys na die Nederlandse literatuurwetenskaplike Verboord se model vir die bepaling van literêre prestige (waarin “literêre ensiklopedieë, literêre pryse, akademiese studies en uitgewers” prominent is – vergelyk Verboord, 2003:259-281), maar ontwerp sy eie model omdat Verboord s’n nie toepaslik is op die Suid-Afrikaanse situasie nie, onder andere oor die “totaal ander uitgewersbedryf, en met die (tot onlangs toe nog feitlik absolute) dominansie van die Naspers-groep op die gebied van Afrikaanse literêre publikasies” (Van Coller, 2004a:6-7). In hierdie artikel raak Van Coller aspekte van uitgewery-ondersoek aan deur onder andere na die nie-beskikbaarheid van Leroux se tekste (omdat dit uit druk is) te verwys (Van Coller, 2004a:14). Randgebiede van uitgewery-ondersoek word ook betrek deur byvoorbeeld die vermelding van Le Roux in koerantresensies empiries na te gaan (Van Coller, 2004a:16). ’n Artikel wat hierby aansluit, is Van Coller & Odendaal (2005a:1-36) se bespreking van die miskende digterskap van S.J. Pretorius (die kanonieke marginalisering van die digter), waarin hulle ook literêr-sistemiese oorsake (behalwe die oeuvre-spesifieke en persoonlike oorsake) in ag neem.

- In Van Coller & Odendaal (2003a en 2003b) se tweedelige artikel oor die poëtikale beskouings van Antjie Krog se *Kleur kom nooit alleen nie* en H.J. Pieterse se *Die burg van hertog Bloubaard*, verbind hulle teorieë oor poëtika of literatuuropvattings met Bourdieu se veldteorie om ’n werkhipotese te vorm waardeur die poëtikale beskouings wat beide bundels onderlê, gerekonstrueer word. Hulle maak ook hier gebruik van Van Rees & Dorleijn (1994) se toepassing van Bourdieu by die rekonstruksie van literatuuropvattings (sien 2.3). Ten slotte volg hulle ’n institusionele benadering om, teen die agtergrond van die Afrikaanse literêre veld, die vraag te probeer beantwoord van hoe die twee uiteenlopende bundels (betreffende die literatuuropvattings wat hulle verteenwoordig) beide bekroon kon word sonder om ’n polemiek te ontketen (Van Coller & Odendaal, 2003b:50-52).

- ’n Laaste voorbeeld is Van Coller & Odendaal (2005b en 2005c) se tweedelige artikel oor die verhouding tussen die Afrikaanse en Nederlandse literêre

> sisteme. In die eerste deel, waarin aandag gegee word aan teoretiese oorwegings vir 'n beskrywende model, word 'n samevatting gegee van institusies (waaronder ook "literêre uitgewers" – uitgewerye van (ook) fiksie), rolspelers en instrumente wat as entiteite in 'n dinamiese, maar self-verwysende en self-regulerende polisisteem funksioneer (Van Coller & Odendaal, 2005b:4-5). Hulle dui die operasionele rolle in literêre sisteme, na aanleiding van Schmidt (wat ooreenkomste toon met Van Rees & Dorleijn, 1994:96 se diagram van die literêre veld), aan as literêre produksie, literêre distribusie, literêre resepsie en literêre verwerking. Daar sou 'n saak uitgemaak kon word dat die uitgewery as institusie 'n funksie in elkeen van dié rolle vervul (sien 2.8.1). Hulle benut veral De Geest se vierhoekmeganisme van intersistemiese diskoers (vergelyk De Geest, 1997:167-171) in die tweede deel en bring die ontwikkelinge in die verhouding tussen die twee literêre sisteme in verband met 'n chronologie van historiese gebeure in Suid-Afrika (Van Coller & Odendaal, 2005c: 18-46).

Bogenoemde artikels getuig van bruikbare navorsing en vooruitgang in die toepassing van nuwe literatuurwetenskaplike teorie op die Afrikaanse letterkunde. Maar hierdie navorsing is nie primêre empiriese uitgewery-ondersoek in die sin van hoe dit in hierdie studie toegepas word nie: waar die totale produksielandskap van die Afrikaanse letterkunde gedurende 'n bepaalde periode op empiries-statistiese wyse deur kwantitatiewe navorsing gekarteer word (sien Hoofstuk 5) en 'n keuse gemaak word om primêr met die uitgewery as kanoniseringsagent – deur middel van die publikasies wat uitgegee word (die produksie- en uitgeweryprofiel – sien Hoofstuk 6) – te werk, eerder as met die begrip van 'n "kanon" soos dit byvoorbeeld deur literatuurgeskiedenisse of in bloemlesingsamestelling vergestalt word. In talle van die bogenoemde artikels deur Van Coller en Odendaal gaan dit as 't ware oor ondersoeke na simboliese produksie, in watter opsig dit verskil van hierdie studie waar dit primêr gaan oor die materiële produksie van Afrikaanse fiksie. Die empiriese fondament wat hierdie studie lê (ten opsigte van spesifiek die materiële produksie van Afrikaanse fiksie) kan benut word in die soort ondersoeke wat Van Coller en Odendaal onderneem, om byvoorbeeld die verband tussen die simboliese en materiële produksie verder na te vors. Soos reeds in die perkstelling aangedui, val dit egter buite die bestek van hierdie studie om aspekte van simboliese produksie na te vors.

Die volgende is voorbeelde van resente nagraadse navorsing oor die Afrikaanse letterkunde wat tot ’n mindere of meerdere mate by aspekte van uitgewery-ondersoek aansluit. Die opvallendste ooreenkoms met hierdie studie is die mate waartoe onderstaande studies ook op sisteemteoretiese modelle steun.

- De Wet (1994) se D.Litt-studie fokus op D.J. Opperman as spilfiguur binne die Afrikaanse literatuursisteem. Sy benut sisteemteorie (spesifiek Even-Zohar) om ’n alternatiewe metode tot literatuurgeskiedskrywing voor te stel: die optekening van die literêre diskoers (1994:19-75) deur intertekstuele verwysings na Opperman in die werk van ander digters (1994:138-265) as diskursiewe entiteit van die literatuursisteem na te gaan. Sy verwys wel na Opperman se rol binne die uitgeesisteem, byvoorbeeld as keurder, as literêre raadgewer van Human & Rousseau en as dosent in skeppende skryfwerk deur die oprigting van die Letterkundige Laboratorium van die Universiteit van Stellenbosch. De Wet verskaf ook ’n lys van digbundels wat gedurende die periode 1945-1994 verskyn het (1994:313-327), maar sy toon nie produksietendense empiries aan nie. De Wet se studie gaan primêr oor literatuurgeskiedskrywing en kanonisering en is teksgerig en dus kwalifiseer dit nie as uitgewery-ondersoek nie.

- Heyns (1995) se D.Litt-tesis, wat handel oor ’n literatuursosiologiese ondersoek na ’n groep Afrikaanse tagtigerprosaskrywers, verdien ook vermelding. Heyns (1995:1-7) posisioneer sy ondersoek na aanleiding van Bert Vanheste se *Literatuursociologie: theorie en methode* binne die terrein van die literatuursosiologie en gee aandag aan die sosiologiese posisies van die outeur, die literêre werk, die literêre kanaal (waarby die uitgewery ingesluit word) en die leser. Hy vertrek vanuit ’n proefgroep skrywers en die tekste wat hulle gedurende die 1980’s geproduseer het en plaas dit dan binne die groter sosiale konteks. Tog slaag hy nie daarin om die teoretiese raamwerke van die literatuursosiologie behoorlik na ’n empiriese ondersoek van institusies deur te trek nie en bly sy studie in ’n mate in ’n teksgerigte benadering vassteek. In Heyns se bespreking van die literêre kanaal gee hy wel aandag aan institusies: die uitgewerye van die proefgroep se tekste (1995:112-113), boekhandelaars

en die bemarking van die proefgroep se tekste (1995:113-119). Vanuit ’n agternaperspektief word nagegaan watter tekste van die proefgroep in 1994 steeds in die handel beskikbaar was; die beskikbaarheid van die proefgroep se tekste in openbare en akademiese biblioteke (1995:119-122); die voorskrywing van die proefgroep se tekste vir literatuuronderwys op sekondêre en tersiêre vlak (1995:124-139); die invloed van sensuur op die proefgroep (1995:143-147); toepaslike polemieke rondom toekennings van literêre pryse aan die proefgroep (1995:147-153); die rol van ’n skrywers-vereniging soos die Afrikaanse Skrywersgilde op die proefgroep (1995:153-156); publikasies van die proefgroep in literêre tydskrifte en “little magazines” (1995:156-167); en die oorskakeling van die proefgroep se tekste in film- en dramaproduksies (1995:168-170). Sy behandeling van hierdie sosiologiese noemers ten opsigte van die toepassing daarvan op die objek, die proefgroep tagtigerprosaskrywers, oortuig wel, maar daardeur bly sy studie hoogstens ’n gevallestudie. Dit gee nie insig in die algemene funksionering van die literatuur in die groter sosiale bestel nie en sy bespreking van die invloed van elke individuele institusie (veral van die uitgewerye) bly oppervlakkig. Dit kwalifiseer dus ook nie as uitgewery-ondersoek nie en verskaf nie genoegsame insig in die posisie wat die uitgewery binne die sisteem inneem nie.

- In Barnard (1998) se Ph.D.-tesis gebruik sy sisteemteorie as metodologiese basis vir kanoniseringsproblematiek (1998:32-63). Hoewel sy ook verwys na Even-Zohar en Bourdieu, benut sy veral Schmidt se model wat spesifieke rolle vir agente binne die sisteem onderskei. Barnard behandel spesifiek N.P. van Wyk Louw as spilagent (kanoniseringsagent) binne die Afrikaanse literatuur-sisteem (1998:105-129) en beskryf sy kanoniseringshandelinge binne dié sisteem (1998:130-237). Hoewel sy aandag gee aan Louw se rol binne die uitgeesisteem, val haar fokus nie op uitgewery-ondersoek nie.

- Adendorff (2003) se M.A.-verhandeling is ’n resepsie-ondersoek na ses debuutdigbundels wat gedurende die periode 1999-2000 verskyn het. Sy beskryf die marginalisering van die Afrikaanse poësie aan die hand van die polisisteemteorie van Even-Zohar (2003:10-32) en skenk ook aandag aan kanonisering (2003:33-61). In haar oorsig oor die literêre veld van Afrikaans

(na aanleiding van Bourdieu) gee sy kortliks aandag aan die rol van uitgewerye (2003:73-80) en tendense in die uitgewerybedryf (2003:80-90). Sy maak onder meer gebruik van navorsingsresultate wat voor die voltooiing van hierdie studie bekend gemaak is (Venter & Galloway, 2003a) en uitsprake deur uitgewers soos Stassen, Van Zyl, Bloemhof en Barnard. Adendorff se studie bring vernuwing deur onder meer die produksie (2003:66-68) en resepsie (2003:129-139) van debuutdigbundels kwantitatief aan te toon, maar dit is nie in hoofsaak uitgewery-ondersoek nie. Steeds bly dit waardevolle navorsing wat binne die afbakening van die subsisteem van die Afrikaanse poësie beide literêre en buite-literêre faktore in ag neem en dus vernuwend is binne die Afrikaanse literatuurwetenskap.

- Du Plessis se M.A.-verhandeling (2002) en D.Litt-proefskrif (2004) sluit die sterkste aan by (aspekte van) uitgewery-ondersoek deur die direkte literatuursosiologiese fokus daarvan. In dié studies plaas Du Plessis die soeklig op die opkoms van Afrikaner-nasionalisme in die 1930's en 1940's en die rol wat die produksie, verspreiding en resepsie van populêre kinderlektuur daarin gespeel het. Sy pas teorieë van onder andere Benedict Anderson (oor die nasie as verbeelde gemeenskap en die verband tussen nasionale publikasietaal en die belange van die intelligentsia in die ontwikkeling van tekste), Antonio Gramsci (oor die organiese intellektueel), Charles Taylor (oor die vermoë om 'n gedeelde sosiale *imaginaire* te skep) en Bourdieu (spesifiek oor die habitus) toe op die jeugboekreekse *Keurboslaan* en *Maasdorp* van Stella Blakemore. Sy skenk genoegsame aandag aan die uitgewerybedryf en verwante kwessies deur onder meer die volgende: 'n oorsig van die vroeë ontwikkeling van die Afrikaanse uitgewerybedryf (2004:126-128; 133-137); Blakemore se uitgee-geskiedenis (2002:27-28; 33-35; 2004:173-178; 179-180); die uitgeegeskie-denis en verkoopsyfers van die *Keurboslaan*-reeks (2002:28-31; 2004:147-152) en *Maasdorp*-reeks (2002:31-33); 'n beknopte oorsig oor die uitgewery-geskiedenis van J.L. van Schaik (2002:35-40; 2004:153-158); en die verhouding skrywer–uitgewery tussen Blakemore en J.L. van Schaik (2002:60-77). Du Plessis se navorsing verskil egter van hierdie studie in die opsig dat dit nie primêr daarop afgestem is om kwantitatiewe data empiries na te vors nie (hoewel dit nuttige historiese data uit sekondêre bronne aandui),

maar kwalitatief te werk gaan en staatmaak op die (literatuursosiologiese) interpretasie van tekste. Laasgenoemde is 'n aspek wat juis nie in hierdie studie by uitgewery-ondersoek betrek word nie. Du Plessis se studies word nie as uitgewery-ondersoek aangebied nie. Steeds lewer dit 'n unieke bydrae tot die (Afrikaanse) literatuurwetenskap en dui dit die weg van innovasie en verbreding van dié wetenskap aan.

- Die navorser het kennis geneem van Human (1953) se M.A.-verhandeling oor die "gewilde literêre werk" wat handel oor 'n ondersoek na die rol van leesstof in die Suid-Afrikaanse samelewing van die 1950's. Dit gee 'n aanduiding van die boekmark van dié periode en skenk ook breedvoerig aandag aan die uitgewerybedryf. Dit is van historiese waarde en sal nuttig gebruik kan word wanneer 'n breër historiese oorsig oor die ontwikkeling van die Afrikaanse uitgewerybedryf nagevors word. Dit val egter buite die bestek van hierdie studie, wat spesifiek fokus op die periode 1990-2005.

Die huidige stand van die Afrikaanse literatuurwetenskap (met betrekking tot die aanspreek van aspekte van materiële produksie) blyk in 'n mate ook duidelik uit die verskil in aanpak tussen die twee resentste Afrikaanse literatuurgeskiedenisse wat onlangs verskyn het (Kannemeyer, 2005 en Van Coller *et al*, 2006a). In Kannemeyer se bywerking van sy eerste eendelige literatuurgeskiedenis (vergelyk Kannemeyer, 1988), *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004* (voltooi in Desember 2004 en gepubliseer in November 2005), gee hy weereens 'n samevatting van sy tweeledige literatuurgeskiedenis (vergelyk Kannemeyer, 1978 en 1983) – "met aanvulling van nuwe werk van outeurs wat tot 1970 hulle verskyning gemaak het en met byvoeging van die meeste debutante tussen 1970 en 2004" (Kannemeyer, 2005:17-18). Die jongste periode in die Afrikaanse literatuur baken Kannemeyer af as "Die Hedendaagse Afrikaanse Literatuur (1976-hede)". Een van die grootste waardetoevoegings tot hierdie literatuurgeskiedenis is die insluiting van inleidende hoofstukke by elke hoofdeel waarin 'n algemeen-historiese oriëntering gegee word en waardeur die verwaarlosing van die politieke konteks van die literêre sisteem aangespreek word. Kannemeyer raak egter aspekte van uitgewery-ondersoek uiters sporadies aan (sien 5.4).

Hoewel Kannemeyer deur sommige literatore geprys word vir sy werkywer en produktiwiteit (Britz, 2005:13; Van Zyl, 2005a), word daar ook ernstige en grondige kritiek teen hierdie literatuurgeskiedenis uitgespreek. Marais (2005:19) is van mening dat "as Kannemeyer hom egter in die 1980's by SENSAL al aan die literêre paradigmawisseling gesteur het, sou hy 'n literatuuropvatting kon ontwikkel wat nie, in Britz se woorde, nog steeds in wese 'Oppermaniaans evalueer' nie" en hy het ook probleme met Kannemeyer se periodisering. Volgens Van Coller (2006b:8) is die gevaar van 'n monologiese literatuurgeskiedenis dat dit tussen twee gevaarlike uiterstes te staan kom: "Subjektiwiteit, wanneer die eie, idiosinkratiese waarde-oordele, menings en poëtikale vooroordele oorheers, en aan die ander kant navolging, wanneer ander kritici en literatuurhistorici se oordele klakkeloos nagepraat word". As gevolg van die afwesigheid van bibliografiese verwysings, voetnote en 'n bibliografie, wek Kannemeyer se eenpersoonspoging die indruk van 'n redelik subjektiewe persoonlike leesverslag, eerder as 'n literatuurgeskiedenis. Van Coller (2006b:8) vind nie die indeling van alle outeurs oortuigend nie; die periodisering ná 1976 kan volgens hom vervroeg word na 1973 (die publikasiedatum van André P. Brink se *Kennis van die aand*) omdat die deurbraak van die politieke literatuur dan berus op intrinsieke faktore; Kannemeyer vernuwe nie sy oordele oor ouer werke deur 'n sistematiese oorsig van die literêre kritiek op grond van nuwe beskikbare navorsing nie; en die teks van hierdie uitgawe stem feitlik woordeliks ooreen met 70% van die 1988-uitgawe. Vir Van Coller (2006b:8) geld hierdie publikasie dus nie as 'n literatuurgeskiedenis nie: "want so iets impliseer 'n objektiewe en sistematiese verslag van 'n literêre veld of, in geykte terme, van 'n bepaalde letterkunde wat nie bloot bestaan uit (literêre) tekste nie, maar ook kritiek, tydskrifte, uitgewers, institusies, agente en (literêre) tekste omvat".

Die kritiek teen Kannemeyer sluit aan by die heersende gang van sake in die Afrikaanse literatuurwetenskap wat nog sterk gefokus is op tradisionele teksstudie en nie genoeg aandag aan tekseksterne en kontekstuele aspekte van die literatuur skenk nie (vergelyk Van Coller & Odendaal, 2004). Hierdie stelling word gelukkig gerelativeer deur die verskyning van die derde deel van die literatuurgeskiedenis *Perspektief en profiel* in Oktober 2005 (met die publikasiedatum 2006). Wat die aanpak van literatuurgeskiedskrywing betref, verskil hierdie literatuurgeskiedenis-reeks ten eerste van Kannemeyer (2006) deurdat dit nie 'n eenpersoonspoging is nie

maar die resultaat van 'n paneel medewerkers, dus 'n meer "demokratiese" aanpak waardeur wegbeweeg word van meesternarratiewe en verder geskryf word aan "'n verhaal oor die Afrikaanse letterkunde". Omdat hierdie literatuurgeskiedenis 'n reeks is wat uit dele bestaan, kan opdatering en regstellings makliker plaasvind en vind die nuutste literatuurwetenskaplike benaderings ook gouer neerslag in die aanpak van spesifieke perspektiewe en profiele. In sy inleiding stel Van Coller (2006a:x) dit as volg: "Uit die perspektiewe én profiele in hierdie literatuurgeskiedenis(-deel) blyk dat die huidige literatuurwetenskaplike benadering ten opsigte van die Afrikaanse letterkunde 'n sterk kontekstuele en komparatistiese gerigtheid het. Die teorieë van sisteemteoretici soos Schmidt, Even-Zohar en die sosioloog Bourdieu, maar ook teorieë op die gebied van die feminisme, postkolonialisme en literêre historisme, het duidelik neerslag gevind in die wyse waarop literatuur benader word. Stewige teksanalises staan steeds sentraal, maar word aangevul met beskrywings van die wyse waarop tekste tot stand kom, binne 'n literêre veld sirkuleer en 'n rol speel in die mededinging van persone en instansies binne so 'n literêre veld".

As gevolg van hierdie aanpak is daar dan ook voorbeelde van perspektiewe in hierdie literatuurgeskiedenis te vind wat direk en indirek aansluit by aspekte van uitgewery-ondersoek. In Huigen (2006:10-11, 27, 36) se perspektief op Nederlandstalige Suid-Afrikaanse letterkunde gedurende die periode 1652-1925, gee hy aandag aan aspekte van die vroeë uitgeegeskiedenis van die Genootskap van Regte Afrikaners, ander eerste uitgewerye van Afrikaanse fiksie en die Nederlandse boekhandelaars en uitgewerye wat hulle in Suid-Afrika kom vestig het. Roos is reeds bekend vir die aandag wat sy aan die konteks en tekseksterne aspekte van die literêre sisteem gee (vergelyk Roos, 1998:21-117). In haar perspektief op die Afrikaanse prosa gedurende die periode 1997-2002, gee sy 'n deeglike samevatting van die impak van transformasieverskuiwings in die breër kulturele sisteem en raak sy spesifiek ook verskuiwings in die produksielandskap en produsentelandskap aan (Roos, 2006:52-54, 58, 99). In Odendaal (2006:105-107) se oorsig oor tendense in die Afrikaanse poësie in die tydperk 1998-2003, gee hy direk aandag aan ook die materiële produksie van poësie en dui hy ook oorhoofse statistiese produksiepatrone aan. In Coetser (2006b:149-189) se perspektief oor die Afrikaanse drama én teater omstreeks die periode 1990-2003 lê hy op oortuigende wyse die intersistemiese verbande tussen die drama (as deel van die literatuursisteem), die teaterbedryf (of teatersisteem as deel van

die kultuursisteem) en die impak van politieke transformasie op hierdie sisteme. Hy gee ook aandag aan die problematiek rondom die afname van gepubliseerde dramatekste.

Op grond van die oorsig in hierdie afdeling kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die uitgewery as primêre onderwerp van studie binne die Afrikaanse literatuurwetenskap nog grotendeels oor die hoof gesien is en dat primêre empiriese uitgewery-ondersoek nog nie inslag in hierdie vakgebied gekry het nie. Dit is ’n gevolgtrekking wat nie verbaas nie as in ag geneem word dat formele opleiding in uitgewerswese op voorgraadse vlak slegs aan een Suid-Afrikaanse universiteit (binne die Program Uitgewerswese in die Departement Inligtingkunde aan die Universiteit van Pretoria) gedoseer word en dat dié opleiding so onlangs as 1996 ’n aanvang geneem het. Die navorsingsfokus van hierdie program het maar oor die afgelope ses jaar formeel ontwikkel en hierdie ondersoek is één uitvloeisel daarvan (sien ook 5.3). Dit is ook insiggewend dat dié impetus van ’n interdissiplinêre ondersoekterrein (soos boekstudie en uitgewery-ondersoek) en die toepassing daarvan op die gebied van die Afrikaanse literatuurwetenskap nié vanuit die geesteswetenskappe gekom het nie, maar vanuit die inligtingswetenskappe. Vervolgens word oorgegaan na die ponering van die uitgeesisteem deur ’n teoretiese en metodologiese model voor te stel wat die res van die ondersoek sal rig.


## 2.8 Rekonstruksie van ’n model van die uitgeesisteem

Vanuit die insigte van die benaderings en teorieë wat in die vorige afdelings bespreek is, word daar in hierdie afdeling ’n generiese model van die uitgeesisteem voorgestel. Die toepassing van hierdie insigte word in die loop van die studie al duideliker wanneer die model benut word om die uitgeesisteem van spesifiek Afrikaanse fiksie te beskryf. Die generiese model is op enige soort produksiekategorie van toepassing deurdat die subsisteem in die institusionele konteks, wat na die konteks van ’n spesifieke produksiekategorie (soos byvoorbeeld Afrikaanse fiksie) verwys, vervangbaar is (sien hieronder).

Die struktuur van die model word geponeer deur die verskeie institusies en rolspelers, en die funksies en aktiwiteite wat hulle verrig, daarby in te sluit en die verbande wat

tussen die onderskeie institusies en rolspelers bestaan, aan te dui. Die model word gerekonstrueer deur boekproduksie as institusie, en as behorende tot die kern van die model, voor te stel. Boekproduksie as institusie word dan ingebed in die breër maatskaplike konteks waarbinne dit bestaan en funksioneer: eerstens deur die interaksie tussen boekproduksie en ander institusies (soos die media-, kultuur-, literatuur-, onderwys- en biblioteeksubsisteme) in die institusionele konteks aan te dui; en tweedens deur boekproduksie en die ander subsisteme in die institusionele kontekste binne die groter maatskaplike kontekste van die politiek, ekonomie en tegnologie te plaas. Die model poog om as werksinstrument of soekligteorie te dien vir ’n beskrywing van die oneindige hoeveelheid verbande wat tussen al hierdie kontekste en boekproduksie geponeer kan word. Die generiese model van die uitgeesisteem word diagrammaties voorgestel in Figuur 1.

Daar is gepoog om die dinamiese aard van die uitgeesisteem (die verbande tussen verskeie institusies en rolspelers wat deurlopend aan die verander is) in die grafiese voorstelling van die model te weerspieël, deur van ovale gebruik te maak en dit op los “bane” (amper soos ’n voorstelling van die sterrestelsel) te plaas. Die stippellyn bane dui op die verbande tussen boekproduksie as institusie in die kern van die uitgeesisteem, die institusionele kontekste en die breër maatskaplike kontekste. Die stippellyne in plaas van vaste lyne dui die oop, polisistemiese aard van die verbande aan. Die interaksie tussen institusies en kontekste word verder uitgebeeld deurdat die ovale gedeeltelik met mekaar oorvleuel.




*Figuur 1: Generiese model van die uitgeesisteem*

### 2.8.1 Boekproduksie as institusie – die kern van die uitgeesisteem

In die rekonstruksie van die uitgeesisteem word vertrek vanuit die oortuiging dat boekproduksie as institusie sentraal staan tot die sisteem. Boekproduksie as konsep omvat die uitgeeproses en die aggregaat van rolspelers (en die funksies wat hulle verrig) wat by die proses van uitgee betrokke is. Dié verskeie rolspelers word van mekaar onderskei op grond van hulle funksies en die posisie wat hulle inneem in terme van die verskeie verbande wat tussen die rolspelers bestaan. Die uitgeeproses behels die opeenvolgende (en soms parallelle) uitvoer van ’n aantal aksies (funksies) waardeur ’n teks en visuele materiaal tot stand kom en dit in ’n bemarkbare produk omskep word wat aan ’n verbruiker gelewer word. Suksesvolle uitvoering van die aksies sorg vir die dinamika van die sisteem en laat die proses voortgaan. Die verskeie rolspelers vorm deur hulle deelname aan die proses (die verrigting van elk se funksie) ’n geheel wat as ’n institusie beskou word. Daar bestaan dus ’n struktuur van onderlinge verhoudings en verbande. Die verskeie rolspelers neem nie slegs aan boekpoduksie deel nie, maar ook aan ander prosesse in ander institusies. Die rolspelers kan individue, organisasies, instansies of institusies op hulle eie (of saam met ander rolspelers) in ander prosesse (of sisteme) wees. Die rolspelers word as ’n geheel binne dié institusie beskou op grond van die struktuur waarbinne hulle voorgestel word en die verbande wat tussen hulle bestaan.

In die ponering van boekproduksie as institusie word aangesluit by die metodiek wat gebruik is in ’n navorsingsverslag oor die stand van die Suid-Afrikaanse uitgewerybedryf wat in opdrag van die destydse Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie (DACST) deur die taakspan van die Cultural Industries Growth Strategies (CIGS) opgestel is (CIGS, 1998 – sien 5.3). Die uitgewerybedryf word in dié verslag as ’n kulturele bedryf beskou en is geanaliseer in terme van die proses wat hom in dié bedryf afspeel. Dit is ’n proses waarvolgens die waarde van kultuurprodukte geskep word. Die proses bestaan uit onderskeibare stappe of fases waartydens waarde tydens elke fase toegevoeg word tot die produk deur die funksie(s) en aktiwiteit(e) wat in die betrokke fase uitgevoer word. Die proses word voorgestel volgens ’n waardekettingmodel waarvan die generiese variant aangepas word vir die spesifieke subsektor van die bedryf (die uitgee van boeke, koerante, tydskrifte of elektroniese publikasies) wat onder die soeklig kom (CIGS, 1998:9). Die

waardeketting bestaan uit ekonomiese aktiwiteite wat die generering, produksie, sirkulasie / verspreiding, aflewering, verbruik en terugvoer van inligtingsgebaseerde produkte fasiliteer (CIGS, 1998:12). Sien CIGS (1998:42) vir ’n diagrammatiese voorstelling van die boekuitgeewaardeketting en PICC (2004:35) vir ’n moderner weergawe van die waardeketting van die groter drukbedryfsektor. Die waardeketting-model is oorspronklik gekonseptualiseer deur Michael Porter in 1985, maar dit is daarna uitgebrei en aangepas en intussen toegepas op die analise van verskillende bedrywe waaronder ook die uitgewerybedryf. Dit word veral in die bestuurswetenskappe gebruik vir ’n analise van die verskillende aktiwiteite in ’n onderneming waardeur waarde en ’n kompeterende voordeel gegenereer word (Value Based Management, 2004).

Die CIGS-verslag (1998:9) dui aan dat die waarde van hierdie metodologie daarin lê dat die navorsingsfokus nie op geïsoleerde elemente (soos byvoorbeeld slegs die verkoop van boeke of die druk van boeke) val nie, maar op die geïntegreerde proses waarin afsonderlike elemente binne die groter geheel beskou word en die verbande tussen die elemente geanaliseer word. Die waardekettingmodel kan derhalwe as ’n polisisteem beskou word. Dit word aangewend om die ontwikkeling van die sektor waarop dit fokus, as geheel na te vors. Die dinamiek van die waardeketting word gedryf deur die toevoeging van waarde tydens elke skakel ten einde ’n idee of konsep in ’n manuskrip te ontwikkel, dit tot produk te omvorm wat in ’n mark se behoeftes sal voorsien, dit aan dié mark te versprei en af te lewer sodat dit verbruik kan word en terugvoering te gee (wat na aanleiding van die verbruik ontstaan en as impuls vir die generering van nuwe idees en konsepte dien). Die “ekonomiese aktiwiteite” wat hierdie proses vorm, is aktiwiteite wat sowel gerig is op kommersiële gewin (die uiteindelike verkoop van die boek en die maak van wins), as op aktiwiteite wat nie op wins gerig is nie (byvoorbeeld in die geval van uitgewerye wat net poog om gelyk te breek en hulle rol as nie-kommersiële skakel tussen ’n skrywer en sy publiek beskou) maar steeds ’n ekonomiese impak het (CIGS, 1998:13).

Evans & Seeber (2000:9-10) dui aan dat dit algemene gebruik geraak het om die interaksie tussen skrywers, bibliotekarisse, uitgewers, onderwysers, boekhandelaars en boekverbruikers as behorende tot ’n ketting voor te stel; en dat die analogie van ’n ketting nuttig is deurdat dit voorsiening maak vir kompleksiteit, die veelvuldige

funksies van boeke beklemtoon en die interafhanklikheid van die verskeie skakels in die ketting weerspieël. Hulle lewer egter ook kritiek op die voorstelling van die boeksektor in sy geheel deur ’n ketting:

> However, the analogy, while it acknowledges the central role of social dynamics, itself stops short of being a full description of the social forces at play in the production, dissemination and reception of books and the literary habits associated with books. An examination of the book chain as a model does not offer a perspective on how government should interact with the private sector over industry tariffs, for example [...] (Evans & Seeber, 2000:9-10).

Evans & Seeber verkies die konsep “boeksektor” bo “boekketting” en dui die definisie daarvan as volg aan: “This sector is conceived by rough analogy with orthodox industrial sectors, but is broader than these; it refers tot the activities of numerous stakeholders participating in the economic, social and the cultural activities defined by their industry”. Die navorser gaan akkoord met Evans & Seeber se kritiek op ’n beskouing van die uitgewerybedryf of boeksektor in sy geheel as bloot die boekuitgeewaardeketting en daarom word boekproduksie as institusie by die rekonstruksie van die uitgeesisteem binne die breër institusionele en maatskaplike konteks ingebed.

### 2.8.2 Boekproduksie ingebed binne die breër institusionele en maatskaplike konteks

Boekproduksie as institusie kan nie in isolasie staan nie, maar is verbind met ander institusies waarmee dit in interaksie is en waardeur dit beïnvloed word, soos die media-, kultuur-, literatuur-, onderwys- en biblioteeksubsisteme. Daarbenewens vorm boekproduksie ook deel van die breër maatskaplike konteks waarbinne dit funksioneer. Dié konteks kan beskou word as ’n abstrakte geheel van die totale samelewing waarbinne wyd uiteenlopende sisteme voorkom en wat deur oorkoepelende sisteme gereguleer word, soos die politieke, ekonomiese en tegnologiese sisteme van die samelewing.

Deur boekproduksie binne die breër maatskaplike konteks te posisioneer is dit moontlik om 'n geheelbeeld te kry van al die entiteite wat met mekaar verbind is en direk of indirek by die uitgee van boeke betrokke is. Hierdie beskouing bring die rekonstruksie van die uitgeesisteem in die kader van sisteemteorie. Omdat soveel kontekstuele entiteite betrek word en die uitgeesisteem nie begrens word deur definitiewe en permanente grense nie, word dit as polisisteem beskou en spesifiek as mega-polisisteem beskou omdat meer as een sisteem daarbinne onderskei word: boekproduksie as institusie vorm op sigself 'n polisisteem, net so vorm byvoorbeeld die onderwys- en kultuursubsisteme waarmee dit verbind is ook polisisteme op hulle eie wat op hulle beurt weer met breër kontekste soos die politiek, ekonomie of tegnologie verbind is en wat self ook polisisteme vorm.

Daar word gekies om nie slegs die institusie van boekproduksie op sigself as uitgeesisteem te beskou nie, maar ook die wyer konteks en ko-sisteme by die rekonstruksie van die uitgeesisteem in te sluit. Hierdeur word dit ook moontlik om die model van die uitgeesisteem bruikbaar te maak deur dit aan te pas en te omvorm vir spesifieke toepassings op verskillende soorte boekproduksie en verskillende periodes. Die invloed van verandering word in die model verreken en spesifieke verskuiwings wat in enige van die susbsisteme of kontekste plaasvind, kan aangedui word in terme van die invloed op en verband met die spesifieke soort boekproduksie. Die model kan gebruik word om veranderings oor langer periodes en historiese ontwikkeling te beskryf (dus 'n diachroniese snit van die uitgeesisteem) of om spesifieke veranderinge oor 'n korter of spesifieke historiese tydvak te kan beskryf ('n sinchroniese snit).

Sisteemteorie is in hierdie hoofstuk betrek vir die rekonstruksie van 'n generiese model van die uitgeesisteem. In die volgende hoofstuk word die generiese model aangepas, ingevul en toegepas om 'n diachroniese snit van die uitgeesisteem van Afrikaanse fiksie gedurende die periode 1990-2005 voor te stel. Die toegepaste model word dan gebruik vir 'n sisteembeskrywing van transformasieverskuiwings wat die uitgee van Afrikaanse fiksiepublikasies gedurende dié periode beïnvloed het. Die toegepaste model is eweneens op sisteemteorie gegrond. Die struktuur en inhoud van die generiese model van die uitgeesisteem word nie hier verder bespreek nie omdat dit grootskaalse herhaling tot gevolg sou hê. In die benutting van die toegepaste model vir die sisteembeskrywing van die uitgee van Afrikaanse fiksie word die struktuur,

inhoud, werking en die verbande tussen rolspelers en institusies en die funksies wat hulle verrig (wat eweneens op ’n generiese uitgeesisteem van toepassing gemaak kan word) duidelik aangedui. Daar sal nie in die verloop van die studie gepoog word om die model van die uitgeesisteem op teoretiese vlak te “bewys” nie omdat die bruikbaarheid daarvan vir die doel van hierdie ondersoek hipoteties aanvaar word. Die model is reeds deur die aanbieding van referate by beide plaaslike en internasionale kongresse en deur publikasie in ’n internasionale vaktydskrif getoets (Venter & Galloway, 2002; Galloway & Venter, 2004, 2005a en 2005b; Galloway, 2004b) waar dit as ’n bruikbare bydrae tot beide die teorie en praktyk beskou is. Soos aan die begin van die hoofstuk genoem, is die hooffokus van dié ondersoek nie teorievorming of ’n volledige sisteembeskrywing nie, maar ’n empiriese bydrae tot die kartering van die materiële produksie van Afrikaanse fiksie op kwalitatiewe en kwantitatiewe wyse. In hierdie opsig word aangesluit by die pleidooi wat Van Rees (1997:91-101) rig vir ’n empiriese benadering waar modelle nie getoets word na aanleiding van abstrakte konstruksies van verbande tussen entiteite in die betrokke model nie, maar na aanleiding van verbande wat na die oppervlak kom deur die insameling en verwerking van empiriese data. Die verband tussen die sisteembeskrywing en die bevindinge van die statisties-empiriese komponent van die ondersoek (sien Hoofstuk 6) word wel deurlopend eksemplaries geïllustreer en verder deur middel van kruisverwysings aangedui.